MOTH KONSTITUSIE
EN
ALGEMENE STAANDE ORDERS

Uitgereik deur
MOTH Algemene Hoofkwartier
Durban
2020

Die oorspronklike Engelse weergawe van hierdie Konstitusie en Algemene Staande Orders is goedgekeur deur MOTH Algemene Hoofkwartier en behoort saamgelees te word met hierdie reëlboek.

(The original English version of this Constitution and General Standing Orders was approved by MOTH GHQ and should be read in conjunction with this rule book)

Dit is die gees van samewerking wat belangrik is.

Daar was nog nooit 'n volmaakte grondwet nie, en daar kan nooit een wees nie. En geen nuwe wette wat opgestel word, sal daaraan voldoen nie. Die die beste wat ons as sterflinge kan doen, is om die reëls na te kom, om sodoende die eenvoudige waarheid te kan ontdek, sodat, dit in ware broederskap, die samewerkingsgees is wat sal seëvier.

MOTH "O"

NOVEMBER 2021 OPGEDATEERDE VERTALING

NOVEMBER 2021 UPDATED TRANSLATION

MEMORABLE ORDER OF TIN HATS

DEFINISIES

Indien sekere begrippe, soos omskryf in die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders, strydig of onversoenbaar met mekaar is, sal die volgende van krag wees:

1. **'N BEVELSEENHEID** beteken 'n Provinsiale Dugout wat onafhanklik buite die grense van Suid-Afrika opereer in terme van sy eie Konstitusie en Algemene Staande Orders waarvan 'n afskrif aan MOTH Algemene Hoofkwartier verskaf sal word, asook enige wysigings wat van tyd tot tyd daaraan gemaak mag word, moet aan MOTH Algemene Hoofkwartier bekend gemaak word.

2. **FRONTLINIE** beteken enige operasionele area of gebied.

3. **PRESTERENDE LID** verwys na 'n Moth wat sy ledegelde of enige ander gelde vir sy Shellhole en enige ander MOTH Eenheid van die Orde, op wie se naamlys sy naam verskyn, ten volle betaal het, of 'n Eenheid van die Orde wat alle nodige opgawes en naamlyste ingedien het en alle ledegelde aan die volgende senior Eenheid sowel as enige ander bedrae verskuldig, betaal het, en enige uitstaande opgawes aan enige MOTH Eenheid, ingedien het.

4. **MESCA** beteken MOTH Ex-Servicemen's Cottage Asssociation wat 'n Konstitusie het wat goedgekeur is deur die Departement van Sosiale Ontwikkeling met gevestigde takke in Provinsies.

5. **MOTH** beteken 'n afkorting van the "Memorable Order of Tin Hats" wat 'n vrywillige organisasie is met sy eie Konstitusie en Algemene Staande Orders en al die lede is gebonde aan 'n Lidmaatskaps-eed en Gedragskode.

6. **Moth** beteken 'n lid van die MOTH.

7. **MOTH WERKSAAMHEDE** beteken enige aktiwiteit wat goedgekeur is deur die Nasionale Dagbestuur en beheer word deur 'n Eenheid van die Orde met klem eerstens op bedrywighede tot voordeel van die Orde, of die MOTHWA en sy

lede en hulle afhanklikes, en tweedens tot voordeel van oudgediendes en hulle afhanklikes en wat nie in konflik is met Klousule 2.2 van die MOTH Konstitusie nie.

8. **EIENDOMSBESTUURSKOMITEE/PMC** beteken die Komitee wat alle MESCA en ander MOTH kothuise en alle MOTH eiendomme beheer en wat ‘n sub-komitee van die Volle Nasionale Dagbestuur is wat as sodanig ‘n Eenheid van die Orde is.

9. **PROVINSIALE DUGOUT** beteken ‘n Dugout wat verteenwoordigend van/en in beheer van ‘n MOTH Provinsie is.

10. **REKRUUT** beteken ‘n potensiële Moth.

11. **HANDELSEENHEID** beteken enige MOTH Klub, Moth Gedenksentrum of Kothuisskema. Ingeslote is enige ander MOTH gebou waarop ‘n verband of maandelikse vaste verpligtinge van meer as R2 000,00 is.

12. **EENHEID** beteken ‘n Shellhole, Behuisingskema, MOTH Klub, MOTH Gedenksentrum, Distrik Dugout, Provinsiale Dugout, Eiendomsbestuurskomitee en enige Tak van sodanige Komitee.

13. **OUDIT** beteken of

    13.1 ‘n Geregistreerde of afgetrede geoktrooieerde rekenmeester sal ‘n oudit taak van tyd tot tyd onderneem in ooreenstemming met heersende professionele standaarde sonder enige beperkings.

OF

    13.2 ‘n Geskikte persoon sal onbeperkte diskresie in die uitvoering van sy taak as ‘n ouditeur hê wanneer hy die finansiële state van Eenhede van die Orde ondersoek.

14. **‘n MOTH KOTHUISSKEMA** sluit enige Eenheid wat een of meer kothuise besit in.

    Waar ‘n Shellhole direk slegs een so ‘n kothuis administreer , en/of

akkomodasie eenheid, mag sodanige Shellhole of Eenheid op skriftelike versoek aan die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) vrystelling verleen word van sekere gespesifiseerde heffing/heffings en voorgeskrewe opgawes.

15. **BUITEPOS** beteken ‘n Eenheid wie se fisiese ligging in verhouding tot ander Eenhede in ‘n Provinsie afgeleë is. Die Volle Nasionale Dagbestuur sal bepaal watter Eenhede as Buiteposte oorweeg kan word.

16. **MASSAMEDIA** beteken enige vorme van kommunikasie, elektronies of andersins, wat die tegniese kapasiteit het om inligting aan miljoene mense oor ‘n relatiewe kort tydperk te verskaf.

17. **POPI.** “Beskerming van Persoonlike Inligting” (POPI) soos in die Wet van 2013 gedefiniëer.

18. **OPEREATEUR.** Die persoon wat die informasie op die MOTH Naamlys Databasis opdateer.

19. **INFORMASIEOFFISIER.** Die Moth wat op ‘n Nasionale vlak genomineer is om die nakoming van Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) te verseker.

VERTOLKING

In die vertolking van die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders:-

1. Sal manlik insluit en beskou word as vroulik en onsydige geslag.

2. Sal enkelvoud insluit en beskou word as meervoud.

MEMORABLE ORDER OF TIN HATS

KONSTITUSIE

INHOUDSOPGAWE

KLOUSULE		**BLADSY**
1.	Naam	5
2.	Doelstellings	5
3.	Magte en bevoegdhede van Eenhede	7
4.	Lidmaatskap	8
5.	Beheer	9
6.	Algemene Staande Orders	9
7.	Ontbinding	9
8.	Wysigings aan Grondwet	9
9.	Embleem	9
10.	Vlag/Seremoniële Vaandel	9
11.	MOTH saluut	10
12.	Optrede en drag	10
13.	Verbode aktiwiteite	10
14.	Goedkeuring van Eenheidsgrondswette	11

MEMORABLE ORDER OT TIH HATS

KONSTITUSIE

1. NAAM

Die naam van die Orde is die “Memorable Order of Tin Hats” en betrek slegs die broederskap wat in 1927 deur Charles Alfred Evenden, beter bekend as EVO of Moth “O”, gestig is.

2. DOELSTELLINGS

Die Orde is gegrond op eendrag en harmonie en funksioneer onafhanklik van ras, geloof en politiek op dieselfde wyse as met frontliniediens, maar met volle demokrasie.

2.1 Die Ideale is:-

2.1.1 T.K. (Troue Kameraadskap) deur die uitoefening van frontlinie kameraadskap in die siviele lewe.

2.1.2 O.H. (Onderlinge Hulp) deur erkenning van die persoonlike en kollektiewe verpligtinge om mekaar te help soos in frontliniediens.

2.1.3 O.N. (Opregte Nagedagtenis) deur die gesneuwelde te onthou as ‘n blywende kameraadskap en om hulle nagedagtenis te dien met praktiese dade wat bo die skeiding van sosiale status, ras of politiek uitstyg.

Hierdie ideale deurdring elke aspek van die bestaan van die MOTH, en al die aktiwiteite en doelstellings word binne die konteks van die genoemde ideale uitgevoer.

2.2 Die doel is om die belange van die oudstryders en hulle naasbestaandes te beskerm en te bevorder deur kenmerkende liefdadigheidsaktiwiteite van ‘n oud-diensplig karakter.

2.3 Die hoof doelstellings van die Orde is:

2.3.1 Die versorging en berading van arm en behoeftige persone, waar meer as 90 persent van die persone aan aan wie die sorg of berading verskaf word, ouer as 60 is, in ooreenstemming met Paragraaf 1(b) van Deel 1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet.

2.3.2 Die voorsiening van armoedeverligting in ooreenstemming met Paragraaf 1(f) van Deel1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet.

2.3.3 Die voorsiening van behuisingsorg aan afgetrede persone, waar:

2.3.3.1 meer as 90 persent van die persone aan wie die sorg verskaf word oor die ouderdom van 60 is en verplegingsdiens wat aktief deur daardie organisasie verskaf word wat sulke wat aktiwiteite beoefen; en

2.3.3.2 behuisingsorg vir afgetrede persone wat arm en behoeftig is wat aktief deur daardie organisasie verskaf word sonder volle verhaling van koste, in ooreenstemming met Paragraaf 3(c) van Deel 1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingwet.

2.3.4 Die voorsiening van fondse, bates, dienste en ander hulpbronne by wyse van donasies aan enige

2.3.4.1 goedgekeurde openbare voordele organisasie in terme van Seksie 30;

2.3.4.2 instelling, raad of liggaam beoog in Seksie 10(1)(cA)(i) wat een of meer openbare voordele aktiwiteit uitvoer in hierdie deel (behalwe as in hierdie paragraaf), of

2.3.4.3 vereniging of persone wat een of meer voordele aktiwiteit uitvoer in hierdie deel (behalwe as in hierdie paragraaf) in die Republiek in ooreenstemming met Paragraaf 10(a)(f) tot (iii) van Deel1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet.

2.3.5 Die voorsiening of ondersteuning van dienste aan, of die bevordering van gemeenskaplike belange van voordele organisasies oorweeg in Seksie 30 van die Inkomstebelastingswet, of instellings, rade en liggame oorweeg in Seksie 10(cA)(i) van die inkomste belastingswet wat een of meer voordele aktiwiteite bedryf oorweeg in Deel1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet, in ooreenstemming met Paragraaf 11(a) van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet.

2.3.6 Die bevordering, vestiging, beskerming en bewaring of instandhouding van gebiede, invordering of geboue van historiese of kulturele belang, nasionale monumente, nasionale erfenis terreine, ingeslote kunsgallerye, argiewe en biblioteke, in ooreenstemming met Paragraaf 6(b) van Deel 1 van Skedule 9 van die Inkomstebelastingswet.

2.4 Die aktieiteite en hulpbronne van die Orde sal uitsluitlik gebruik word in die bevordering van die voorafgenoemde doelstellings.

3. MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN EENHEDE

3.1 Alle Eenhede van die Orde,onderhewig aan voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Provinsiale Dugout en die Volle Nasionale Dagbestuur, het die reg om:

3.3.1 Onroerende eiendomte koop, te ontvang by wyse van donasie of andersins bekom, byvoeg, verander, onderhou, restoureer , op te knap en met ‘n verband

daarop te beswaar, onderworpe daaraan dat, in die geval van Eenhede wat onder die jurisdiksie van ‘n Provinsiale Dugout val, die goedkeuring van sodanige Provinsiale Dugout verkry wat op sy beurt die MOTH Algemene Hoofkwartier daarvan in kennis sal stel ALTYD OP VOORWAARDE dat die titelaktes van die onroerende eiendom, onder andere, ‘n klousule sal bevat wat bepaal dat die eiendom of ‘n gedeelte daarvan, wat deur die titelaktes gedek word, nie sonder die skriftelike vooraf goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur, verkoop of andersins vervreem mag word nie. (Moet gelees word tesame met Klousule 12, Roerende en Onroerende Bates, en Sub-klousules waar van toepassing en Aanhangsel “H” in die MOTH Algemene Staande Orders).

3.1.2 Verkoop, skenk of andersins vervreem van onroerende eiendom onderworpe aan die goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur wat deur die voorgeskrewe kommunikasiekanale verkry sal word. In die geval van die verkoping van ‘n onroerende eiendom sal netto opbrengste daarvan onderworpe wees aan Klousule 12. van die MOTH Algemene Staande Orders.

3.1.3 Teen sekuriteit van onroerende eiendom verbande aan te gaan en/of om notariële verbande daaroor aan te gaan.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Die orde is ‘n onafhanklike broederskap van oudstryders, mans en vrouens sowel as dienende mans en vrouens, waarvan die lidmaatskap beperk is tot diegene wat hulle land aktief in die veiligheidsmagte in die operasionele teater dien.

4.2 MOTH Algemene Hoofkwartier kan na goeddunke affiliasie by die Orde aanvaar van MOTH Eenhede in ander state of lande gevestig en die Memorable Order of Tin Hats Woman’s

Auxilliary/MOTHWA.

5. BEHEER

Die beheer en welsyn van die Orde is gevestig in ‘n bestuursliggaam wat bekend sal wees as MOTH Algemene Hoofkwartier, wat altyd in Durban gevestig sal wees. Die samestelling van, en die verkiesing van die MOTH Algemene Hoofkwartier sal soos in die Algemene Staande Orders gedefiniëer, wees.

6. ALGEMENE STAANDE ORDERS

Die beheer en bestuur van die Orde sal geadministreer en bedryf word onder die gesag van sulke Algemene Staande Orders soos deur MOTH Algemene Hoofkwartier van tyd tot tyd voorgeskryf.

7. ONTBINDING

Indien die Orde ontbind of gelikwideer word, moet die prosedure wat gevolg word, wees soos voorgeskryf in die Algemene Staande Orders, Klousule 16.8.

8. WYSIGINGS AAN DIE KONSTITUSIE

Geen klousule of deel van hierdie Konstitusie mag gewysig, uitgebrei of herroep word, behalwe deur ‘n twee-derde meederheid van die MOTH AHK. Enige wysiging aan hierdie Konstitusie moet voorgelê word aan Kommissaris van Binnelandse Inkomste in terme van Seksie 30(b)(3)(vi) van die Inkomstebelastingswet.

9. EMBLEEM

Die embleem van die Orde is ‘n staalhelm met ‘n brandende kers daarop, geflankeer deur gekruisde omgekeerde gewere, omring deur twaalf sterre. Lede van die Orde moet ten alle tye ‘n staalhelm soos goedgekeur deur MOTH Algemene Hoofkwartier, dra.

10. VLAG/SEREMONIËLE VAANDEL

10.1 Die vlag van die Orde is saamgestel deur drie gelyke

vertikale panele van donkerblou, rooi en lugblou wat die drie (nou vier) Dienste van die Leër verteenwoordig waaruit die Orde ontstaan het met die Staalhelm en die Kers in die middel.

10.2 Die Seremoniële vaandel van die Orde is 1150mm x 920 mm en bestaan uit drie gelyke vertikale panele, waarvan die kleure so na as moontlik aan die van die 1939 – 1945 Ster, d.i. donkerblou, rooi en lugblou moet wees, met die amptelike MOTH embleem van gekruisde omgekeerde gewere en staalhelm, omring deur twaalf sterre in goud op ‘n swart agtergrond, omring deur louriertakke in goud gewerk in die middel van die vaandel. Die seremoniële vaandel sal in goud omrand wees.

10.3 Die vlag en die seremoniële vaandel sal slegs voorsien word en beskikbaar wees vanaf MOTH Algemene Hoofkwartier.

11. MOTH SALUUT

Die saluut van die Orde is die posisie ”rus op omgekeerde geweer” en word by alle MOTH verrigtinge gebruik.

12. GEDRAG EN DRAG

Alle Moths se drag en gedrag sal ooreenkomstig die voorgeskrewe Provinsiale Algemene Staande Orders wees.

13. VERBODE AKTIWITEITE

Die Orde sal, ingevolge Seksie 30(3) van die Inkomste Belastingswet:

13.1 Verbied word om enige van sy fondse direk of indirek aan enige persoon te uit te deel (anders as in die loop van die uitvoering van enige openbare weldaadsaktiwiteit) en word verplig om sy fondse slegs te gebruik vir die doel waarvoor dit bepaal is.

13.2 Verbied word om enige skenkings te aanvaar wat herroep

kan word in die geval van die skenker vir redes ander as ’n materiële versuim om te voldoen aan die aangewese

doeleindes en voorwaardes van so ‘n skenking, ingeslote enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingsaftrekking daarvan in terme van Seksie 18A van die Inkomste Belastingswet; gegewe dat die skenker (anders as ‘n skenker wat ‘n goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie of ‘n instellingsraad of liggaam is wat vrygestel is van belasting in terme van Seksie 10(1)(cA)(i) van die Inkomste Belastingswet, wat sy enigste en hoofdoel het om enige openbare weldaads-aktiwiteit te bedryf) mag nie voorwaardes stel wat so ‘n skenker of enige betrokke persoon in verhouding met so ‘n skenker toelaat om ‘n mate van direkte of indirekte voordeel in die aanwending van so ‘n donasie, te verkry nie.

10.3 Enige vergoeding, soos omskryf in Skedule Vier van die Inkomste Belastingswet, aan enige werknemer, ampsdraer, lid of ander persoon betaal wat buitensporig/oormatig is, met inagneming van wat in hierdie sektor in die algemeen as redelik beskou word, en dit niemand sal bevoordeel word op ‘n wyse wat nie ooreenstem met sy doelstellings nie.

14. GOEDKEURING VAN EENHEDE SE KONSTITUSIES

Die Algemene Hoofkwartier sal die bevoegdheid hê om individuele Konstitusies vir die onderskeie Eenhede van die Orde asook om enige wysigings aan sodanige Gronwette, goed te keur.

MEMORABLE ORDER OF TIN HATS

MOTH ALGEMENE STAANDE ORDERS

INHOUD

KLOUSULE		**BL**
1.	LIDMAATSKAP	21
1.1	KWALIFIKASIES	21
1.2	VOORWAARDES	21
1.2.1	Presterende lid	21
1.2.2	Besitreg	21
1.2.3	Dubbele lidmaatskap	21
1.2.4	Reg van toetrede	21
1.2.5	Lede bekend as Moths	22
1.2.6	Hertoelating tot lidmaatskap	22
1.2.7	Ere-lidmaatskap	22
1.2.8	Lewenslidmaatskap	23
1.2.9	Nuwe lede	23
1.2.10	Oorplasings	23
1.2.11	Bevelseenhede	24
1.3	TOELATING VAN NUWE LEDE	24
1.3.1	Aansoekvorm	24
1.3.2	Voorstellers	24
1.3.3	Items wat uitgereik moet word	25
1.4	UITSETTING EN SKORSING	25
1.4.1	Verbreking van reëls	25
1.4.2	Magte van uitsetting of skorsing en appélregte	25
1.4.3	Samesmelting van Provinsiale Dugouts	31
2.	STIGTING EN ADMINISTRASIE VAN EENHEDE	31
2.1	OORKONDES	31

2.1.1 Magtiging 31
2.1.2 Onttrekking 31

2.2 DAGBESTUURSLEDE 32

2.2.1 Definisie 32
2.2.2 Diskwalifikasie 32
2.2.3 Besoldigde lede 33
2.2.4 Kwalifikasies vir Old Bill 33
2.2.5 Botsings van belange 34
2.2.6 Botsings van belange – Dagbestuurslede 34
2.2 7 Komiteelede 35

2.3 EENHEDE 36

2.3.1 Shellholes 36
2.3.2 Distrik Dugouts 39
2.3.3 Provinsiale Dugouts 42

2.4 NASIONALE DAGBESTUUR 47

2.4.1 Definisie 47
2.4.2 Verkiesing 49
2.4.3 Vergaderings 51
2.4.4 Kworum 52
2.4.5 Magte en bevoegdhede 52

2.5 MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER 52

2.5.1 Definisie 52
2.5.2 Vergaderings 53
2.5.3 Kworum 53
2.5.4 Magte en bevoegdhede 53
2.5.5 Stemreg 55
2.5.6 Besoekers 55
2.5.7 Algemene Jaarvergadering 55
2.5.8 Finansiële state 55

2.6 ANDER EENHEDE 56

2.6.1 Shellholes en Kothuisskemas 56

2.6.2 Handeldrywende Eenhede 56
2.6.3 Naambeperkings 57

2.7 KOMMUNIKASIE LYNE 57

2.8 KOMMUNIKASIE TUSSEN BETAAL BILLS EN TESOURIER 57

2.9 KOMMUNIKASIE TUSSEN ADJUDANTE 58

3. SLUITING OF SAMESMELTING VAN EENHEDE 58

3.1 EENHEDE WAT ONTBIND 58

3.1.1 Onder minimum aantal lede 58
3.1.2 Vrywillige ontbinding 58
3.1.3 Beslissing deur Nasionale Dagbestuur 58
3.1.4 Samesmelting van Shellholes 59
3.1.5 Samesmelting van Provinsiale Dugouts 59

3.2 BATES VAN ONTBINDE EENHEDE 60

3.3 BEWARING VAN DOKUMENTE 60

3.3.1 Notules van Eenheidsvergaderings en naamlyste 60
3.3.2 Korrespondensie en finansiële state 60

4. VERTEENWOORDIGING VAN DIE ORDE 61

4.1 POLITIEK 61

4.2 PLAASLIKE EN ANDER OWERHEDE 61

4.2.1 Op Distrik Dugout vlak 61
4.2.2 Op Provinsiale Dugout vlak 61
4.2.3 Op Nasionale Dagbestuur vlak 61
4.2.4 Op Shellhole vlak alleenlik 62

5. NOTULES VAN VERGADERINGS 62

6. MOTH ALGEMENE KONFERENSIE 62

6.1 WANNEER BELÊ 62

6.2 VERTEENWOORDIGING EN STEMREG 62

6.3 NIE-PRESTERENDE PROVINSIALE DUGOUTS 63

6.4 VERTEENWOORDIGING VAN VOLLE NASIONALE DAGBESTUUR EN STEMREG 63

6.5 STEMPROSEDURE 63

6.6 VOORSITTER EN STEMREGTE 63

6.7 UITGAWES 63

6.8 VERANTWOORDELIKHEDE VAN GASHEER PROVINSIE 64

7. REG TOT APPÉL 64

8. KENTEKENS EN EMBLEME 64

8.1 HANDERDRYF EN KOPIEREG 64

8.2 LIDMAATSKAPSKENTEKEN 64

8.3 AMPSKENTEKENS 64

8.3.1 Goue kentekens 65
8.3.2 Silwer kentekens 65
8.3.3 Edelmetaal kentekens 65

9. MOTH ERETOEKENNINGS 65

9.1 SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTE 65

9.2 SERTIFIKAAT VAN VOORTREFLIKE DIENS 66

9.3 SERTIFIKAAT VAN KAMERAADSKAP 67

9.4 SERTIFIKAAT VAN GOEIE KAMERAADSKAP 67

9.5 OLD BILL VAN DIE ORDE 67

9.6 MOTH DIENSDASSE, KENTEKENS EN KENTEKENS VIR MOTH SERTIFIKATE 68

10. NAAMLYSTE, LEDEGELDE, HEFFINGS EN LIDMAATSKAPSKAARTE 69

10.1 NAAMLYSTE 69

10.2 HEFFINGS 69

10.3 LIDMAATSKAPSKAARTE 69

10.4 VERSUIM OM NAAMLYSTE IN TE DIEN 70

10.5 LEDEGELDE 70

10.6 SKRAP VAN NAME 70

10.7 BUITEPOS RAPPORTERINGSVOORSKRIFTE 70

11. FINANSIES 71

11.1 BEHEER EN BELEGGING 71

11.1.1 Beheer 72
11.1.2 Beleggings deur MOTH Algemene Hoofkwartier 72
11.1.3 Beleggings deur Eenhede 73
11.1.4 Aangaan van lenings 73

11.2 EENHEIDSVERREKENING 74

11.2.1 Beheer en belegging van fondse 74
11.2.2 Finansiële opgawes 75
11.2.3 Inkomste en uitgawe rekenings 76

11.3 FINANSIËLE STATE 76

11.3.1 Dagbestuur se goedkeuring 76
11.3.2 Voorlegging aan lede 76

11.3.3 Verantwoordelikhede van uitgaande Dagbestuur 76
11.3.4 Voorlegging aan volgende senior Eenheid 77
11.3.5 Oorhandigingsdokumente 78

11.4 VOORLEGGING DEUR PROVINSIALE DUGOUTS 78

11.5 GEKONSOLIDEERDE PROVINSIALE FINANSIËLE STATE 78

11.5.1 Verlies van stemregte 79
11.5.2 Gekonsolideerde Provinsiale finansiële state 79

11.6 ONREËLMATIGHEDE IN FINANSIËLE BEHEER 79

11.6.1 Riglyne 79
11.6.2 Dissiplinêre maatreëls 80

11.7 BEHEER VAN FONDSE DEUR EENHEDE 80

11.7.1 Terughouding van fondse 80
11.7.2 Beperking op openbare fondsinsameling 80
11.7.3 Toestemming tot fondsinsameling 80
11.7.4 Finansiële hulp van ander Eenhede 81
11.7.5 Onbestede ingesamelde fondse 81
11.7.6 Verandering van finansiële jaar 81
11.7.7 Donasie onder Onderlinge Hulp 82

11.8 OUDIT VAN REKENINGS 82

11.8.1 Aanstelling van ouditeur 82
11.8.2 Versuim om finansiële state voor te lê 82

11.9 FINANSIËLE REKORDS EN BETALINGS 83

12. ROERENDE EN ONROERENDE EIENDOM 83

12..1 BEHEER VAN SPESIFIEKE FONDSE EN VASTE EIENDOM 83

12.2 VERKRYGING VAN ONROERENDE EIENDOM 84

12.2.1 Formele besluit 84
12.2.2 Ontwikkeling van vaste eiendom 84
12.2.3 Versekering van geboue 85
12.2.4 Eenhede wat vaste eiendom besit 85
12.2.5 Beweegbare militêre wapentuig 86

12.3 OPBRENGSTE UIT DIE VERKOOP VAN BATES 86

12.3.1 Eenhede van die Orde 87
12.3.2 MESCA Eenhede 88

12.4 ONTEIENING VAN ONROERENDE EIENDOM 89

12.5 BEPERKINGS OP ONTSLAE RAKING VAN BATES 89

12.6 SKIKKING VAN GESKILLE 90

12.7 VERHUUREIENDOMME 91

12.8 VERVREEMDING VAN MOTH EIENDOMME 90

13 PUBLISITEIT 91

13.1 PERSVERKLARINGS 91

13.2 MEDIA SKAKELING 91

13.3 UITBUITING DEUR ‘N LID 91

13.4 REKLAME 91

14. WYSIGINGS AAN DIE ALGEMENE STAANDE ORDERS 92

15. ANDER ORGANISASIES 92

15.1 BEPERKINGS 92

15.2 AANSTELLING VAN AFGEVAARDIGDES 92

16. ONTBINDING VAN DIE ORDE 92

16.1 RAAD VAN LIKWIDATEURS 93

16.2 UITSOEK EN BEHOU VAN BATES 93

16.3 OPDRAGTE VIR DIE SLUITING VAN EENHEDE 93

16.4 OORDRAG VAN FONDSE 93

16.5 VERSORGING VAN BATES 94

16.6 BEWARING VAN GEDENKWAARDIGHEDE 94

16.7 NOTARIËLE TRUSTAKTE 94

16.8 BESLUIT VIR ONTBINDING 95

BYLAES TOT DIE ALGEMENE STAANDE ORDERS 95

1. BASIESE RITUEEL VAN DIE STIGTER
AANHANGSEL “A” 96

Opening van Shellhole vergaderings 96

Inlywing van rekrute 96

Sluiting van Shellhole vergaderings 97

Inlywing van Dagbesture 98

Skemerparades 98

MOTH Gedenkdag 99

2. KWALIFIKASIES VIR LIDMAATSKAP
AANHANGSEL “B” & “B1” 100

3. MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER SPESIALE FONDS REËLS
AANHANGSEL “C1” 105

4. MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER MESCA SPESIALE FONDS
AANHANGSEL “C2” 109

5. DIE MOTH EMBLEEM
AANHANGSEL “D” 112

6. AANSTELLING VAN ADMINISTRATEURS 115

7. SPESIALE REGULASIES VIR ‘N EENHEID 116

8. MOTH KOTHUISE EN EIENDOM
AANHANGSEL “H”
PMC REËLS 117

9. ONREËLMATIGHEDE BINNE ‘N EENHEID VAN DIE ORDE
AANHANGSEL “I” 121

10. DISSIPLINÊRE PROSEDURES
AANHANGSEL “J” 125

11. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INFORMASIE
POPI: WET VAN 2013 (PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION)
AANHANGSEL “K” 133

MOMORABLE ORDER OF TIN HATS

KONSTITUSIE

Die volgende MOTH Algemene Staande Orders sal bindend wees op alle MOTH Eenhede en sal nagekom word.

1. LIDMAATSKAP

1.1 Kwalifikasies

Lidmaaskap is beperk tot diegene wat streng volgens Klousule 4.1 van die Konstitusie kwalifiseer en daaraan voldoen. Kwalifikasie vir lidmaatskap is soos gedefiniëer in hierdie Algemene Staande Orders en geen geassosiëerde lidmaatskap van die Orde word toegelaat nie.

1.2 VOORWAARDES

1.2.1 PRESTERENDE LID

Niemand mag, of voortgaan, om ‘n lid van die Orde of enige Eenheid daarvan te wees tensy hy/sy ‘n presterende lid is nie.

1.2.2 BESITREG

Lidmaatskap van die Orde van enige Shellhole sal nie aan ‘n lid enige besitreg van bates van Die Orde of ‘n Eenheid daarvan verleen nie.

1.2.3 DUBBELLE LIDMAATSKAP

Ledegeld vir dubbelle lidmaatskap is nie meer van toepassing nie.

1.2.4 REG VAN TOETREDE

Daar is geen reg tot toetrede tot die MOTH al sou ‘n persoon bo alle twyfel kwalifiseer. Elke Shellhole het die reg om lidmaatskap aan ‘n applikant te weier

wie se lidmaatskap ongewens deur die meerderheid van sy lede begeer is.

1.2.5 LEDE BEKEND AS Moths

Lede van die Orde sal as Moths bekend staan en so aangespreek word by alle MOTH vergaderings en geleenthede.

1.2.6 HERTOELATING TOT LIDMAATSKAP

‘n Oudlid van die Orde wat tot ‘n Shellhole hertoegelaat wil word, moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi. In so ‘n geval sal geen finansiële verpligtinge vir vorige ledegeld van die oudlid gehef word nie.

Na die voltooiing van die voorgeskrewe aansoekvorm, moet ‘n afskrif van die vorige ingehandigde bedangkingsbrief aan die genoemde aansoekvorm om hertoelating aangeheg word en beide dokumente moet aangestuur word na die volgende senior Eenheid vir oorweging voor enige besluit tot hertoelating en inhuldiging van die voorgestelde rekruut.

Sien Paragraaf 1.3 Toelating Van Nuwe Lede, Klousule 1.3.1 van Agemene Staande Orders.
Na behoorlike oorweging van beide dokumente, na ‘n besluit om die aansoek van die rekruut te aanvaar of verwerp, sal normale prosedures gevolg word.

Enige oudlid wat uit die Orde gesit is, mag nie hertoegelaat word as ‘n lid van die Orde nie en mag nie enige vergadering of geleentheid onder die beskerming van die Orde bywoon nie.

1.2.7 ERELIDMAATSKAP

Alhoewel besoekers by enige Shellhole welkom is,

is daar geen erelede in die Orde nie en mag hierdie titel nie bebruik word nie.

1.2.8 LEWENSLIDMAATSKAP

Daar is geen lewenslidmaatskap van die Orde nie. Shellholes mag lewenslidmaatskap aan ‘n lid toeken. Sulke Shellholes is gebonde om nooit die lid se naam van die naamlys van die Shellhole te verwyder terwyl hy lewe nie, behalwe soos voorsiening gemaak is in Klousule 1.4, of onder die volgende omstandighede:

Op die lid se versoek, of sou die lid bedank, word sy lewenslidmaatskap herroep. Indien die lid ‘n oorplasing na ‘n ander Shellhole versoek, of indien die Shellhole sluit, of saamsmelt met ‘n ander Shellhole, dan is die lid se lewenslidmaatskap nie meer geldig nie en word hy ‘n gewone lid.

1.2.9 NUWE LEDE

Nuwe lede sluit verplaasde lede in en moet onmiddellik aan MOTH Hoofkwartier bekend gemaak word na registrasie ingevolge neergelegde kommunikasiekanale.

1.2.10 OORPLASINGS

Wanneer ‘n Moth van een Shellhole na ‘n ander binne die grense van Suid-Afrika oorgeplaas word, moet hy ‘n amptelike oorplasingsertifikaat of ‘n brief, goedgekeur deur die Shellhole se Dagbestuur indien, waarna sy oorplasing bekragtig mag word by ‘n algemene vergadering van sy nuwe Shellhole.

Die oorplasingsertifikaat/brief moet tot wanneer die Moth presterend is, bevestig. Oorplasingsertifikate is slegs geldig tot aan die einde van die huidige finansiële jaar. Sodra die Moth by die nuwe Shellhole aanvaar is, moet daardie nuwe Shellhole die nuwe lid se vorige Shellhole van sy aanvaarding binne 30 dae

verwittig.

'n Moth wat 'n verplasing aanvra van enige Eenheid van 'n Bevelseenheid sal onderworpe wees aan dieselfde prosedures as vir nuwe rekrute. Die name en adresse van die nuwe lede asook die ledegelde, waar van toepassing, asook daardie lede wat oorgeplaas is van een Shellhole na 'n ander, moet onmiddellik na aanvaarding aan MOTH Hoofkwartier bekend gemaak word ingevolge erkende kommunikasiekanale.

1.2.11 BEVELSEENHEDE

Lede van 'n Bevelseenheid het geen reg tot lidmaatskap van 'n MOTH Eenheid binne die grense van Suid-Afrika nie. Sodanige lede wat lidmaatskap van 'n Eehheid wil verkry, moet aan die vereistes vir geskiktheid voldoen ingevolge Klousule "B" van die Algemene Staande Orders.

1.3 TOELATING VAN NUWE LEDE

1.3.1 AANSOEKVORM

Aansoekers sal hulle volle name en identiteisnommers op die aansoekvorm, GHQ1, verskaf en moet voorgestel en gesekondeer word deur twee presterende lede van die Shellhole wat die geloofwaardigheid van die applikant sal bevestig.

Indien die Shellhole tevrede is dat aan al die vereistes voldoen is, moet die aansoekvorm vir bevestiging by Distrik Dugout ingedien word. Sodra die Distrik die vorm bekragtig het, sal die vorm terugbesorg word aan die Shellhole en die rekruut mag ingelyf word. Indien die Distrik enigsins onseker is, moet die aansoekvorm by Provinsie ingedien word.

1.3.2 VOORSTELLERS

Die voorstellers moet die applikante voorstel aan die vergadering en hulle name, eenhede en besonderhede van diens vermeld.

1.3.3 ITEMS WAT UITGEREIK WORD

Na betaling van die voorgeskrewe ledegelde soos voorgeskryf deur die Shellhole, sal elke rekruut uitgereik word met ‘n brons lapel staalhelm en ‘n lidmaatskapsertifikaat.

1.4 **UITSETTING EN SKORSING**

1.4.1 VERBREKING VAN REËLS

Enige Eenheid of lid van ‘n Eenheid wat enige reëls van die Orde opsetlik verbreek of verontagsaam, of wie se gedrag, volgens die mening van ‘n bevoegde Provinsiale Dugout se dagbestuur, of volgens die mening van die Nasionale Dagbestuur, skadelik is of bereken om skadelik te wees vir die belange of die karakter van die Orde, mag hy van die Orde geskors word, of sy lidmaatskap mag opgeskort word, of die Oorkonde van die Eenheid opgeskort word vir ‘n tydperk na goeddunke van die Provinsiale Dugout.

In die geval waar so ‘n Eenheid ‘n Provinsiale Dugout is, sal die Volle Nasionale Dagbestuur jurisdiksie hê om die bevoegdhede en pligte uit te oefen soos gedelegeer deur MOTH Algemene Hoofkwartier in Klousule 2.4.5 en Sub-Klousule 2.5.4.7.

1.4.2 MAGTE VAN UITSETTING OF SKORSING, APPÉLREGTE

1.4.2.1 Die mag van skorsing of uiteensetting sal uitgeoefen word deur ‘n Provinsiale Dugout wat jurisdiksie oor die betrokke lid of Eenheid het. ‘n Shellhole mag slegs skorsing of uiteensetting van ‘n lid deur die Distrik Dugout na die Provinsiale Dugout wat

jurisdiksie oor die lid het, aanbeveel en daardie Provinsiale Dugout sal die skorsing of uiteensetting van die betrokke lid bekragtig. Waar ‘n lid van die Nasionale Dagbestuur in enige wangedrag mag betrokke wees, word die Reëls van Aanhangsel “I” in aanmerking geneem.

Die Provinsiale Dugout sal die lid skriftelik per aangetekende pos of epos na sy laasbekende adres asook deur handafgelewerde brief teen handtekening (indien moontlik) verwittig van die stappe wat teen hom geneem word, en hom terselfdertyd verwittig van ‘n hangende didilpinêre verhoor wat hy uit eie keuse by die Provinsiale Dugout mag bywoon, indien hy die aantygings wat aanleiding tot die skorsing of die uitsetting gelei het, wil verdedig. Hy mag ‘n presterende Moth wat nie ‘n regspraktisyn is nie bring om hom te verteenwoordig of te verdedig.
NB: Die kennisgewing van skorsing of uitsetting moet deur ‘n klagstaat vergesel word wat die klagtes duidelik teen die lid of die Eenheid uiteensit.

Die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie oor die lid of die Eenheid het, sal skorsings- of uitsettingsprosedures teen ‘n lid of Eenheid uitoefen met of sonder aanbevelings van ‘n Distrik Dugout of van daardie lid se Shellhole. Dieselfde kennisgewingsprosedures sal skriftelik, soos uiteengesit, van krag wees.

Na die verhoorprosedure deur die Provinsiale Dugout sal die lid van die Dagbestuur van die betrokke Shellhole per brief verwittig word rakende die finale besluit van die Provinsiale Dugout teen die handtekening van die lid of Eenheid op ‘n afskrif van daardie brief.

Sou die lid of die Dagbestuur van die Shellhole nalaat om die verhoor by te woon, sal die Provinsiale Dugout die lid van die Dagbestuur van die betrokke Shellhole verwittig word rakende die dissiplinêre besluit. Die besluit sal skriftelik per aangetekende pos of epos na die laasbekende adres gestuur word, en indien moontlik, ook per handafgelewerde brief teen handtekening op ‘n duplikaat daarvan.

Enige appèl teen die beslissing van die Provinsiale Dugout moet binne 30 dae ingedien word deur die persoon of Eenheid wat deur ‘n Provinsiale Dugout na ‘n dissiplinêre verhoor gehou is, geskors of uitgesit is, vanaf die datum van so ‘n besluit. Sou ‘n verhoor nie plaasvind binne dertig dae vanaf datum van die skorsing/uitsetting nie, sal so ‘n besluit nietig word. Indien ‘n persoon of Eenheid besluit om te appèlleer teen die besluit van die Provinsiale Dugout, Moet so ‘n appèl ingedien word by die Nasionale Dagbestuur (gekopiëer ingevolge kommunikasielyne na die Provinsiale Dugout), binne 30 dae vanaf die besluit van die betrokke Provinsiale Dugout. So ‘n appèl moet die redes van sy/hulle duidelik aandui waarop dit gegrond is. Op ‘n tydige ingediende appèl, sal die besluit van die Nasionale Dagbestuur finaal wees.

LW: Die mag om skorsings op te hef, of uitsettings ter syde te stel, wat deur ‘n Provinsiale Dugout ingestel is, berus by die Volle Nasionale Dagbestuur, onderworpe aan appèlprosedures soos bo genoem, of deur die versoek en motivering van die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het.

Met die verstryking van ‘n periode van

skorsing, sal die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het, die Nasionale Dagbestuur verwittig van die beëindiging van die periode van skorsing, sodat ‘n brief van bevestiging vir die opheffing van die skorsing aan die lid/Eenheid gestuur kan word.

1.4.2.2 Die Volle Nasionale Dagbestuur soos gedelegeer deur MOTH Algemene Hoofkwartier, wat jurisdiksie het oor ‘n betrokke Provinsiale Dugout, sal die mag hê om sekere of al die lede van ‘n Provinsiale Dugout Dagbestuur uit te sit of te skors. So ‘n kennisgewing van uitsetting of skorsing sal bestel word per aangetekende pos of epos of per handafgelewerde brief teen handtekening as bewys van aflewering.

Waar ‘n Provinsiale Dugout, of sekere of, al die lede van ‘n Provinsiale Dagbestuur, uitgesit of geskors is deur die Nasionale Dagbestuur, mag hulle teen die besluit geskrewe appèl indien ingevolge normale kommunikasielyne by MOTH Nasionale Dagbestuur binne 30 dae vanaf die ontvangs van die Volle Nasionale Dagbestuur se besluit, en redes verskaf vir so ‘n appèl. Die besluit van ‘n saamgestelde appèlraad deur MOTH Algemene Hoofkwartier op ‘n betydse ingediende appèl, sal finaal wees.

Met die uitsetting van enige persoon of persone, sal die name en identiteitsnommers van so ‘n persoon of persone ingesluit word in ‘n omsendbrief of omsendbriewe wat die uitsettings aankondig.

Gedurende die periode van uitsetting of skorsing van ‘n Provinsiale Dugout, of lede van die Dagbestuur, sal enige noodsaaklike

pligte en verantwoordelikhede onder die jurisdiksie van die Volle Nasionale Dagbestuur of die Nasionale Dagbestuur Administratiewe Komitee of hulle aangestelde verteenwoordigers, val.

1.4.2.3 Enige lid wat geskors is, mag nie bedank van beide amp of ampte wat hy/sy beklee, of van die MOTH totdat die skorsing opgehef is, of ‘n dissiplinêre verhoor plaasgevind het, en/of ‘n besluit geneem is ten opsigte van die rede waarom die skorsing ingestel is.

1.4.2.4 In die gaval waar ‘n Shellhole of Distrik geskors is, mag die lede wat senior ampte in die Orde buite die geskorste Eenheid beklee, met die uitvoering van hulle take voortgaan, mits dit nie inmeng met die verloop van die ondersoek van die geskorste Eenhede en dat die oorsake van die skorsing nie te wyte was aan hulle eie oortredings.

1.4.2.4.1 ADMINISTRATIEWE BEVEL

‘n Eenheid mag onder <u>administrasie</u> van ‘n Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het, geplaas word. Die besluit word toegepas na aanleiding van ‘n versoek deur ‘n volgende senior Eenheid (Distrik Dugout of Provinsiale Dugout waar geen Distrikstrukture bestaan nie), vir ‘n tydperk van <u>administrasie</u> ingestel om sekere uitstaande vereistes soos per Algemene Staande Orders, Staande Operasionele Prosedures en Omsendbriewe bepaal, reg te stel.

“n Eenheid onder <u>administrasie</u>, is ***effektief nie-presterend*** vir die tydperk van <u>administrasie</u> en al die funksies van dié Eenheid sal op die Administrasie-Eenheid val, dus die volgende senior Eenheid soos

aangedui deur die Provinsiale Dugout.Terwyl die eenheid onder administrasie is, mag die lede daarvan nie bedank totdat al die uitstaande sake beredder is nie.Sodra ‘n eenheid onder administrasie geplaas is, moet die Eenheid skriftelik, per epos, koerier en/of handafgelewer, in kennis gestel word. Redes moet verskaf word waarom die eenheid onder administrasie geplaas is. Oorweeg dit om die Dagbestuur en al die lede van die Eenheid aan te beveel om hulle te weerhou om onnodige gerugte te versprei en om inmenging van buite van ander Moths of Eenhede te verhoed.
So ‘n administrasie sal van krag bly totdat die Eenheid (of Administrasie-Eenheid) betrokke voldoen het aan al die vereistes in terme van die behoorlike indiening van naamlyste, finansiële opgawes en ander vereistes uitstaande mag wees ingevolge Algemene Staande Orders. MOTH Algemene Hoofkwartier moet onmiddellik verwittig word sodra ‘n Eenheid onder administrasie geplaas is.
Die Dagbestuur, (of Moths aangestel deur Provinsiale Dugout), van die Eenheid onder administrasie, moet ‘n vorderingsverslag op ‘n gereelde grondslag, binne 30 dae, na die Provinsiale Dugout stuur totdat uitstaande sake afgehandel is.

Sodra alle uitstaande sake bevredigend nagekom is, mag die Provinsiale Dugout die administrasie beëindig. die Eenheid moet skriftelik verwittig word dat dit nou weer presterend is. Die MOTH Kantoor moet dienooreenkomstig verwittig word.

Indien alle pogings om uitstaande sake in ‘n kort periode van ongeveer 10 weke reg te stel onsuksesvol was, moet die Provinsiale

Dugout wat jurisdiksie het, dit oorweeg om formele skorsingsprosedures en/of dissiplinêre stappe toe te pas soos uiteengesit in die Algemene Staande Orders en Staande Operasionele Prosedures.
In sovêrre dit Kothuiseenhede, MESCA, en/of MOTH betref, mag die PMC Voorsitter as gevolg van ernstige Administratiewe probleme, besluit om sulke Eenhede onder administrasie te plaas vir langer tydperke totdat alle probleme beredder is.

1.4.3 SAMESMELTING VAN PROVINSIALE DUGOUTS

Indien ‘n Eenheid opdrag gegee word om saamgevoeg te word met ‘n ander Eenheid, mag so ‘n Eenheid teen die opdrag appélleer deur die besonderhede te verskaf van van sy beswaar binne 30 dae van ontvangs van die opdrag. Die besluit van die Volle Nasionale Dagbestuur op ‘n betydse ingehandigde appél, of in die afwesigheid van ‘n appél, sal finaal wees.

2. STIGTING EN ADMINISTRASIE VAN EENHEDE

2.1 OORKONDES

2.1.1 MAGTIGING

Geen Eenheid van die Orde sal funksioneer sonder ‘n Oorkonde wat deur MOTH Algemene Hoofkwartier uitgereik en deur Provinsiale Dugout aangestuur is.

2.1.2 TERUGTREKKING

In die geval waar ‘n Oorkonde aan iemand anders as Provinsiale Dugouts, Distrik Dugouts of Shellholes uitgereik is, mag so ‘n Oorkonde enige tyd deur MOTH Hoofkwartier teruggetrek word, in die geval waar hy na goeddunke tevrede is dat so ‘n

terugtrekking in die belang van die Orde is.

2.2 DAGBESTUURSLEDE

2.2.1 DEFINISIE

Die Dagbestuurslede van alle Provinsiale Dugouts, Distrik Dugouts en Shellholes is:

2.2.1.1 Old Bill/Bevelvoerder
2.2.1.2 Adjunk Ou Bill/Bevelvoerder
2.2.1.3 Adjudant
2.2.1.4 Pay Bill/Betaalmeester

Alle Eenhede mag verdere lede aanstel om die Dagbestuur by te staan in die werk van die Orde. Eenhede mag spesiale sub-komitees aanstel bestaande uit lede met spesifieke bekwaamhede. Die onderskeie Old Bills en Pay Bills sal ex-officio lede van sodanige sub-komitees wees.

Eenhede mag nie-lede in die poste van Adjudant of Pay Bill/Betaalmeester gebruik om daardie werk te verrig en mag hulle daarvoor betaal by wyse van lopende uitgawes. Slegs Moths het stemreg en mag op die Dagbestuur dien.

Dagbestuurslede van enige Moth Eenheid mag nie op die Dagbestuur van enige Klub wat handeldryf op of van die Eenheid se eiendom, dien nie.

2.2.2 DISKWALIFIKASIE

‘n Dagbestuurslid van ‘n Eenheid moet ophou om sy amp te beklee:-

2.2.2.1 GEVANGENISSTRAF EN INSOLVENSIE

As hy tot ‘n tydperk gevangenisstraf gevonnis is, of swaksinnig geword het, insolvent verklaar is, boedel oorgee, betaling van skuld

opskort, of ‘n petisie indien vir die oorgawe van sy boedel. So ‘n Moth mag as lid van ‘n Dagbestuur verkies word (behalwe as Pay Bill) op voorwaarde dat bevredigende bewys gelewer word van sy rehabilitasie of ontslag van insolvensie.

2.2.2.2 ONTSLAG UIT ‘N AMP

‘n Lid van die Dagbestuur van ‘n Eenheid kan van sy amp ontslaan word deur ‘n twee-derde meerderheid stemming van lede teenwoordig by ‘n behoorlike gekonstitueerde vergadering.

2.2.2.3 MAGTE VAN ‘N PROVINSIALE DUGOUT

Niks in die voorafgaande sal die veronderstelling skep dat die magte van die Provinsiale Dugout op enige wyse verydel of verminder word om enige lid, wie ookal, binne sy jurisdiksie te skors of uit te sit, of van sy amp te ontslaan nie in terme van Klousule 1.4.1 en 1.4.2.

2.2.3 BESOLDIGDE LEDE

Besoldigde lede in enige Eenheid van die Orde sal nie in aanmerking kom as lid van die Dagbestuur nie en het ook geen stemreg oor enige saak rakende hulle pligte wat ontstaan gedurende die uitvoering daarvan nie. Besoldigde lede van ander nasionale veterane organisasies sal nie in aanmerking kom om verkiesbaar te wees vir Dagbestuur of Komiteelede in Eenhede van die Orde nie, of in enige projek wat deur ‘n Eenheid van die Orde onderneem word nie.

2.2.4 KWALIFIKASIES VIR Old BILL

‘n Provinsiale Old Bill of ‘n Distrik Old Bill mag

genomineer word vir die Volle Nasionale Dagbestuur en, indien hy verkies word, moet hy as Provinsiale Old Bill bedank.

‘n Bevels/Provinsiale Old Bill mag nie in nie in aanmerking kom om Old Bill van enige Distrik Dugout in daardie Bevel/Provinsie te wees nie. ‘n Distrik Old Bill mag nie in aanmerking kom om Old Bill van enige Shellhole in daardie Distrik te wees nie, met dien verstande dat hierdie reëling toegestaan mag word met die skritelike goedkeuring van die Provinsiale Dagbestuur.

Waar daar geen Distrik Dugout in die Provinsie of Provinsiale Dugout is nie, mag daardie Provinsiale Old Bill nie die amp as ‘n Shellhole Old Bill in daardie Provinsie gelyktydig beklee nie.

2.2.5 BOTSING VAN BELANGSTELLINGS

Sou daardie of enige lid wat ‘n belang het in enige saak wat ‘n onderwerp van bespreking by ‘n vergadering is, moet so ‘n belangstelling hoe ook al verwyderd, verklaar word en moet hy hom verder weerhou om deel te neem aan die debat om die die uitkoms van die debat te beïnvloed en hom verder ook te weerhou van deelname aan ‘n stemming indien daar een is.

2.2.6 BOTSING VAN BELANGE – DAGBESTUURSLEDE

Indie geval waar ‘n lid verkies is tot ‘n Dagbestuursamp moet dit by daardie vergadering genotuleer word dat so ‘n lid ‘n lid is van ander organisasies wat in die notules van daardie vergadering gespesifiseer moet word.

2.2.7 KOMITEELEDE

Die volgende ampte mag elke MOTH jaar toegeken word tesame met die verkiesing van Dagbestuursampte en moet geïnstalleer word op die normale MOTH wyse:

Opleidingsoffisier (Hierdie amp behoort deur die mees onlangse voormalige Old Bill, of as die offisier nie beskikbaar is, deur ‘n voormalige Old Bill, of in erge situasie, deur ‘n voormalige Dagbestuurslid, gevul te word. Die amp is om te verseker dat die Konstitusie, Algemene Staande Orders, Staande Operasionele Prosedures, Eenheid Staande Orders en ander MOTH opleidingsmateriaal word aan daardie Dagbestuurslede en ander geïnteresseerde lede oorgedra en is ‘n amp vereis op alle vlakke).

Sersantmajoor (Die amp is om te verseker dat dissipline binne die Eenhede in so verre gedrag, drag en die algemene organisasie gehandhaaf word in terme van die MOTH Konstitusie, Algemene Staande Orders en Staande Operasionele Prosedures en aanvaarde paradedissiplines en is ‘n vereiste amp op alle vlakke).

Voorsienings Bill / Kwartiermeester (Die amp is om te verseker dat voorrade van alle soorte soos benodig deur betrokke Eenhede en die lede, beskikbaar is en is ‘n vereiste amp op alle vlakke).

Werwingsoffisier (Die amp word gewoonllik toegewys aan die Adjunk Old Bill en is ‘n vereiste amp op alle vlakke).

Mediaoffisier Die amp is om, indien

moontlik, maandeliks verslae en foto's in te dien vir inlywing op die eenheid se webblad via die MOTH kantoor en is 'n vereiste amp op alle vlakke).

Welsynsoffisier / Siek Bill (Die amp is om in kontak te bly met Shellhole lede en verslag oor hulle welsyn by vergaderings te lewer).

Sport Bill / Ontspanning Bill / Projekorganiseerde of Fasiliteerder (Die amp is om te verseker dat die Shellhole'n aktiewe program van aktiwiteite het om lede en hulle gesinne te lok en saam te hou en kan aktiwiteite insluit soos veerpyltjies, byeenkomste, rolbal, gholf, verkopings, ens.).

Indien Eenhede addisionele komiteelede benodig om aan hulle spesifieke behoeftes te voldoen, kan die ampte gevul word soos bo genoem, of in terme van Paragraaf 2.2.1.

2.3 EENHEDE

2.3.1 SHELLHOLES

2.3.1.1 MINIMUM LIDMAATSKAP

Onderhewig aan voorafgaande goedkeuring van die Provinsiale Dugout is die minimum aantal gekwalifiseerde persone wat nodig is om 'n Shellhole te stig, 6 (ses).

2.3.1.2 NUWE SHELLHOLES

'n Aansoekvorm om 'n nuwe Shellhole te stig tesame met die voorgestelde naam, moet vir deurstuur ingedien word by die naaste Distrik Dugout of indien daar geen Distrik Dugout bestaan nie, by die Provinsiale Dugout, of indien daar geen Provinsiale Dugout bestaan

nie, direk na die Nasionale Dagbestuur vir goedkeuring. Die Distrik of Provinsiale Old Bill sal die nuwe Shellhole open, nuwe lede inlyf en die Dagbestuur inhuldig.

2.3.1.3 NAAMGEWING VAN SHELLHOLES

Om die duplisering van name te voorkom, moet die voorgestelde naam van ‘n Shellhole voorgelê word by MOTH Algemene Hoofkwartier deur die betrokke Provinsiale Dugout. Name van Shellholes moet verband hou met oorlogtydse kameraadskap. die gebruik van name van lewende persone moet vermy word. Die name van gestorwe persone mag alleenlik gebruik word met die skriftelike toestemming van die naasbestaandes.

2.3.1.4 DAGBESTUUR

Die beheer en administrasie van ‘n Shellhole is gesetel in sy Dagbestuur soos voorgeskryf in Klousule 2.2.1 van hierdie Algemene Staande Orders.

2.3.1.5 VERKIESING

Alle presterende lede van ‘n Shellhole het ‘n stemreg en is verkiesbaar as ampsdraers. ‘n Lid afwesig by ‘n vergadering mag nie genomineer word vir ‘n amp nie, tensy sy skriftelike toestemming voor die vergadering verkry is. Die verkiesing van die ampsdraers van ‘n Shellhole moet jaarliks, nie later as September nie, gehou word en hulle inhuldiging moet op die verkiesingsvergadering, of op die daaropvolgende vergadering geskied.

2.3.1.6 VAKATURES

In die geval van ‘n vakature in ‘n komitee, sal die Dagbestuur die reg hê om so ‘n vakature deur koöptering te vul, onderhewig aan bevestiging by die volgende algemene vergadering van die Shellhole.

2.3.1.7 AKTIWITEITE

Die aktiwiteite van alle Shellholes sal in volledige harmonie met die Orde se Ideale en doelstellings wees en in pas met die rekruut se verklaring in die Stigtersritueel (sien Bylae “A” van die Algemene Staande Orders).

2.3.1.8 VERGADERINGS

Shellholes sal eenkeer per maand vergader of op enige ander tyd of plek soos goedgekeur by ‘n algemene vergadering van die Shellhole. Alle maandelikse vergaderings sal beskou word as algemene vergaderings sowel as enige ander vergadering deur die Shellhole Dagbestuur byeengeroep op ten minste ses dae kennisgewing aan al die presterende lede. ‘n Spesiale algemene vergadering mag deur die Dagbestuur belê word op skriftelike versoek van ten minste vyftig persent van die presterende lede van die Shellhole, of die Dagbestuur mag op eie diskressie ‘n spesiale algemene vergadering belê om ‘n dringende saak te hanteer. Ten minste ses dae kennisgewing moet vir sodanige vergadering gegee word. Eenmaal ‘n jaar sal ‘n maandvergadering ‘n algemene jaarvergadering wees, tensy die Dagbestuur ‘n spesiale algemene vergadering in daardie maand in plek die algemene jaarvergadering belê. ‘n Kworum by ‘n algemene vergadering

sal bestaan uit nie minder nie as twintig persent van die presterende lede van die Shellhole. ‘n Kworum by ‘n komiteevergadering sal uit vier lede bestaan waarvan ten minste twee Dagbestuurslede is.

2.3.2 DISTRIK DUGOUTS

2.3.2.1 STIGTING

Distrik Dugouts mag gestig word waar vyf of meer Shellholes gemaklik deur ‘n Distrik Dugout geadministreer kan word, wat alleenlik gestig kan word met die goedkeuring van die betrokke Shellholes en hulle Provinsiale Dugout.

Distrikte met minder as vyf Shellholes mag nie voortgaan sonder die skriftelike toestemming van die Provinsiale Dugout nie, waarvoor goedkeuring jaarliks verleen moet word.

2.3.2.2 DAGBESTUUR

Die Dagbestuur van die Distrik sal verkies en ingehuldig word op ‘n algemene jaarvergadering.

‘n Shellhole Old Bill mag nie in aanmerking kom vir die amp van Old Bill in daardie Distrik nie, tensy so ‘n reëling goedgekeur is deur die Provinsiale Dagbestuur. Waar daar geen Distrik Dugout in die Provinsie van daardie Provinsiale Dugout bestaan nie, mag daardie Provinsiale Old Bill nie die amp van Shellhole Old Bill in daardie Provinsie gelykertyd beklee nie.

‘n Lid wat afwesig is tydens ‘n vergadering

waarop ampdraers verkies word, mag nie genomineer word vir so ‘n amp nie, tensy sy skriftelike aanvaarding voor die vergadering verkry is.

VAKATURES: Indien ‘n vakature op die Distrik Dugout Dagbestuur ontstaan, sal die Dagbestuur die reg hê om so ‘n vakature deur koöptering te vul onderhewig aan bevestiging by die volgende algemene vergadering van die Dugout.

2.3.2.3 SHELLHOLE VERTEENWOORDIGING

Elke Shellhole sal op ‘n Distrik Dugout vergadering deur die Old Bill / Bevelvoerder en een ander afgevaardigde verteenwoordig word. Die Old Bill mag ‘n afgevaardigde nimineer om hom by ‘n Distrik vergadering te verteenwoordig indien hy dit nie kan bywoon nie.

2.3.2.4 DISTRIK VERGADERINGS

Die algemene jaarvergadering:
Verkiesing van ampsdraers en inhuldiging moet jaarliks op of voor 30 September plaasvind. Die Distrik Dagbestuur sal vergaderings waar en wanneer na goeddunke hou. ‘n Kworum van drie Dugout Dagbestuurslede sal ‘n Dugout vergadering uitmaak. Die Dugout en al die Shellholes moet binne veertien dae na die inhuldiging van die Dagbestuur ‘n Dagbestuurs-vergadering hou om hulle te vergewis van die finansiële toestand van die Dugout, administratiewe reëlings, ingeslote naamlyste en ledegelde en om die handtekeninge van daardie lede van die Dagbestuur wat as ondertekenaars vir die Dugout aangestel is, te verkry.

2.3.2.5 STEMREG

Verteenwoordiging by ‘n MOTH Distrik Dugout vergadering mag ‘n maksimum van twee afgevaardigers van elke Shellhole wees wie se verteenwoordigers die stemregte van hulle onderskeie Shellholes gesamentlik op die volgende grondslag uitoefen:

Een stem per ses volle lede of deel daarvan soos weerspiëel op die huidige naamlyste (volle lede sluit nie dubbele lede in nie) waar stemme bereken sal word volgens:

Die totale aantal lede op die Shellhole se naamlys deur ses gedeel. Bv. Sou daar 38 lede op sy naamlys wees, sal daardie Shellhole 7 stemme hê. Geen Shellhole, ongeag die grootte daarvan , sal meer as 7 stemme hê nie. Die vier Dagbestuurslede van die Distrik Dugout sal elk een stem hê.

2.3.2.6 BEHEER

Die Distrik Dugout is onder die beheer van die Provinsiale Dugout onder wie se jurisdiksie dit werk, in sake rakende beleid en welsyn van die MOTH.

2.3.2.7 MAGTE

Die Distrik Dugout sal die mag hê:

Om die stigting, skorsing of ontbinding van enige Shellhole aan te beveel op ‘n versoek of besluit geneem op ‘n maandelikse vergadering, mits, dat in die geval van ‘n ontbinding, sal ‘n Shellhole onderhewig wees aan bekragtiging van die Provinsiale Dugout en kan die Shellhole wat ontbind mag word,

die reg tot appél uitoefen. Sodanige appél moet binne dertig dae vanaf kennisgewing van ontbinding ingedien word ingevolge die neergelegde kommunikasiekanale. In die geval waar ‘n Shellhole geskors word, ontbind word, of staak om te opereer, sal die Distrik Dugout besit neem van alle losbates, alle kontantgelde, verskuldig en belê asook alle vaste eiendom. Die Dugout sal verantwoordelik wees vir die betaling van krediteure. Om navraag te doen oor sake van enige Eenheid onder sy beheer, om rekeninge te aan te vra en te ondersoek, kasboeke en ander rekords waar dit sulke optredes as geregverdig beskou wat nodig mag wees om redelike beheer te handhaaf of om die goeie naam van die MOTH te beskerm. Om alle vrae wat lidmaatskap van die Orde binne die Distrik Dugout beïnvloed te beheer uitgesluit daardie wat verband hou met uitsetting en skorsing wat aanvanklik deur die Provinsiale Dugout behartig wat jurisdiksie het, behartig sal word. Om die aangeleenthede van die MOTH binne die Distrik Dugout te behartig onderhewig aan enige neergelegde riglyne deur die Provinsaiale Dugout. Om alle sulke magte uit soos deur lede van die Distrik Dugout opgelê, uit te voer. Om aankope, huur, besit, ontvangs, verbandlenings of andersins te handel in / of lenings aangaan op losbates of vaste bates, onderworpe aan vooraf goedkeuring deur die Provinsiale Dugout. Om te ruil, te verkoop of andersins vaste eiendom te vervreem, onderworpe aan die verkryging van vooraf goedkeuring van die MOTH Algemene Hoofkwartier deur die korrekte neergelegde kommunikasiekanale.

2.3.3 PROVINSIALE DUGOUTS

2.3.3.1 STIGTING

Provinsiale Dugouts sal gestig word vir die provinsiale administrasie van die Orde in alle areas soos deur MOTH Algemene Hoofkwartier bepaal. Sulke Dugouts behoort deur Shellhole of Distrik Old Bills of ander Shellhole of Distrik afgevaardigdes, indien nodig, gestig te word. “n Plaasvervanger mag as ‘n afgevaardigde aangestel word. Die Algemene Jaarvergadering sal jaarliks voor 30 September plaasvind waar die verkiesing van ampsdraers en hul inhuldiging sal plaasvind.

2.3.3.2 DAGBESTUURSLEDE

Dagbestuur sal uit die volgende verkies word:

Vir die amp van Provinsiale old Bill en /of Onder Old Bill:

a. Uittredende Old Bill
b. Uittredende Adjunk Old Bil
c. Alle voormalige of uittredende Provinsiale Dagbestuurslede wat ten minste 50% van die huidige jaar se vergaderings asook die algemene jaarvergadering van die Provinsiale Dugout bygewoon het.
d. Alle voormalige Distrik Dugout Dagbestuurslede wat ten minste 50% van die huidige jaar se vergaderings asook die algemene jaarvergadering van die Provinsiale Dugout bygewoon het. Vir die amp van Provinsiale Adjudant: Moths wat ten volle vertroud is met die ideale en vereistes van die Orde.

Vir die amp van Provinsiale Pay Bill: Moths wat ten volle vertroud is met die

ideale en die vereistes van die Orde en wat werkende kennis van boekhouding het.

2.3.3.3 STEMMING VIR DIE DAGBESTUUR

Elke Distrik Dugout verteenwoordiger sal een stem persoonlik, per volmag of skriftelik hê met die verkiesing van elkeen van die Dagbestuurslede. Stemming sal geskied deur die wys van die hand of per geheime stembrief.

2.3.3.4 Die uitslag van die verkiesing van elke amp sal bekend gemaak word voor daar voortgegaan word met die verkiesing van die volgende senior amp. Verkiesing sal geskied per gewone meerderheidstem. In geval van ‘n gelykop stemming, sal verdere geheime stemming geskied tot ‘n gewone meerderheid behaal is. ‘n Genomineerde wat tot ‘n dagbestuursamp verkies is, mag nie as kandidaat vir verkiesing tot ‘n ander dagbestuursamp in aanmerking geneem word nie.

2.3.3.5 Die inhuldiging van die verkose Provinsiale Dagbestuurslede sal by die algemene jaarvergadering plaasvind.

2.3.3.6 Die Provinsiale Dugout sal uit die volgende lede bestaan:
Die Provinsiale Dagbestuur soos omskryf in Klousule 2.2.1 van hierdie Algemene Staande Orders: die Ou Bill en een ander dagbestuurslid van elke Distrik Dugout of hulle plaasvervangers; voormalige Provinsiale Dugout presterende dagbestuurslede. Enige Moth met spesiale vaardighede gekoöpteer deur ‘n twee derde meerderheid by ‘n gewone saamgestelde vergadering van die Provinsiale Dugout;

indien daar geen Distrik Dugout
in die Provinsie is nie, vervang die woord
“Shellhole” met “ Distrik”.

2.3.3.7 VERGADERINGS

Die Provinsiale Dugout sal vergaderings maandeliks of van tyd tyd, soos ookal besluit, hou. ‘n Vergadering sal as behoorlik saamgestel beskou word as kennisgewing van die vergadering na al die Distrik Dugouts gesirkuleer is en / of daar op ‘n bepaalde dag of maand ooreengekom is deur die Provinsiale Dugout en ‘n kworum teenwoordig is. ‘n Kworum by ‘n Provinsiale Dugout vergadering sal bestaan uit nie minder as twee Provinsiale dagbestuurslede en verteenwoordigers van 50% van Distrik Dugouts / Shellholes nie. Spesiale en dringende vergaderings sal, soos benodig, gehou word op voorwaarde dat ten minste sewe dae skriftelike kennisgewing gegee word met die redes daarvoor wat deur enige enige Distrik of Provinsiale dagbestuurslid voorgelê kan word en wat aan bogenoemde paragraaf voldoen. In ‘n uiters dringende geval kan die Provinsiale Old Bill ‘n buitengewone dringende vergaderingbelê met minstens twee ure kennisgewing op voorwaarde dat die Old Bill van al die lede Distrikte, of in sy afwesigheid die volgende beskikbare senior verteenwoordiger, per telefoon of persoonlik gekontak word. ‘n Kworum vir die vergadering sal voldoen aan die vereistes soos in die derde paragraaf van hierdie Klousule. ‘n Provinsiale byeenkoms en algemene jaarvergadering moet jaarliks plaasvind.

2.3.3.8 STEMREG

Verteenwoordiging by MOTH Provinsiale Dugout vergaderings mag ‘n maksimum van twee afgevaardigdes van elke Distrik Dugout wees wie se verteenwoordigers sal gesamentlik die stemreg hê van hulle onderskeie Distrikte gebaseer op die volgende: die totale aantal stemme soos per Klousule 2.3.2.5. Die vier dagbestuurslede van die Provonsiale Dugout sal elk een stem hê.

2.3.3.9 MAGTE

Die Provinsiale Dugout sal bemagtig wees:

Om die stigting, skorsing, ontbinding of uitsetting van enige eenheid onder sy jurisdiksie aan te beveel, óf op versoek óf as gevolg van besluite by ‘n gewone saamgestelde vergadering met dien verstande dat so ‘n eenheid die reg tot appél het by die Nasionale Dagbestuur. Sodanige appél moet binne 30 dae vanaf skriftelike kennisgewing van skorsing of ontbinding by die Volle Nasionale Dagbestuur of die Nasionale Dagbestuur Administratiewe Komitee ingedien word volgens die neergelegde kommunikasiekanale.

Om enige onreëlmatighede te ondersoek, of rede om te ondersoek, wat van tyd tot tyd geopenbaar word in die gadrag van enige lid of, en / of, enige Eenheid onder sy jurisdiksie en om die nodige aksie te neem om die goeie naam van die Orde te beskerm.

Om die aangeleenthede van die Orde in die Provinsie te beheer en te administreer

en om die MOTH Algemene Hoofkwartier en plaaslike owerhede te verteenwoordig waar nodig.

Om vaste eiendom te koop, verkoop, besit, ruil, ontvang, verband of andersins daarin handel te dryf in ooreenstemming met die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders.

Om die Dagbesture van die Provinsie se Distrik Dugouts in te huldig. Nuwe Dagbestuurslede sal geen mag hê totdat hulle amptelik in hulle ampte ingehuldig is nie.

2.4 NASIONALE DAGBESTUUR

2.4.1 DEFINISIE

Die Volle Nasionale dagbestuur sal uit tien lede soos volg saamgestel, bestaan:

2.4.1.1 Die Nasionale Voorsitter;
Die Nasionale Ondervoorsitter;
Die Nasionale Tesourier;
Die Nasionale Informasieoffisier;
Die Voorsitter, Eiendomsbestuurskomitee (PMC);
Die Voorsitter, MOTH Museums en Gedenktekens;
Vier addisionele lede.

2.4.1.2 Die Volle Nasionale Dagbestuur sal bestaan uit die volgende lede wat verkies sal word ingevolge die MOTH Konstitusie en Staande Orders Paragraaf 2.4.2.

Om te verseker dat die lede van die Nasionale Dagbestuur die verskeie Provinsiale Dugouts verteenwoordig, en hulle lede by Nasionale

Dagbestuursvergaderings, sal die *grootste* Provinsie (soos per naamlys) twee verteenwoordigers hê, terwyl die oorblywende Provinsies deur een lid elk verteenwoordig sal word.
Addisioneel tot hierdie toekenning, sal drie toepalik gekwalifiseerde lede, woonagtig in enige provinsie. aangestel word in die volgende ampte:

- Nasionale Tesourier - 1 lid (aangestel ingevolge MOTH Algemene Staande Orders, Klousule 2.4.2.1).
- Voorsitter Eiendomsbestuurskomitee (PMC) - 1 lid (aangestel ingevolge MOTH Algemene Staande Orders, Klousule 2.4.2.1, Aanhangsel “H”).
- Voorsitter MOTH Museums en Gedenktekens (aangestel ingevolge MOTH Staande Orders, Klousule 2.4.2.1)

Die lede van die Nasionale Dagbestuur word portfolio’s toegeken en dien op, of is voorsitter van die volgende sub-komitees van die Nasionale Dagbestuur met magte om komiteelede waar nodig te koöpteer en hierdie komitees mag van tyd tot tyd deur die Nasionale Dagbestuur en/of die voorsitter verkies en geamendeer word, van:

1. Eiendomsbestuurskomitee (PMC).
2. MOTH Museums en Gedenktekensbestuurskomitee.
3. Nasionale Werwingskomitee.
4. Openbare Betrekkinge en Bemarkingskomitee
5. Informasiekomitee (Webtuiste, Naamlyste en Beskerming van Persoonlike Informasie (POPI).
6. MOTH Geskiedenis en Argiewe Komitee.
7. Finansieskomitee.
8. Kommunikasie en Opleidingskomitee.

Die Nasionale Dagbestuur mag ook enige ander Ad-hoc Komitees soos nodig, vestig.
Verteenwoordiging sal ook op die volgende Organisasieskomitee voorsien word:

1. Raad van Militêre Veterane Organisasies (CMVO)
2. Nasionale Oorlogsfonds

2.4.1.3 Bykomend tot die Sub-komitees beskryf in 2.4.1.2 sal ‘n Nasionale Administratiewe Dagbestuurskomitee jaarliks aangestel word bestaande uit ten minste vyf lede van die Nasionale Dagbestuur soos volg, drie lede teenwoordig word as ‘n kworum beskou,

* Nasionale Voorsitter of Nasionale Ondervoorsitter
* Nasionale Tesourier
* Ten minste twee ander lede

Hierdie Komitee sal die funksies soos uiteengesit in 2.4.5.2 verrig.

2.4.2 Verkiesing

2.4.2.1 Volle Nasionale Dagbestuur

Met die uitsondering van die Nasionale Tesourier, die Voorsitter van die Eiendomsbstuurskomitee (PMC) en die Voorsitter van die MOTH Museums en Gedenktekens wie se voorwaardes van aanstelling die prerogatief van die MOTH Algemene Hoofkwartier sal wees, sal die lede van die volle Nasionale Dagbetuur verkies word by die Algemene Jaarvergadering van die MOTH Algemene Hoofkwartier en sal die amp beklee ingevolge die bepalings hierin uiteengesit of andersins staak om die amp te beklee voor die eindiging van hulle termyn. Toevallige vakatures wat gedurende enige jaar ontstaan, kan deur die volle Nasionale Dagbestuur gevul word as ‘n tydelike maatreël en onderworpe aan die bekratiging

van hulle aanstellings by die volgende Algemene Jaarvergadering van MOTH Algemene Hoofkwartier.

2.4.2.2 Nominasies

Nominasies vir verkiesing sal deur die Provinsiale Dugouts by die Algemene Hoofsekretaris ten minste twee maande voor die bepaalde datum van die Algemene Jaarvergadering van MOTH Hoofkwartier ingehandig word.

Die lede wat deur hulle onderskeie Dugouts genomineer is, moet die dienende Nasionale Dagbestuurslid wees, of moes op ‘n Provinsiale Dagbestuur gedien het of dien op hulle onderskeie Provinsiale Dugout in enige van die vier dagbestuursampte van van die Provinsiale Dugout.

2.4.2.3 Rotasie

Ten minste twee verkose lede wat op die Volle Nasionale Dagbestuur dien, sal elke jaar met rotasie aftree; die bedoeling is dat geen lid van die Volle Nasionale Dagbestuur vir ‘n periode van meer as drie jaar die amp beklee sonder om hom/haar vir herverkiesing beskikbaar te stel nie ingevolge Klousule 2.4.2.1.Uitsonderings sal die Nasionale Tesourier, die Voorsitter van die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) en die Voorsitter van die MOTH Museums en Gedenktekens wees, wat elke jaar sal aftree en wat jaarliks aangestel word deur Algemene Hoofkwartier ingevolge Klousule 2.4.1.2.

2.4.2.4 Nasionale Voorsitter en Nasionale Ondervoorsitter

Die Nasionale Voorsitter en die Nasionale Ondervoorsitter sal jaarliks deur MOTH Algemene Hoofkwartier uit lede van die Volle Nasionale Dagbestuur aangestel word. Sou die Nasionale Voorsitter verwyder word van, of staak om die amp te beklee om watter rede ookal, sal hy deur die Nasionale Ondervoorsitter opgevolg word wat sal waarneem vir die onverstreke periode van die van die Nasionale Voorsitter se ampstermyn. In die geval waar die Nasionale Ondervoorsitter die Nasionale Voorsitter opgevolg het, en daarna verwyder word of staak om die amp te beklee om watter rede ookal, sal die Volle Nasionale Dagbestuur ‘n Nasionale Voorsitter aanstel wat die ampsal beklee vir die onverstreke periode van sy termyn.

2.4.2.5 Ex-Officio Lede

‘n Lid wat onafgebroke vir tien jaar of langer op die Nasionale Dagbestuur gedien het, word outomaties na die beëindiging van sy lidmaatskap daarvan, ‘n Ex-Officio Lid van Volle Nasionale Dagbestuur en sal as sodanig aanbly onderworpe aan voortgesette lidmsatskap van die Orde. ‘n Ex-Officio Lid het nie stemreg op die Volle Nasionale Dagbestuur of MOTH Algemene Hoofkwartier vergaderings nie.

2.4.3 VERGADERINGS

Vergaderings van die Volle Nasionale Dagbestuur sal in Mei en November, asook ten minste twee ander maande elke jaar na goeddunke van die Nasionale Voorsitter, gehou word.

2.4.4 KWORUM

Nie minder as sewe lede van al die lede sal ‘n kworum vorm by al die Volle Nasionale Dagbestuur vergaderings.’n Kworum vir Nasionale Dagbestuur Administratiewe Komitee vergaderings sal nie minder as drie lede wees nie.

2.4.5 MAGTE EN BEVOEGDHEDE

2.4.5.1 VOLLE NASIONALE DAGBESTUUR

Ondanks enige bepalings vervat in hierdie Algemene Staande Orders sal die Volle Nasionale Dagbestuur geregtig en by magte wees om alle sake rakende die sentrale administrasie van die Orde te behartig; om aanbevelings vir oorweging aan MOTH Algemene Hoofkwartier te maak met betrekking tot die aangeleenthede uiteengesit in Klousule 2.5.4, asook enige ander sake soos dit mag wens om aan MOTH Algemene Hoofkwartier voor te lê vir oorweging en besluitneming.

2.4.5.2 NASIONALE DAGBESTUUR ADMINISTRATIEWE KOMITEE

Hierdie komitee sal na die daaglikse administrasie van die Orde omsien insluitende finansies, korrespondensie, toekennings, oorkondes, dissipline, die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds, Warriors Gate, Eiendomsbestuurskomitee (PMC) besluite en om,indien nodig, aanbevelings aan die Volle Nasionale Dagbestuur te maak.

2.5 MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER

2.5.1 DEFINISIE

Die beheerliggaam van die Orde sal MOTH Algemene Hoofkwartier wees, wat sal bestaan uit:

2.5.1.1 Al die Provinsiale Ou Bills/Bevelvoerders of hulle gemagtigde verteenwoordigers en een afgevaardigde,

2.5.1.2 alle lede van die Volle Nasionale dagbestuur,

2.5.1.3 die Voorsitter van die Eiendomsbestuurskomitee (PMC).

2.5.2 VERGADERINGS

Die algemene Jaarvergadering van die MOTH Algemene Hoofkwartier sal jaarliks op ‘n Sondag in November in Durban gehou word.

2.5.2.1 Vir November en Mei Algemene Hoofkwartier vergaderings, sal MOTH Algemene Hoofkwartier die reiskostes van een afgevaardigde per Provinsie betaal. Die term ”reisonkostes” sluit in goedgekeurde hotelakkomodasie, vlugkoste of vlugkoste in plaas van voertuigtoelaes.

2.5.2.2 ‘n Nie-presterende Provinsiale Dugout sal alleenlik verteenwoordiging by die jaarlikse Mei en November vergaderings van MOTH Algemene Hoofkwartier hê, maar geen stemreg nie .

2.5.3 KWORUM

‘n Kworum by MOTH Algemene Hoofkwartier vergaderings sal vyftien lede wees.

2.5.4 MAGTE EN BEVOEDHEDE

Die pligte en magte van MOTH Algemene Hoofkwartier, wat aan die Volle Nasionale Dagbestuur gedelegeer sal word, wat aan die daaropvolgende MOTH Algemene Hoofkwartier vergadering sal terug rapporteer, is om:

2.5.4.1 die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders te handhaaf,

2.5.4.2 die belange van die Orde te bevorder en te beveilig,

2.5.4.3 van tyd tot tyd reëls te maak vir die uitvoering van sake van MOTH Algemene Hoofkwartier mits sodanige reëls streng binne die raamwerk van die bepalings van die MOTH Konstitusie en hierdie Algemene Staande Orders val,

2.5.4.4 enige regstappe deur of teen MOTH Algemene Hoofkwartier in te stel, te lei, te skik of te verdedig,

2.5.4.5 besluite te neem oor alle sake rakende die Orde wat buite die magte van die Volle Nasionale Dagbestuur val, insluitend aangeleenthede waarvoor geen voorsiening in hierdie Algemene Staande Orders gemaak is nie,

2.5.4.6 alle sake rakende beleid te beheer en om die Orde by die Staat, en in algemene sin Internasionaal, te verteenwoordig,

2.5.4.7 na sy goeddunke alle aktiwiteite of funksies van enige eenheid op te skort, te sluit ofher in te stel,

2.5.4.8 oorweging te skenk aan mosies en dringende voorstelle van Provinsiale Dugouts.

2.5.5 STEMREG

Verteenwoordiging by MOTH Algemene Hoofkwartier vergaderings mag hoogstens twee afgevaardigdes van elke Provinsiale Dugout wees, wie se verteenwoordigers gesamentlik die stemregte van hulle onderskeie Dugouts op die volgende basis sal uitoefen:-
Een stem per 100 volle lede soos weerspiëel op die huidige naamlyste waar stemme as volg bereken sal word:-
Die totale aantal lede op die naamlys van elke Provinsiale Dugout sal deur 100 gedeel word. Die verkrygde syfer sal dan afgerond word tot die naaste heelgetal. Indien ‘n Provinsiale Dugout minder as 200 volle lede het, sal dit geregtig wees op ‘n minimum van twee stemme. Lede van die Volle Nasionale Dagbestuur sal elk een stem hê.

2.5.6 BESOEKERS

Alle presterende Moths mag die vergaderings van MOTH Algemene Hoofkwartier as besoekers bywoon.

2.5.7 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die pligte en magte van ‘n MOTH Algemene Hoofkwartier algemene Jaarvergadering is om die werksaamhede van die algemene jaarvergadering van die MOTH Algemene Hoofkwartier in ooreenstemming met die goedgekeurde agenda deur die Volle Nasionale Dagbestuur uit te voer.

2.5.8 FINANSIËLE STATE

Die ge-ouditeerde finansiële state van MOTH Algemene Hoofkwartier sal by die algemene jaarvergadering van Moth Algemene Hoofkwartier deur die Nasionale Tesourier voorgelê word en

afskrifte daarvan sal aan elke Provinsiale Dugout gegee word.

2.6 ANDER EENHEDE

2.6.1 SHELLHOLE EN KOTHUISSKEMAS

Shellholes en Kothuisskemas sal Eenhede van die Orde wees en hulle konstitusies en staande orders sal onderhewig aan goedkeuring wees deur die Nasionale Dagbestuur. (Verwys na Aanhangsel " E" vir die Shellholes en Aanhangsel "H" vir die MOTH Kothuise).
Die Volle Nasionale Dagbestuur mag 'n Provinsie opdrag gee om die besluit om Distrik Dugouts of Shellholes te kombineer te implimenteer wanneer dit wenslik geag word om dit te doen.

2.6.2 HANDELDRYWENDE EENHEDE

2.6.2.1 Handeldrywende Eenhede sal op 'n kwartaallikse basis finansiële state en 'n balansstaat binne 60 dae aan die volgende senior Eenheid wat jurisdiksie het, voorlê.

Die senior Eenheid sal hierdie finansiële state ondersoek om te verseker dat handeldrywing solvent is, dat 'n onderhoudsfonds in stand is en dat voldoende versekeringsdekking in plek is. Hierdie handeldrywende eenhede sal ook 'n jaarlikse begroting voorberei en nie later as drie maande voor die begin sy volgende finansië jaar, aan die volgende senior Eenheid wat jurisdiksie het, vir goedkeuring, voorlê. Die senior eenheid sal die verantwoordelikheid hê om die kwartaallikse opbrengste te vergelyk met die goedgekeurde begroting om toe te sien dat handeldrywing nie teen 'n verlies geskied nie.

Indien ‘n Handeldrywende Eenheid nie voldoen aan hierdie vereistes nie, sal die volgende senior Eenheid beheer oor al sy boeke, rekenings en bewyse neem en die beherende komitee skors. Dit mag ook die dienste van ‘n Geregistreerde openbare rekenmeester gebruik om die finansiële posisie van die wanbetalende Eenheid te bepaal wat ook al die koste verbonde aan die ondersoek sal dra.

2.3.6 NAAMBEPERKING

Geen organisasies, groepe of verenigings, persone of sportverenigings mag hulle self as Moths beskryf nie, of die term “Dugout” of “Shellhole” gebruik nie indien die lidmaatskap nie tot Moths beperk is nie en hulle is nie ‘n Eenheid is soos hierin gedefiniëer.

2.7 KOMMUNIKASIELYNE

Die amptelike kommunikasielyne wat in alle gevalle gevolg moet word, is:

2.7.1 Shellhole na Distrik Dugout;

2.7.2 Distrik Dugout na Provinsiale Dugout;

2.7.3 Provinsiale Dugout na MOTH Algemene Hoofkwartier;

2.7.4 Provinsiale Dugout Betaal Bills mag sydelings met mekaar kommunikeer;

2.7.5 Provinsiale, Distrik en Shellhole Pay Bills mag direk met mekaar kommunikeer.

2.8 KOMMUNIKASIE TUSSEN BETAAL BILLS EN DIE NASIONALE TESOURIER

Die Nasionale Tesourier mag direk met enige Betaal Bill kommunikeer, en sal ‘n afskrif van sulke korrespondensie aan die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het, stuur.

2.9 KOMMUNIKASIE TUSSEN ADJUDANTE

Provinsiale Adjudante mag direk met Shellhole Adjudante /Kothuissekretarisse binne hulle Provinsiale Dugouts kommunikeer, mits ‘n afskrif van hierdie kommunikasie na die Distrik Dugout wat jurisdiksie het, gestuur word. Die bedoeling is nie om die Distrikte te omseil nie en is ook nie ‘n besluitnemingsproses nie. In alle ander gevalle bly die kommunikasielyne, Klousule 2.7, onveranderd.

3. **SLUITING OF SAMESMELTING VAN EENHEDE**

3.1 EENHEDE WAT DISFUNKSIONEEL RAAK

‘n Eenheid sal as disfunksionel geag word onder die volgende omstandighede:

3.1.1 ONDER ‘N MINIMUM LEDETAL

Indien die ledetal van ‘n eenheid tot onder ses daal soos voorsiening gemaak is in sy Algemene Staande Orders, mag dit nie outomaties disfunksioneel word as die Provinsiale Dugout by die Nasionale Dagbestuur so aanbeveel nie, die Eenheid mag bly voortbestaan.

3.1.2 VRYWILLIGE BEËINDIGING

Indien die lede van ‘n Eenheid by ‘n algemene vergadering besluit dat dit sal ophou om te funksioneer en dat sy sake beëindig word, moet die Eenheid 90 dae kennis gee voor die datum van sluiting om die senior Eenheid toe te laat om beheer oor die verekening van fondse, embleem en die wegdoen van regalia uit te oefen in terme van Klousule 3.2 “ Bates van geslote Shellholes”.

3.1.3 BESLISSING DEUR NAIONALE DAGBESUUR

Indien die Nasionale Dagbestuur, na ‘n ondersoek van die sake van ‘n Eenheid besluit dat dit moet ophou om te funksioneer, of dat dit uit die Orde gesit behoort te word, mag die Nasionale Dagbestuur besluit dat die Eenheid geag word as disfunksioneel, of uitgesit, sal die Eenheid altyd die geleentheid gegun word om te bewys waarom dit nie uitgesit behoort te word nie.

3.1.4 SAMESMELTING VAN SHELLHOLES

Indien die lidmaatskap van ‘n Shellhole/Eenheid verminder tot onder 25 lede en na die mening van ‘n Distrik Dugout of Provonsiale Dugout dit wenslik vir administratiewe doeleindes en prakties sal wees dat twee of meer Shellholes saamsmelt, dan mag die Eenheid wat jurisdiksie het , ‘n besluit neem en aanbeveel dat hierdie Eenhede saamsmelt en die volgende senior Eenheid dienooreenkomstig verwittig. Die Volle Nasionale Dagbestuur mag ‘n Provinsiale Dugout beveel om die besluit om samesmelting van Distrik Dugouts of Shellholes te implimenteer as dit wenslik geag word.

3.1.4.1 BUITEPOS VERKLAARDE SHELLHOLES

Wanneer ‘n Shelhole as ‘n Buitepos verklaar word, sal dit direk onder die beheer van die volgende senior Eenheid val of ‘n Eenheid soos deur die Volle Nasionale Dagbestuur aangewys word.

Alle finansiële en administratiewe aangeleenthede sal dan direk deur die Dagbestuur aan die aangewese Eenheid oorhandig word. Vir ander Eenhede sal die normale kommunikasielyne geld. (Verwys Klousule 2.7)

3.1.5 SAMESMELTING VAN PROVINSIALE DUGOUTS

As gevolg van ‘n dalende ledetal en om effektiewe administrasie te verseker, mag die Volle Nasionale dagbestuur besluit dat een of meer Provinsiale Dugouts sal saamsmelt. (Verwys Klousule 1.4.2.3)

3.2 BATES VAN GESLOTE EENHEDE

Onderhewig aan die vereistes in Klousule 16.8. Indien ‘n Eenheid om een of ander rede disfunksioneel raak, sal ALLE bates , roerend of onroerend gevries word,en sal ‘n finansiële staat opgestel word. Die volgende senior Eenheid sal onverwyld voortgaan om die posisie van die bestaande bates en laste van die Eenheid vas te stel.

Die senior Eenheid sal na sluiting van so ‘n Eenheid die netto opbrengs aan die MOTH Algemene Hoofkwartier se Spesiale Fonds, soos verwys in Klousule 12.3 van hierdie Algemene Staande Orders, oorbetaal. DIE VERKOOP VAN BATES VAN MEER AS R1 000, (sien Klousule 12.5), AAN ANDER NIE-MOTH INSTANSIES, IS ONDERHEWIG AAN DIE GOEDKEURING VAN DIE NASIONALE DAGBESTUUR WAT DEUR DIE KORREKTE KOMMUNIKASIELINE VERKRY MOET WORD.

3.3 BEWARING VAN DOKUMENTE

Eenhede van die Orde moet aan die ondervermelde vereistes in die Sub-Klousules soos hieronder genommer, voldoen:-

3.3.1 NOTULES VAN EENHEIDSVERGADERINGS EN NAAMLYSTE

Hierdie dokumente moet onbepaald behou word om deel te vorm van die Eenhede se geskiedenis en nalatingskap. Indien ‘n Eenheid disfunksioneel word, moet die notules en naamlyste aan die volgende senior Eenheid vir veilige bewaring oorhandig word.

3.3.2 KORRESPONDENSIE EN FINANSIËLE STATE

Hierdie dokumente moet vir ‘n minimum periode van vyf jaar deur alle Eenhede behou word waarna dit vernietig mag word.

Indien ‘n Eenheid disfunksioneel voor vyf jaar word, moet al die dokumente deur die Eenheid gehou oorhandig word aan die volgende senior Eenheid wat dit na vyf jaar vanaf sluiting van die Eenheid mag vernietig.

4. VERTEENWOORDIGING VAN DIE ORDE

4.1 POLITIEK

Geen Eenheid van die Orde mag onder geen omstandighede met enige groep of genootskap saamwerk, wat volgens die mening van die Orde ‘n politieke vooroordeel het nie. Onder geen omstandighede sal enige Moth eiendom of persele deur politieke partye of organisasies vir enige doel, hoegenaamd, gebruik word.

4.2 PLAASLIKE EN ANDER OWERHEDE

4.2.1 DISTRIK DUGOUT VLAK

‘n Distrik Dugout sal die Orde in sy eie gebied by openbare en ander plaaslike owerhede verteenwoordig. Enige wyer verteenwoordiging sal deur of met die goedkeuring van die Provinsiale Dugout verkry word.

4.2.2 PROVINSIALE DUGOUT VLAK

‘n Provinsiale Dugout sal die Orde in sy Provinsie by al die Provinsiale owerhede verteenwoordig. Enige wyer verteenwoordiging sal deur of met die goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur verkry word.

4.2.3 NASIONALE DAGBESTUUR VLAK

‘n Lid van die Nasionale Dagbestuur sal die Orde by nasionale en internasionale owerhede en by provinsiale, distrik of openbare owerhede met die versoek van die betrokke Provinsiale Dugout, verteenwoordig.

4.2.4 OP SHELLHOLE VLAK ALLEENLIK

In ‘n gebied of dorp waar daar slegs een Shellhole is, is daardie Shellhole gemagtig om die Orde by openbare en plaaslike owerhede te verteenwoordig.

5. NOTULES VAN VERGADERINGS

Provinsiale Dugouts moet die Volle Nasionale Dagbestuur van afskrifte van notules van alle Provinsiale Dugout vergaderings voorsien. Die Volle Nasionale Dagbestuur sal op hulle beurt die Provinsiale Dugouts van afskrifte van notules van alle MOTH Algemene Hoofwartier vergaderings en hulle eie vergaderings aan Provinsiale Dugouts, voorsien.

6. MOTH ALGEMENE KONFERENSIE

6.1 BYEENROEPING

‘n MOTH Algemene Konvensie sal deur die Volle Nasionale Dagbestuur byeengeroep word op ‘n plek, datum en tyd soos opdrag gegee word by ‘n MOTH Algemene Hoofkwartier vergadering. Die Konvensie sal sake rakende die beleid van die Orde en ook sodanige ander aangeleenthede wat beskou word as binne sy sfeer, hanteer.

6.2 VERTEENWOORDIGING EN STEMREG

Verteenwoordiging by ‘n Konvensie sal ‘n maksimim van twee afgevaardigdes van elke Provinsiale Dugout wees wat gesamentlik die stemreg van hulle onderskeie Dugouts op die volgende gebasseer, sal voer:

Ses stemme per 1 000 volle lede soos gereflekteer in die huidige naamlyste waar stemme as volg bereken sal word:

Die totale volle lede op die naamlys van elke Provinsiale Dugout sal deur 1 000 gedeel en dan met ses vermenigvuldig word. Die verkrygde syfer sal dan tot die naaste heelgetal afgerond word. Indien die Provinsiale Dugout minder as 400 volle lede het, dan sal dit geregtig op ‘n minimumvan twee stemme wees.

6.3 NIE-PRESTERENDE PROVINSIALE DUGOUTS

‘n Provinsiale Dugout wat op 31 Desember elke jaar nie-presterend is sal verteenwoordiging hê, maar geen stemreg by enige Konvensie wat die daaropvolgende jaar gehou word.

6.4 VERTEENWOORDIGING VAN DIE VOLLE NASIONALE DAGBESTUUR EN STEMREG

MOTH Algemene Hoofkwartier sal by die Konvensie deur die Nasionale Voorsitter, Nasionale Tesourier en addisionele Nasionale Dagbestuur afgevaardigdes, verteenwoordig word.

Die stemregsterkte van die Volle Nasionale Dagbestuur sal 12% van die gesamentlike stemme van al die Provinsiale Dugouts, tot die naaste heelgetal afgerond, wees.

6.5 STEMPROSEDURE

Stemme sal mondelings volgens die teenwoordigheidslys geskied of per geheime stembriewe indien twee derdes van die teenwoordige stemgeregtigdes so besluit.

6.6 VOORSITTER EN STEMREGTE

Die Voorsitter van die Konvensie sal deur die Provinsiale Dugout in wie se gebied die konvensie gehou sal word, gekies word. Die Voorsitter sal geen doelbewuste stem hê nie, maar wel ‘n beslissende stem.

6.7 UITGAWES

Elke Provinsiale Dugout sal vir die reis en ander onkoste van

sy verteenwoordigers verantwoordelik wees. Geen aanspreeklikheid sal deur die MOTH Algemene Hoofkwartier in hierdie verband gedra word nie.

6.8 VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE GASHEER PROVINSIE

Die gasheer Provinsie sal vir al die seremoniële en sosiale aspekte van die Konvensie verantwoordelik wees.

7. REG OP APPÉL

Vir die reg op appél verwys na Klousules 1.4.2.1 en 1.4.2.2.

8. KENTEKENS EN EMBLEME/REGALIA

8.1 HANDELDRYF EN KOPIEREG

Voorrade sal slegs deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangehou en aan Provinsilae Dugouts verskaf word. Alle kentekens van lidmaatskap, baadjie kentekens, embleme, sertifikate, boeke, items van kledingstukke soos die MOTH das, kravatte met die MOTH embleem daarop en die MOTH vlag en banier wat geregistreer en onderhewig aan kopiereg is. Geen Eenheid of lid van die Orde het die magtiging om hierdie items van enige ander bron te bekom nie.

8.2 LIDMAATSKAPKENTEKEN

Die geregistreerde lidmaatskapkenteken is ‘n miniatuur brons staalhelm waarop die letters MOTH gegraveer of geëmbosseer is, wat altyd die eiendom van die Orde bly en slegs deur presterende lede gedra mag word.

8.3 AMPSKENTEKENS

8.3.1 GOUE KENTEKEN

Die goue lidmaatskapkenteken word deur die Old Bill, Onder Old Bill, Adjudant en Pay Bill van die Provinsiale Dugout gedra, asook die Volle Nasionale

Dagbestuur, alle gevolmagtigdes wat Provinsiale Dugouts by MOTH HoofKwartier verteenwoordig.

In die geval van ander Dugouts en Shellholes word ‘n goue lidmaatskapkenteken deur die Old Bill gedra. In alle ander gevalle word die kentekens waarna verwys word, oorhandig aan opvolgers in die ampte.

8.3.2 SILWERKENTEKEN

In die geval van Distrik Dugouts en Shellholes, word die silwer lidmaatskapkenteken deur die Adjunk Old Bill, Adjudant en Pay Bill gedra.

8.3.3 EDELMATAALKENTEKENS

Die houers van goue lidmaatskapkentekens wat voor Januarie 1943 aan hulle uitgereik is, word toegelaat om dit te behou, maar dit mag slegs by Shellhole vergaderings of wanneer hulle aandiens is, gedra.

Die toekenning van edelmetaal kentekens aan enige lid van die Orde na Januarie 1943, is verbode, behalwe aan die Ou Bill van die Orde wat hy te alle tye vir die res van sy lewe mag dra.

Alle lede van die Orde sal die brons lidmaatskapkenteken dra. Ampsdraers van die Orde wat geregtig is om goue en silwer lidmaatskapkentekens te dra mag dit slegs dra wanneer hulle diens in amptelike hoedanigheid lewer.

9. **MOTH ERETOEKENNINGS**

MOTH eretoekennings is as volg:

9.1 SERTIFIKAAT VAN MERIETE

Hierdie sertifikaat is die hoogste toekenning in die MOTH

en word toegeken aan Moths wie se lojaliteit en toewyding aan die Orde oor ‘n aansienlike tydperk in ‘n sfeer wyer as die van hulle Shellholes was.

Aanbevelings vir die toekenning moet aan óf die Volle Nasionale Dagbestuur óf die Nasionale Administratiewe Dagbestuurskomitee deur ‘n Provinsiale Dugout voorgelê word, tesame met ‘n motivering in die formaat soos goedgekeur deur die Volle Nasionale Dagbestuur. Dit sluit nie Distrik Dugouts of Shellholes deur hulle Distrik Dugouts uit om na hulle mening die name van verdienstelike Moths vir die toekenning deur hulle Provinsiale Dugouts voor te lê nie.

Die verlening van hierdie toekenning moet in die notules van die relevante vergadering van óf die Volle Nasionale Dagbestuur óf die Nasionale Administratiewe Dagbestuurskomitee genotuleer word.

Die Volle Nasionale Dagbestuur sal die alleenreg hê om op eie besluit of om baie goeie redes weens spesifieke omstandighede die Sertifikaat van Meriete aan ‘n sekere Moth toe te ken.

Houers van die Sertifikaat van Meriete sal daarop geregtig wees om ‘n ronde kenteken in twee gelyke dele verdeel van donkerblou, rooi en lugblou met die letter “M” in die middel, te dra. Sulke kentekens sal slegs deur MOTH Hoofkwartier voorsien word.

9.2 SERTIFIKAAT VAN VOORTREFLIKE DIENS

Hierdie sertifikaat is ‘n toekenning deur ‘n Provinsiale Dugout deur ‘n motivering ondersteun aan ‘n Moth vir voortreflike diens in ‘n Shellhole of in ‘n sfeer wyer as ‘n Shellhole, Distrik Dugout of Provinsiale Dugout om die gaping tussen die Sertifikaat van Meriete en die Sertifikaat van Kameraadskap te vul.

Houers van die Sertifikaat van Voortreflike Diens sal daarop geregtig wees om ‘n ronde kenteken met ‘n rooi agtergrond met die letter “E” in die middel, te dra. Sulke kentekens sal

deur MOTH Algemene Hoofkwartier teen koste van die betrokke Eenheid verskaf word.

9.3 SERTIFIKAAT VAN KAMERAADSKAP

Hierdie sertifikaat is ‘n toekenning deur ‘n Eenheid aan ‘n lid wie se diens aan die Eenheid buitengewoon verdienstelik is. Die toekenning van die Sertifikaat van Kameraadskap moet in die notules van die betrokke Eenheid genotuleer word.

Houers van die sertifikaat sal daarop geregtig wees om ‘n ronde kenteken met ‘n donkerblou agtergrond met die letter “C” in die middel, te dra. Sulke kentekens sal deur MOTH Hoofkwartier teen koste van die Eenheid voorsien word.

9.4 SERTIFIKAAT VAN GOEIE KAMERAADSKAP

Hierdie sertifikaat is ‘n soortgelyke teken van erkenning deur ‘n Eenheid aan ‘n nie-Moth wat die waardering van die Eenheid vir uitstaande optredes namens die MOTH verdien. Die toekenning van die Sertifikaat van Goeie Kameraadskap moet in die notules van die betrokke Eenheid genotuleer word asook vir kennisname aan die volgende senior Eenheid.

Houers van die Sertifikaat van Goeie Kameraadskap sal daarop geregtig wees om ‘n kenteken met ‘n lugblou agtergrond met die letter “G” in die middel, te dra. Sulke kentekens sal deur MOTH Hoofkwartier teen koste van die Eenheid voorsien word.

9.5 OLD BILL VAN DIE ORDE

Hy sal jaarliks deur die Volle Nasionale Dagbestuur aangestel word. Dit sal ‘n erepos wees en die ampsbekleër mag genooi word om as Voorsitter die Algemene Jaarvergadering van MOTH Hoofkwartier te behartig.

Die Dagbestuur van die Provinsiale Dugout van die betrokke

lid, sal vertroulik en skriftelik van die aanstelling verwitig word. Die Dagbestuur van die Dugout sal uitgenooi word om inligting aan die Volle Nasionale Dagbestuur te verskaf waarom daar na hulle mening enige besware teen die aanstelling van die benoemde persoon is.

Die handelswyse sal nie vertolk word dat die Provinsiale Dagbestuur die reg het om die aanstelling te veto nie. Die Volle Nasionale Dagbestuur sal enige voorlegging wat aan hulle gemaak word, behoorlik oorweeg.

9.6 MOTH DIENSDASSE, DIENSKENTEKENS EN MOTH SERTIFIKAATKENTEKENS

9.6.1 MOTH diensdasse, met die gebordeerde nommer “10”, “25” of “50” jaar vir ononderbroke diens deur lede van die Orde, soos goedgekeur deur die Volle Nasionale Dagbestuur, is beskikbaar.Sulke dasse sal alleenlik van MOTH Algemene Hoofkwartier aan Moths wat die verlangde kwalifiserende diensperiode voltooi het, beskikbaar wees.

9.6.2 MOTH dienskentekens met die gebordeerde nommer “10”, “25” of “50” jaar vir ononderbroke diens vir opsionele dra deur lede van die Orde soos deur die Volle Nasionale Dagbestuur van tyd tot tyd goedgekeur is beskikbaar. Sulke kentekens sal van MOTH Algemene Hoofkwartier alleenlik aan Moths wat die verlangde kwalifiserendfe diensperiode voltooi het, beskikbaar wees.

9.6.3 Kentekens vir MOTH sertifikate soos toegeken ingevolge bogenoemde Klousules 9.1, 9.2 en 9.3, mag nie gelyktydig gedra word nie en houers van meer as een sertifikaat mag alleenlik die kenteken van die mees senior sertifikaat in sy/haar besit, dra.

9.6.4 Dat alle vorige dagbestuurslede wat ‘n minimum van een jaar gedien het, van Shellhole vlak hoër op, mag ‘n lapèl kenteken met die goedkeuring van die

volgende senior eenheid toegeken kan word. Die kenteken is goud met die letter “X’ in swart.

10. NAAMLYSTE, LEDEGELDE, HEFFINGS EN LIDMAATSKAPKAARTE

10.1 NAAMLYSTE

Elke Shellhole moet aan die Provinsiale Dugout bevestig, deur die Distrik Dugout of direk, na gelang, ‘n naamlys jaarliks opgestel tot 30 Junie met die name van al die aktiewe lede daarop, nie later as 10 Julie nie.

10.2 LEDEGELDE EN HEFFINGS

Alle Moths, soos gedefiniëer in Klousule 4.1 van die Konstitusie, moet ledegeld aan die MOTH AHK betaal. Ledegeld word jaarliks deur AHK vasgestel. Shellholes, Distrikte en Provinsies mag ook ‘n addisionele heffing insluit.

Tesame met bevestiging van die naamlys, moet elke Shellhole aan sy Distrik Dugout, sulke ledegeld en heffings per lid oorbetaal soos neergelê deur die betrokke Distrik en Provinsiale Dugout. Hierdie bedrae moet jaarliks as volg oorbetaal word: Shellholes teen 31 Julie, Distrikte teen 31 Augustus en Provinsies teen 30 September.

Gebaseer op inligting vervat in die Naamlysstelsel op die eerste werkdag van Julie na 17 Julie, sal MOTH AHK ledegeldfakture aan al die Provinsiale Dugouts uitreik.

Provinsiale Dugouts wat nalaat om ledegeld ten volle te betaal, sal per lid beboet word met ‘n persentasie ledegeld soos uitgereik deur die Volle Nasionale Dagbestuur Werwingskomitee.

10.3 LIDMAATSKAPKAARTE

MOTH Algemene Hoofkwartier moet nie later as Augustus jaarliks lidmaatskapkaarte in grootmaat, gebaseer op totale lidmaatskap van elke Shellhole soos weerspiëel op die

naamlyste van die vorige jaar, aan Provinsiale Dugouts uitreik. Indien daar ‘n toename in lidmaatskap is, moet die Provinsiale Dugouts addisionele lidmaatskapkaarte aanvra. Geen ander lidmaatskapkaarte mag gedruk of uitgereik word nie. Lede wat na 31 Augustus aansluit , sal van ‘n amptelike lidmaatskapkaart voorsien word.

Die huidige Shellhole lidmaatskapkaart van die Orde word erken as die enigste medium vir alle doeleindes van die bewys van bonafides en lidmaatskap.

10.4 VERSUIM OM NAAMLYS TE BEVESTIG

Indien ‘n Shellhole in gebreke bly om ‘n naamlys te bevestig, mag die senior Eenheid na deeglike ondersoek, die Shellhole skors en die aangeleentheid aan MOTH Algemene Hoofkwartier rapporteer. ‘n Geskorsde Shellhole sal nie toegelaat word on in reses te gaan nie en moet ten minste een maal per kwartaal as ‘n aktiewe Eenheid vergader. Indien ‘n Shellhole nie opbetaald is teen 30 September van daardie jaar nie, moet die vier dagbestuurslede deur die Distrik Dugout en / of Provinsie per epos in kennis gestel word dat daar teen die Shellhole opgetree sal word ingevolge die voorsienings van Klousule 2.5.4.7 van hierdie Algemene Staande Orders indien nie dit nie opbetaald is teen 15 Oktober van daardie jaar nie.

10.5 LEDEGELDE

Ledegelde deur lede aan Eenhede betaalbaar sal van tyd tot tyd deur die betrokke Eenheid vasgestel word.

10.6 VERWYDERING VAN NAME

Die Dagbestuur mag rede hê om die naam van ‘n lid wat in gebreke met die betaling van sy ledegeld is, van die naamlys geskrap word. Die Dagbestuur mag egter na goeddunke die ledegeld van enige lid uit Shellhole fondse betaal en die naam van die lid op die naamlys behou.

10.7 BUITEPOS RAPPORTERINGSVOORSKRIFTE

10.7.1 Naamlyste en ledegelde moet aan die aangewese Kontrolerende Eenheid van die Buitepos ingedien word.

10.7.2 ‘n Buitepos eenheid moet ten minste elke tweede maand ‘n verslag by die Kontrolerende Eenheid indien wat die volgende punte dek:

10.7 2 1 Afskrifte van notules van vergaderings gedurende die twee maande gehou,

10.7.2.2 Aktiwiteite en projekteb deur die Buitepos onderneem,

10.7.2.3 ‘n Maandelike finansiële verslag met ‘n afskrif van die finansiële staat en ‘n afskrif van die bankstaat (saldo).

10.7.3 Die old Bill en die dagbestuur van die Eenheid moet die Kontrolerende Eenheid ten minste een maal ‘n jaar (afhangende van afstand) besoek, verkieslik met die Algemene Jaarvergadering van die aangewese Eenheid waar die Dagbestuur ingehuldig kan word. Alternatiewelik kan die aangewese Eenheid die Buitepos Eenheid vir die doel besoek.

10.7.4 Indien die Buitepos enige roerende en onroerende eiendom besit, moet ‘n verslag daaroor in die maandelikse verslag ingesluit word.

10.8 BESKERMING VAN PERSOONLIKE INFORMASIE

Die persoonlike informasie van alle Moths wat in die naamlyste of enige databasisse gehou word, moet as streng vertroulik tot die MOTH geag word, en in hierdie verband voldoen aan die Beskerming van Persoonlike Informasie (POPI), soos verseker in Aanhangsel “K”.

11. **FINANSIES**

11.1 BEHEER EN BELEGGINGS

11.1.1 Fondse verkry deur die verkoop van roerende en onroerende bates moet in die algemeen ooreenstem met die doelstellings en ideale van die Orde. Die hantering van fondse verkry deur die verkoop van bates moet eerstens goedgekeur word by Distrik en Provinsiale Dugouts en tweedens deur die Nasionale Dagbestuur volgens die neergelegde kommunikasielyne. In besonder, moet Eenhede in besit van waardevolle finansiële of historiese gedenkwaardighede, ‘n opgawe van daardie items aan die volgende senior Eenheid deur die neergelegde kommunikasielyne vir goedkeuring aan MOTH Algemene Hoofkwartier, verskaf. Die gedenkwaardighede moet teen diefstal, verlies en wanhantering beveilig en in goeie toestand onderhou word. Waar moontlik, moet die items teen vervangings waarde verseker word, en moet die opgawe, wat die versekerde waarde aantoon, jaarliks opgedateer word. Indien ‘n Eehheid van ‘n item wat as ‘n gedenkwaardigheid beskou word, wil ontslae raak, moet eerstens goedkeuring van die betrokke Provinsiale Dugout verkry word. Indien ‘n Eenheid van ‘n item op die opgawe wil ontslae raak, moet die betrokke Provinsiale Dugout goedkeuring van Die Nasionale Dagbestuur verkry.

Opbrengste uit die verkoop van die gedenkwaardigheid moet inbetaal word in die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds.

11.1.2 BELEGGINGS DEUR MOTH HOOFKWARTIER

Die fondse van MOTH Algemene Hoofkwartier en die Spesiale Fonds is direk verantwoordbaar aan MOTH Algemene HoofKwartier, wat gevestig is en wat in die toekoms gevestig mag word, moet belê word om te voldoen aan Regulasie 28 van die Regulasies gemaak onder Seksie 36 van die 1956 Wet op Pensioenfondse.

Dit beteken – Die Regulasie bepaal die beleggings toegelaat en die maksimum gedeelte van fondse wat in elke kategorie belê mag word.

11.1.3 BELEGGINGS DEUR EENHEDE

Alle Eenhede van die Orde sal die reg hê om surplus fondse in die volgende soorte beleggings te belê, onderhewig aan vooraf goedkeuring van die Provinsiale Dugout:

11.1.3.1 Staats of munisipale effekte;

11.1.3.2 Goedgekeurde geregistreerde bouverenigings;

11.1.3.3 Geregistreerde bankinstellings;

11.1.3.4 Eienaarskap van onroerende eiendom;

11.1.3.5 Verband oor onroerende eiendom;

11.1.3.6 Beleggingsmoontlikhede in groot lewensversekeringsmaatskappye;

11.1.3.7 Betroubare eenheidtrusts;

11.1.3.8 Lenings aan Algemene MOTH Hoofkwartier Spesiale Fonds.

11.1.4 AANGAAN VAN LENINGS

Alle Eenhede van die Orde sal die reg hê om lenings teen sekuriteit van roerende of onroerende eiendom aan te gaan en om verbandlenings (ingeslote notariële verbande) daaroor te passeer, onderworpe aan die vooraf goedkeuring van Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het en die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) .In die geval van Provinsiale Dugouts, moet goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur via die Eiendomsbestuurskomitee eerstens verkry word.

11.2 EENHEIDSVERREKENING

In alle gevalle waar ‘n Betaal Bill van ‘n Eenheid of die Orde verplig is om ingevolge die MOTH Konstitisie en Algemene Staande Orders of bestaande wetgewing finansiële state of opgawes in te dien aan ‘n ander Eenheid of enige ander staatsinstansie, moet sulke opgawes feitelik korrek en volledig wees.

11.2.1 BEHEER EN BELEGGING VAN FONDSE

11.2.1.1 Die fondse wat ‘n eenheid toeval en wat in sy besit is, sal onder die toesig en verantwoordelikheid van sy Dagbestuur wees. Die Betaal Bill moet ‘n behoorlike en korrekte rekord hou van alle gelde wat deur sy Eenheid ontvang en bestee is. Sodanige rekords moet óf handgeskrewe óf elektronies gehou word. Indien hierdie rekords elektronies op ‘n rekenaar gehou word, moet die Betaal Bill ‘n uitdruk van al die transaksies maandeliks maak. Die drukstukke moet deur die Betaal Bill op lêer geplaas word en hy moet ‘n afskrif daarvan aan ‘n aangewese Dagbestuurslid voorsien.

11.2.1.2 ‘n Rekening of rekenings moet by ‘n geregistreerde bankinstelling of bouvereniging, geopen word soos ooreengekom en aangeteken by ‘n behoorlike en gekonstitueerde vergadering van die eenheid, in die naam van die “Memorable Order of Tin Hats” **.....** Shellhole/Dugout, en alle gelde ontvang moet stiptelik gedeponeer word in sodanige rekening.

11.2.1.3 Onttrekkings uit sodanige rekenings mag slegs gedoen word teen magtiging en handtekeninge van minstens twee

Dagbestuurslede.

11.2.1.4 Nie-Moths wat Betaal Bill is, mag vir finansiële werktuie en bankrekenings teken met dien verstande dat die tweede ondertekenaar ten alle tye ‘n Moth op die betrokke Dagbestuur is.

Die uitsondering is dat die nie-Moth of Moth wat sodanige werktuie sal teken, nie ‘n familielid, familielid nooi/kêrel of gemeenregtelike eggenoot op dieselfde Dagbestuur is nie. Hierdie uitsondering moet streng nagekom word.

Eggenoot en eggenote, familielede, familielid nooi/kêrel of gemeenregtelike eggenoot wat Moths is, mag nie albei ekenregte hê nie as hulle op dieselfde dagbestuur dien. Dus moet dit slegs óf die een óf die ander wees wat mag teken vir die finansiële instrumente.

11.2.1.5 Elke Eenheid sal uitsluitlik verantwoordelik vir sy eie finansies wees en geen ander senior Eenheid sal nie verantwoordelik vi die aanspreeklikhede van ‘n Eenheid onder sy jurisdiksie wees nie tensy ‘n spesifieke onderneming of waarborg gegee is ten opsigte van ‘n bepaalde aanspreeklikheid of transaksie.

11.2.2 FINANSIËLE OPGAWE

Die Betaal Bill van elke Eenheid moet kwartaalliks, of maandeliks ‘n opgawe aan sy mede dagbestuurslede voorlê, sou hulle so bepaal, wat al die bedrae ontvang en bestee weergee vir die periode wat deur die staat gedek word tesame met huidige bates en aanspreeklikhede en enige wysigings in beleggings of lang termyn aanspreeklikhede nie voorheen

gerapporteer nie.

11.2.3 INKOMSTE EN UITGAWE REKENINGS

Alle Eenhede van die Orde moet ‘n jaarlikse begroting deur hulle Eenhede goedgekeur en aan die volgende senior Eenheid drie maande voor die einde van die finansiële jaar, indien.

Alle Eenhede van die Orde moet hulle maandelikse inkomste en uitgawe rekenings aan die volgende senior Eenheid, indien. Hierdie state moet ‘n vergelyking met die goedgekeurde begroting aantoon. Provinsiale Dugouts wat jurisdiksie het, moet toesien dat dit deeglik gemonitor word.

11.3 FINANSIËLE STATE

11.3.1 GOEDKEURING VAN DAGBESTUUR

Voor die algemene jaarvergadering vir die verkiesing van die apmpsdraers, moet die Betaal Bill van elke Eenheid aan sy mede-dagbestuurslede ‘n inkomste staat en ‘n balansstaat indien, voorberei in ooreenstemming met die erkende rekeningkundige praktyk van die eenheid se voorafgaande finansiële jaar.

11.3.2 VOORLEGGING AAN LEDE

Jaarlikse finansiële state, soos goedgekeur deur die Dagbestuur, geouditeer in ooreenstemming met Klousule 11.8, moet voorwaardelike aanspreeklikhede aan die lede van die Eenheid by die algemene jaarvergadering bekend gemaak word, of die vergadering waar die ampsdraers ingehuldig word.

11.3.3 VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE UITGAANDE DAGBESTUUR

Die uitgaande Dagbestuur mag nie onthef word van die verantwoordelikhede van hulle Eenheid se finansies en alle ander jaareind verwante dokumente nie totdat alle sogenaamde dokumentasie in orde deur die inkomende Dagbestuur asook die volgende senior Eenheid wat jurisdiksie het, ontvang is. Die volgende senior Eenheid wat jurisdiksie het, mag na goeddunke weier om die inkomende Dagbestuur in te huldig totdat die jaareind dokumentasie deur hulle ontvang is. Geouditeerde finansiële state moet aangebied word in ooreenstemming met Klousule 11.3.2.

11.3.4 VOORLEGGINGS AAN VOLGENDE SENIOR EENHEID

11.3.4.1 Nie later as 31 Augustus jaarliks, moet elke Eenheid aan sy volgende senio Eenheid ‘n afskrif lewer van sy jaarlikse finansiële state, deur die Old Bill, Betaal Bill en ouditeur geteken, soos aan die lede van die Eenheid voorgelê in ooreenstemming met sub-Klousule 11.3.2 en sal die Dagbestuur van die volgende senior Eenheid ‘n persoon of persone aanstel om die state te ondersoek en daarop verslag te lewer.

Hierdie persoon of persone sal die reg hê om die state vertroulik met die ouditeur te bespreek en ‘n beroep op die Betaal Bill of Dagbestuur van die Eenheid te doen om inligting of ‘n verduideliking te gee waar wenslik en noodsaaklik geag word.

11.3.4.2 Indien ‘n handeldrywende Eenheid nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, moet die volgende senior Eenheid beheer van al sy boeke, rekenings en koopbewyse oorneem en die beherende komitee daarvan skors. Dit mag ook die dienste van

‘n geregistreerde openbare rekenmeester gebruik om die finansiële stand van die wanpresterende Eenheid vas te stel wat ook die koste verbonde aan die ondersoek sal dra.

11.3.5 OORHANDIGINGSDOKUMENTE

Die uitgaande Old Bill/Bevelvoerder/Voorsitter van ‘n Eenheid moet ‘n oorhandigingsdokument voorberei waarin edelmetaal Staalhelms gespesifiseer word, gesertifiseerde afskrifte van huurooreenkomste aangegaan, kopieë van titelaktes van vaste eiendomme, inventarisse van alle geboue, óf lang- óf korttermyn versekeringspolisse, vaste deposito kwitansies,opgedateerde bate verifikasie sertifikaat en geouditeerde finansiële state vir die afgelope drie jaar. Sodanige oorhandigingsdokument moet aandui waar die bogenoemde dokumente vir veilige bewaring gehou word, tesame met ‘n kwitansie van die instelling of Provinsiale Dugout wat daardie dokumente hou. Oorspronklike dokumente deur die Eenheid self gehou, moet deur die inkomende Old Bill/ Bevelvoerder/Voorsitter besigtig word om homself tevrede te stel dat sodanige dokumente in orde is en die oorhandigingsdokument dan dienooreenkomstig teken. Sodra hierdie oorhandigingsdokument deur die inkomende Ou Bill/Bevelvoerder/Voorsitter geteken is, moet dit vir veilige bewaring aan die volgende senior Eenheid gestuur word en sal deel vorm van daardie Eenheid se oorhandigingsdokument .

11.4 VOORLEGGING DEUR PROVINSIALE DUGOUTS

Provinsiale Dugouts moet jaarliks voor 30 Setember ‘n geouditeerde finansiële staat aan MOTH Algemene Hoofkwartier voorlê.

11.5 PROVINSIALE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Alle Provinsiale Dugouts moet jaarliks voor 30 September ‘n gekonsolideerde finansiële staat soos op 30 Junie, van al die Eenhede onder sy jurisdiksie aan MOTH Algemene Hoofkwartier voorlê, met uitsondering van MESCA.

11.5.1 VERLIES VAN STEMREG

Versuim van ‘n Provinsiale Dugout om betyds aan die vereistes ingevolge Klousules 11.4 en 11.5 te voldoen, sal lei tot die verbeuring van die Provinsiale Dugout se stemreg by MOTH Algemene Jaarvergaderings.

11.5.2 PROVINSIALE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Provinsiale gekonsolideerde finansiële state moet gestaaf word deur die insluiting van die finansiële state van die inkomste en uitgawe rekeninge van al die individuele Eenhede onder die Provinsiale Dugout se beheer. ‘n Sertifikaat moet die Provinsiale gekonsolideerde finansiële state vergesel met ‘n lys van al die Eenhede in die Provinsie wat meld dat al die gelyste Eenhede in die gekonsolideerde state geouditeer is ingevolge Klousules 11.3.4.1 en 11.8.1

11.6 ONREËLMATIGHEDE IN FINANSIËLE BEHEER

11.6.1 RIGLYNE wat toegepas moet word, soos uiteengesit in Aanhangsel “I”, en ondanks hierdie kommunikasielyne, berus die uiteindelike verantwoordelikheid vir die hantering van hierdie onreëlmatighede by die Provinsiale Dugout.
Geen Eenheid van die Orde sal toegelaat word om teen ‘n verlies of oortrokke bankrekening te opereer nie.

Alle Eenhede van die Orde moet hulle jaarlikse begrotings en maandelikse inkomste en uitgawe rekenings aan die volgende senior Eenheid voorlê

en enige verliese moet deur daardie senior Eenheid gemonitor word wat die volgende moet bepaal:

a. Die rede vir die verlies soos gereflekteer in die sub-Eenheid boeke.
b. Of ‘n verlies voortduur en kapitaal gebruik word om projekte te finansiëer waar inkomste in die toekoms verwag word of fondse in die vorige finansiële jaar ingesamel is.
c. Die Eenheid se finansiële sake moet voortdurend gemonitor word om te verseker dat die verliesneiging reggestel is en, indien nie opgelos teen die einde van die MOTH finansiële jaar waarin die verlies plaasvind nie, moet die aangeleentheid aan die volgende senior Eenheid gerapporteer word om korrektiewe aksie te bepaal.
d. Indien die saak nie teen die einde van die MOTH finansiële jaar opgelos is nie, dan sal die Eenheid ingevolge Algemene Staande Orders, Klousule 3.1.3 gesluit moet word.

11.6.2 DISSIPLINÊRE MAATREËLS

‘n Eenheid wat die finansiële voorskrifte van die MOTH Algemene Staande Orders verontagsaam of die Suid-Afrikaanse wetgewing oortree, sal onderhewig wees aan dissiplinêre tugstappe deur die Volle Nasionale Dagbestuur.

11.7 BEHEER VAN FONDSE DEUR EENHEDE

11.7.1 TERUGHOUDING VAN FONDSE

Elke Shellhole behou sy eie fondse vir eie liefdadigheid of ander aktiwiteite in gevolge Klousule 2.2 van die MOTH Konstitusie. Geen Eenheid van die Orde mag meer as 20% van sy jaarlikse donasies in ‘n gegewe jaar aan nie-MOTH aangeleenthede skenk nie.

11.7.2 BEPERKING OP OPENBARE FONSINSAMELING

Geen Shellhole mag openbare fondse van die publiek insamel vir huishoudelike gebruik nie.

11.7.3 TOESTEMMING OM FONDSE IN TE SAMEL

Indien ‘n Shellhole verlang om fonse in te samel vir kothuise en sale of vir enige ander oudstryders aangeleenthede, moet toestemming vooraf van die Distrik of die Provinsiale Dugout verkry word.

11.7.4 FINANSIËLE HULP VAN ANDER EENHEDE

Geen Eenheid van die Orde sal toegelaat word om finansiële hulp van ander Eenhede in enige gebied te versoek sonder die skriftelike toestemming van die senior Eenheid in die betrokke gebied nie, naamlik in die distrik – Distrik Dugout, provinsie – Provinsiale Dugout, die Orde as geheel – die Nasionale Dagbestuur.

11.7.5 ONBESTEDE INGESAMELDE FONDSE

Enige fondse wat vir liefdadigheidsdoeleindes van ‘n nasionale aard ingesamel is, soos goedgekeur deur die Nasionale Dagbestuur, wat om watter rede ookal nie gebruik kan word vir die doel waarvoor dit ingesamel is nie, moet na die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds (verwys na Aanhangsel “C” van hierdie Algemene Staande Orders) oorgeplaas word.

11.7.6 FINANSIËLE JAARVERANDERING

Die Dagbestuur van ‘n Provinsiale Dugout mag om ‘n goeie rede enige Klub of ander Eenheid onder sy jurisdiksie toelaat om ‘n finansiële jaareinde vroeër as 30 Junie te hê, onderhewig aan nakoming, waar

nodig geag, van alle bepalings van hierdie Algemene Staande Orders, in besonder daardie wat op finansies betrekking het.

11.7.7 DONASIES VIR ONDERLINGE HULP

11.7.7.1 Onderworpe aan goedkeuring van lede van ‘n Eenheid by ‘n algemene vergadering, moet donasies en/of Onderlinge Hulp individuele transaksie beperk word tot tien maal die jaarlikse heffingsgelde belaalbaar deur ‘n lid van ‘n Eenheid. Sodanige donasies en/of Onderlinge Hulp is verder onderworpe aan die bepalings van Klousule 2.2 of die MOTH Konstitusie.

11.7.7.2 Indien ‘n bedrag groter as bo genoem, benodig word, mag toestemming alleenlik gegee word indien vooraf skriftelike goedkeuring verkry en gestaaf is deur motiverings van die Provinsiale Dagbestuur. Besonderhede van goedgekeurde donasies aan ontvangers as Onderlinge Hulp, moet by wyse van ‘n skedule in die Eenheid se finansiële state ingesluit wees.

11.8 OUDITERING VAN REKENINGS

11.8.1 AANSTELLING VAN ‘N OUDITEUR

Elke eenheid moet by sy algemene jaarvergadering ‘n bekwame persoon soos hieronder uiteengesit, as sy ouditeur aanstel wat nie ‘n lid van die Dagbestuur van die Eenheid mag wees nie.

Indien ‘n Eenheid vaste eiendom besit, hetsy huurpag of eiendomsreg, met ‘n belasbare waarde van R500 000 of meer, wat enige handeldrywing bedryf (ingeslote die bestuur van ‘n klub met ‘n

omset van R50 000 of meer per jaar), moet die ouditeur ‘n geregistreerde of afgetrede geoktrooiëerde rekenmeester wees, wat verkieslik ‘n Moth is.

In die geval van ander Eenhede moet die ouditeur ‘n geskikte gekwalifiseerde of ervare persoon wees.

11.8.2 VERSUIM OM GEOUDITEERDE REKENINGS IN TE DIEN

Indien enige Eenheid versuim om sy geouditeerde rekeninge aan die volgende senior Eenheid, soos gevra, voor te lê, moet die volgende senior Eenheid beheer oorneem van die rekords en/of fondse van die Eenheid en/of ‘n ouditeur aanstel om dit te ondersoek, rekeninge voor te berei, en verslag daaroor te lewer. Enige koste aangegaan sal verhaalbaar wees van die Eenheid in gebreke.

11.9 FINANSIËLE REKORDS EN BETALINGS

Elke Eenheid moet boekhou van rekeninge en sodanige finansiële state en opgawes voorberei en indien en sodanige belastings betaal soos voorgeskryf volgens enige wet.

12. ROERENDE EN ONROERENDE BATES

12.1 BEHEER VAN SPESIFIEKE FONDSE EN ONROERENDE EIENDOM

Fondse deur enige Eenheid opsygesit vir die verkryging van grond, geboue en ander eiendom, of vir enige spesifieke doel anders as algemene fondse, moet beheer en hanteer word deur die Dagbestuur van die betrokke Eenheid of deur lede spesiaal aangestel om sodanige eiendomme en fondse te beheer. Alle toekomstige verkryging van onroerende eiendom moet in die naam van die Memorable Order of Tin Hats (MOTH) wees gevolg deur die naam van die Eenheid.

Alle Titelaktes van MOTH onroerende eiendom, gekoop of

aan Eenhede geskenk, moet vir veilige bewaring by MOTH Algemene Hoofkwartier gehou word. Waar ‘n verband op die eiendom is, moet fotokopië van die aktetitels en die verbandooreenkoms van die verbandhouer verkry word en by MOTH Algemene Hoofkwartier ingedien word.

Wanneer onroerende eiendom aangekoop word, moet ‘n klousule in die titelaktes ingesluit word wat vermeld dat die eiendom nie verkoop mag word sonder die vooraf goedkeuring van MOTH Algemene Hoofkwartier nie. ‘n MOTH Eenheid wat die titelaktes van ‘n eiendom wat dit besit, wil bekom, moet ‘n skriftelike aansoek aan die Provinsiale Dugout rig, met die rede vir die versoek. Die Provinsiale Dugout mag na deeglike oorweging die Titelaktes beskikbaar stel.

12.2 VERKRYGING VAN ONROERENDE EIENDOM

12.2.1 FORMELE BESLUIT

Die verkryging van ‘n vaste eiendom of huurgrond deur ‘n Eenheid van die Orde, moet as ‘n formele resolusie in die notules van die Eenheid aangeteken word, wat die voorwaardes ten opsigte van die voordeel volledig beskryf met ‘n beskrywing van die eiendom wat verkry is. Die verantwoordelikheid van die beheer en administrasie van die eiendom moet op dieselfde wyse gespesifiseer en genotuleer word.

12.2.2 ONTWIKKELING VAN VASTE EIENDOM

Enige fondse benodig vir die ontwikkeling van vaste eiendom, soos onder gemeld, moet voor begroot word, voor die begin van elke finansiële jaar en hierdie begroting moet goedgekeur word deur die neergelegde kommunikasiekanale. Indien die beoogde uitgawes minder as R100 000 is, moet sodanige aansoek deur die neergelegde kommunikasiekanale aan die Provinsiale Dugout Dagbestuur voorgelê word vir sy goedkeuring. Indien enige Eenheid van die Orde beoog om meer as

R100 000 vir enige van die volgende te spandeer:

Vaste eiendom ontwikkeling, o.a. veranderings, plaveisel, paaie , ens. toevoegings tot bestaande eiendom; aankoop van nuwe eiendom voortspruitend uit aankope of geskenke; op grond te bou; eienaarskap neem van nuwe grond deur aankope of geskenk,en aangaan van onderhoudsonkoste. Mits die Eenheid toegang het tot:

* Voldoende fondse om die uitgawes te dek,
* Ten minste twee gedetailleerde kwotasies vir sodanige uitgawes van betroubare firmas verkry is,
* Goedkeuring van die Plaaslike Owerheid vir sodanige veranderings/ontwikkelings voor die aanvang van die werk wat uitgevoer moet word, verkry is.

Goedkeuring om dit te doen, moet deur die neergelegde kommunikasiekanale aan die MOTH Eiendomsbestuurskomitee (PMC) gemaak word voor voorlegging aan die Nasionale Dagbestuur.

Enige bedrag onder die R100 000 Provinsiale limiet, moet onder die aandag van die Nasionale Dagbestuur gebring word.

Verwys ook na die SOP’s in hierdie verband.

12.2.3 VERSEKERING VAN GEBOUE

Alle geboue moet teen vervangingswaarde verseker word en in die geval van handeldrywende Eenhede, moet verlies aan winsdekking uitgeneem word. Provinsiale Dugouts moet toesien dat alle risiko’s en SASRIA volledig gedek is en moet veresekeringspolisse ondersoek vir onvoldoende dekking.

12.2.4 EENHEDE WAT VASTE EIENDOM BESIT

Eenhede wat vaste eiendom besit moet ‘n instandhoudingfonds van 5% van die vervangingswaarde van die verbeterings opbou. Die fondse toegeken vir hierdie doel moet belê word en die inkomste en kapitaal moet gebruik word vir instandhouding en verbeterings.

Instandhoudingsfondse moet apart in die finansiële state van Eenhede wat vaste eiendomme besit, gespesifiseer word.

12.2.5 ROERENDE MILITÊRE WAPENTUIG

Onder geen omstandighede mag enige Eenheid, of ‘n lid van die Orde, wegdoen met enige militêre wapentuig / artifakte, wat aan dit toevertrou is sonder die skriftelike goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur ingevolge die kommunikasielyne nie.

Alle gemonteerde artifakte op eenheid en Shellhole eiendom, MOTH gedenkplekke en ingeslote van militêre wapentuig, bly die eiendom van die MOTH.

12.2.6 Alle eenhede moet, in ooreenstemming met Algemene Staande Orders, Klousule 11.3.5, ‘n opgedateerde register byhou van alle militêre wapentuig gehou binne hulle strukture en omringende eiendom. Dit sluit in MOTH gedenkplekke en of senotawe deur die betrokke eenheid.

12.2.7 Geen donasies of op-leen van enige militêre wapentuig, en met verwysing na onaktiewe of aktiewe wapens, onaktiewe plofstowwe of potensiëel gevaarlike aktifakte, mag aanvaar word sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Nasionale Dagbestuur ingevolge die kommunikasielyne nie.

12.3 OPBRENGSTE UIT DIE VERKOOP VAN BATES

12.3.1 EENHEDE VAN DIE ORDE

12.3.1.1 Dat alle fondse, plus opgehoopte rente, wat tans deur Provinsies ingevolge Klousule 12.3.1 gehou word, oorbetaal moet word aan MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds.

12.3.1.2 Dat die netto opbrengs wat verkry is van die wegdoen van bates wat deur enige Eenheid van die Memorable Order of Tin Hats gehou is, oorgeplaas moet word na die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds.

Met betrekking tot die wegdoen van bates, waar sulke bates vaste en onroerende eiendomis, dat 10% van die netto opbrengs van sulke bates ten eerste aan ‘n fonds gerig word wat gevestig sal word, getiteld DIE WARRIORS GATE BEWARINGSFONDS. Die oorblywende 90% van die netto opbrengs van die verkoop van sulke bates geplaas word in die MOTH Algemene Koofkwartierfonds soos teenswoordig, wat voldoen het aan die bepalings van Aanhangsel “C1”.

12.3.1.3 ‘n Eenheid mag aansoek doen vir terugbetaling van sodanige fondse wat aan die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds oorbetaal is binne ‘n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van die verkoop of onteiening van enige eiendom, mits genoegsame bewys gelewer kan word dat sodanige fondse benodig word om ander projekte, aanvaarbaar vir die Nasionale Dagbestuur, te finansiëer. Fondse wat nie

na die verstryking van ‘n periode van drie jaar terugbetaal is nie, sal in die onverdeelbare reserwe van die MOTH Spesiale Fonds gehou word.

12.3.2 MESCA EENHEDE

12.3.2.1 Dat die netto opbrengste voortspruitend uit die verkope/wegmaking van enige bates gehou deur enige Eenheid van die Memorable Order of Tin Hats, moet oorgeplaas en gehou word in die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Rekening Fonds.

‘n MESCA Eenheid mag aansoek doen om terugbetaling van fondse inbetaal in die rekening van MOTH Algemene Hoofkwartier MESCA Spesiale Fonds binne twaalf maande vanaf die datum van die verkope/wegmaking van sy eiendom, mits bewys gelewer kan word dat sodanige fondse benodig word vir finansiëring van ‘n projek aanvaarbaar vir die Eiendomsbestuurskomitee (PMC), wat ‘n aanbeveling aan die Volle Nasionale Dagbestuur vir goedkeuring moet maak.

12.3.2.2 ‘n MESCA Eenhied mag aansoek doen vir terugbetaling van fondse deur MOTH Algemene Hoofkwartier MESCA Spesiale Fonds gehou binne ‘n periode van drie jaar vanaf die datum van die verkope/wegdoening van enige eiendom, mits voldoende bewys gelewer kan word dat sodanige fondse benodig vir finansiëring van ander MESCA projekte/doelstellings goedgekeur deu die Nasionale Dagbestuur.

Fondse wat na die verstryking van die drie jaar periode nie terugbetaal is nie, sal in die reserwe van die MOTH Algemene Hoofkwartier MESCA Spesiale Fonds gehou word.

12.4 ONTEIENING VAN ONROERENDE EIENDOM

12.4.1 Volle besonderhede, hetsy geskrewe of mondelings, deur ‘n Eenheid gemaak ten opsigte van enige voorstel om onroerende eiendom van die Enheid te onteien, of wat alreeds onteien is, moet onmiddellik deur die Eenheid ingevolge die neergelegde kommunikasielyne aan die Nasionale Dagbestuur bekend gemaak word.

Geen aanbod wat gemaak word ten opsigte van onteiening sal aanvaar word sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur. Die opbrengste van enige vergoeding betaal deur die onteieningsowerheid is onderhewig aan die bepalings van klousule 12.3 van hierdie Algemene Staande Orders.

12.4.2 Ten opsigte van die vervanging van enige onteiende eiendom wat deur ‘n Eenheid benodig word, die verkryging of verbetering van onroerende eiendom, insluitend die oprigting en/of geboue wat nog deur ‘n Eenheid gebou moet word as vervanging van die onteiende eiendom, sal onderhewig wees aan die skriftelike goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur ingevolge die neergelegde kommunikasielyne en al die vereistes soos bepaal in Klousules 12.2.2 en 12.2.3, sal van toepassing wees op sodanige verkryging of verbeterings.

12.5 BEPERKING OP VERVREEMDING VAN BATES

Indien ‘n Shellhole disfunksioneel verklaar word en sy roerende bates is nie meer as R1 000 netto nie, mag die Shellhole se Provinsiale Dugout van sodanige fondse

aanwend vir slegs MOTH doeleindes. Die Nasionale Dagbestuur moet van die bedrag betrokke en waarvoor dit aangewend is, verwittig word. Die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie oor die disfunksionele Shellhole wat ‘n voorraadlys van gedenkwaardighede het, moet besit neem daarvan en advies van die Nasionale Dagbestuur inwin rakende die wegdoen daarvan. Die opbrengste van enige verkope moet in die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds inbetaal word.

12.6 SKIKKING VAN GESKILLE

Sou ‘n geskil tussen ‘n Eenheid van die Orde en die volgende senior Eenheid ontstaan, in die uitvoering van van die bepalings van hierdie Klousule, moet die aangeleentheid na die volgende senior Eenheid verwys word met die reg op appèl deur die amptelike neergelegde kommunikasielyne met ‘n finale appèl aan die Nasionale Dagbestuur wie se beslissing finaal en bindend sal wees.

12.7 HUURGROND

Eenhede mag nie ‘n huurooreenkoms aangaan vir huureiendom of vir die hernuwing van ‘n huurkontrak wat verval nie sonder die goedkeuring van die Volle Nasionale Dagbestuur wat kennis sal neem van die aanbeveling van die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) deur wie aansoeke vir nuwe of verlenging van huurkontrakte gestuur moet word. Sodanige huurkontrakte moet vergesel word deur ‘n uitvoerbaarheidstudie goedgekeur deur ‘n regsadviseur.

Eiendom wat deur ‘n MOTH Eenheid gehuur word, wat nie die eiendom van die MOTH is nie, mag nie deur enige MOTH Eenheid verbeter word, of fondse beskikbaarstel vir verbetering , opgradering of opknapping daarvan nie.

12.8 VERVREEMDING VAN MOTH EIENDOM

Die vervreemding van MOTH eiendom deur die verhuuring van eiendom of die aangaan van ‘n huurooreenkoms om eiendom te bewoon, moet eerstens deur die Distrik en

Provinsiale Dugouts, wat jurisdiksie het, en dan deur die Nasionale Dagbestuur goedgekeur word. Hierdie konsepooreenkomste moet volgens neergelegde kommunikasie lyne ingedien word.

13. **PUBLISITEIT**

13.1 PERSVERKLARINGS

Elke Provinsiale of Distrik Dugout of Shellhole mag in enige koerant artikels van algemene belang vir die publiek met betrekking tot sy sosiale en liefdadigheids aktiwiteite, publiseer.

13.2 MEDIASKAKELING

Geen lid van die Orde sal toegelaat word om namens die MOTH met die media te kommunikeer nie, of om op enige wyse voorgee om die standpunte van die Orde oor te dra sonder die goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur. Die Media word gedefiniëer as enige drukwerk soos koerante, boeke, tydskrifte, pamflette, ens., uitsaaimedia soos die radio, televisie, films of internet,ens., of enige ander elektroniese wyses van kommunikasie soos epos, Facebook, Twitter, ens. wat aan die algemene publiek beskikbaar is.

13.3 UITBUITING DEUR ‘N LID

Geen lid mag die Orde uitbuit tot sy eie voordeel in handel of politiek, hetsy dit op plaaslike, provinsiale of nasionale vlak is nie.

Sodanige dade sal beskou word as ‘n skending van die gees van hierdie Algemene Staande Orders.

13.4 REKLAME

Lede in handel of besigheid word toegelaat om in enige erkende MOTH publikasie te adverteer en om die woord “Moth” te gebruik.

14. WYSIGINGS AAN DIE MOTH ALGEMENE STAANDE ORDERS

14.1 Geen klousule van hierdie Algemene Staande Orders mag gewysig, bygevoeg of herroep word, behalwe deur ‘n besluit van MOTH Algemene Hoofkwartier.

14.2 Enige veranderings, wysigings of byvoegings aan die Staande Operasionele Prosedures (SOP’s) moet deur die Volle Nasionale Dagbestuur goedgekeur word.

Staande Operasionele Prosedures (SOP’s) is ingestel vir riglyne aan alle MOTH Eenhede wat onroerende eiendom besit asook Kothuisskemas, ingeslote MESCA-takke, om te verseker dat eenvormige beleid dwarsdeur die Orde toegepas word. Hierdie prosedures moet nou deur ALLE MOTH EENHEDE van die Orde gebruik word om die verskeie komitees en hulle dagbestuurslede by te staan in die handhawing van goeie bestuur. Dit moet toegepas word tesame met die MOTH Algemene Staande Orders.

15. **ANDER ORGANISASIE**

15.1 BEPERKINGS

Geen werwing of propaganda vir ander organisasies word by MOTH vergaderings toegelaat nie. Geen lid van die Orde is gemagtig om sy sienswyse aan enige ander nasionale oudstrydersorganisasie voor te stel sonder die toestemming van die MOTH Nasionale Dagbestuur nie.

15.2 AANSTELLING VAN AFGEVAARDIGDES

Provinsiale Dugouts en Takkomitees van Kothuisbestuurskomitees mag en word aangemoedig om afgevaardigdes aan te stel om op enige behoorlike saamgestelde komitee van ander oudstryderorganisasies oor streeksaangeleenthede van gemeenskaplike belang te dien.

16. **ONTBINDING VAN DIE ORDE**

16.1 Raad van Likwidateurs

In die geval van ‘n besluit om die Orde te likwideer, sal die Volle Nasionale Dagbestuur van die Orde, soos dit dan saamgestel is, ‘n Raad van Likwidateurs van die bates van die Orde vorm, met magte om sodanige persone daarop te koöpteer uit die hoofde van hulle profesionele kwalifikasies, wat na die uitsluitlike goeddunke van die Raad van Likwidateurs nodig is om dit in staat te stel om genoemde funksies doeltreffend en volledig uit te voer in die beste belang van en in oorreenstemming met die ideale en doelstellings van die Orde.

16.2 KEURING EN BEWARING VAN BATES

Die genoemde Raad van Likwidateurs sal, na behoorlike ondersoek ingevolge die kommunikasielyne van die Orde, daardie vaste eiendom, trofeë, monumente, gedenkwaardighede en ander bates wat die eiendom van die Orde is, uitkies wat dit as gepas beskou om te bewaar en te onderhou te word as blywende nagedagtenis van die Orde en aan diegene wat hulle lewens in oorlog en in diens van hulle land neergelê het.

16.3 INSTRUKSIES VIR DIE SLUITING VAN ALLE EENHEDE

Na keuring van die genoemde eiendomme, trofeë, monumente, gedenkwaardighede, en ander bates sal die Raad van Likwidareurs voortgaan om instruksies te gee vir die sluiting van al die Eenhede van die Orde ingevolge die neergelegde prodedures van die Algemene Staande Orders en vir die omskakeling in kontant van al die bates deur sulke Eenhede gehou behalwe die gekeurde items vir bewaring.

16.4 OORDRAG VAN FONDSE

Elke Eenheid van die Orde sal daarop voortgaan om sy eie sake af te handel, en sal die netto kontantopbrengste van die verkoop van sy bates oordra na ‘n spesiale bankrekening wat vir daardie doel deur die Volle Nasionale

Dagbestuur by ‘n geregistreerde handelsbank geopen is en sal die Raad van Likwidateurs van ‘n volledige staat oor die afsluiting van die Eenheid voorsien.

16.5 VERSORGING VAN BATES

Elke Eenheid moet verder alle gekose eiendomme, trofeë, monumente, gedekwaardighede en bates soos hierbo genoem, op so ‘n wyse bewaar soos voorgeskryf sal word deur die genoemde Raad van Likwidateurs.

16.6 BEWARING VAN GEDENKWAARDIGHDEDE

In die keuse van eiendom en bates vir bewaring, sal die Raad van Likwidateurs die geografiese posisie van bates in ag neem, die belangrikheid daarvan as ‘n nagedagtenis aan diegene wat oorlede is, die stand van bewaring en beraamde koste van instandhouding, en die kontantbronne beskikbaar met die sluiting van die Orde vir die bewaring van gedenkwaardighede. Nieteenstaande enigiets wat in hierdie Algemene Staande Orders vervat is wat ‘n teenstrydige voorneme toelaat, sal Warriors Gate in Durban en alle meubels, trofeë en ander items daarin bewaar word as ‘n ewigdurende gedenkwaardigheid van die Orde en gesneuwelde oudgediendes.

16.7 NOTARIËLE TRUSTAKTE

Die genoemde Raad van Likwidateurs wat namens die Orde optree, sal na eie goeddunke ‘n Noteriële Trustakte voorberei en uitvoer, dit reguleer en aan die genomineerde Trustees in genoemde Trustakte alle eiendomme, trofeë, monumente, gedenkwaardighede en bates vir bewaring soos genoem, oorhandig, asook alle fondse verkry uit die verkope van ander bates van die Orde, wat dan deur die genoemde Trustees vir die doeleindes soos uiteengesit in die genoemde Aktetrust, gehou moet word. Die konsep Trustakte, toepaslik gewysig en gedateer 4 November 1984, sal as ‘n riglyn vir die Likwidateurs dien in voorbereiding van die Notariële Trustakte wat deur hulle uitgevoer moet word.

16.8 BESLUIT VIR ONTBINDING

16.8.1 Na voltooiing van die oorhandiging van alle bates van die Orde aan die Trustees, sal die Raad van Likwidateurs besluit dat die Memorable Order of Tin Hats ontbind moet word en waarop die Orde dan ontbind sal word.

16.8.2 Na die ontbinding van die Orde soos voorsien in Klousule 3 van die Algemene Staande Orders, sal alle kapitaal en opgehoopte inkomste, in die volgende volgorde van voorkeur uitbetaal word aan:

16.8.2.1 sodanige organisasie of organisasies wat dieselfde doelstellings as diè van die MOTH het, en wat goedgekeur is deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste as ‘n Openbare Welsynsorganisasie ingevolge Seksie 30 van die Inkomstebelastingswet, Wet 58 van 1962; of

18.8.2.2 sodanige ander organisasie of organisasies wat wetlik soos beoog, gevestig is in Seksie 10(1) (cA)(1) van die Inkomstebelastinswet wie se enigste of belangrikste doelstellings is om ‘n Openbare Welsynsaktiwiteit bedryf; of

18.8.2.3 enige ander sodanige organisasie of organisasies, wat toegelaat mag word ingevolge die heersende wette van die Republiek van Suid-Afrika ten tye van die ontbinding, of soos besluit mag word na goeddunke van die Nasionale Dagbestuur by die vergadering waar besluit is om die Provinsiale Dugout te ontbind.

BYLAES TOT DIE ALGEMENE STAANDE ORDERS

AANHANGSEL "A"

1. **BASIESE RITUELE VAN STIGTER**

Die gees van die Orde word by elke Moth vergadering gesimboliseer deur die staalhelm en brandende kers wat dui op die voortsetting van die frontliniekameraadskap wat ras, rang en sosiale status oortref binne die betekenis van die MOTH. Drie groot dobbelstene, gemerk TC-Troue Kameraadskap, MH-Onderlinge Hulp en SM-Opregte Nagedagtenis wat naby die staalhelm geplaas behoort te word. Alle lede staan bekend as Moths.

OPENING VAN SHELLHOLE VERGADERING

Sodra die Shellhole vir die vergadering byeen is, maak die Sersantmajoor (brandwag) die deur toe. Al die ligte word afgeskakel. Die Old Bill steek die kers op die staalhelm aan. Al die Moths staan op aandag.

Ou Bill: "In Troue Kameraadskap, Onderlinge Hulp en Opregte Nagedagtenis, open ons hierdie Shellhole". "MOTH, Saluut!" Pouse, (absolute stilte). Daarna, "Staak saluut!" Aan die einde van die pouse sing almal geesdriftig, "Old Soldiers." Kers word geblus. Ligte word aangeskakel. Op die plek rus. Almal sit.

INLYWING VAN REKRUTE

Alle Moths staan op aandag. Die rekruut vat volledig ingelig is oor die doelstellings van die Orde en wat die voldoen aan die kwalifikasies van die Shellhole, bly buite die deur. Gepaste musiek, soos die MOTH se "Tin Hats" – mars, word gespeel terwyl die deur geopen word en die Sersantmajoor en die eskort en die rekruut word ingemarsjeer tot by die Ou Bill se tafel. Musiek eindig. Al die ligte word afgeskakel. Vlam van Herinnering word aangesteek.

OB aan nuwe rekruut: "Vriend, is jy gewillig om hierdie Orde en hierdie Shellhole te dien?" (Rekruut antwoord "Ja".)

OB: "Herhaal agter my aan: Ek, (rekruut sê sy naam) bied my

kameraadskap aan hierdie Shellhole en my ywer aan hierdie Orde. Ek bied blymoedig my diens aan as getuie dat ons leef om mekaar se laste te verlig. In die lig van hierdie Shelllhole, verklaar ek dat hy wat langs my geveg het, steeds my kameraad is, waar hy ookal mag wees en in sy naam erken ek plegtig deur hierdie MOTH Saluut (Old Bill stel die voorbeeld), dat ons hier is om binne die Drie Doelstellings van (Old Bill wys na die simbole van TK, OH en ON), Troue Kameraadskap, Onderlinge Hulp en Opregte Nagedagtenis te werk, wat ons praktiese uitdrukking en opregte pogings in die werk van hierdie gedenkwaardige Orde vereis."

Rekruut beëindig saluut en OB gee hom 'n handdruk en oorhandig aan hom 'n lapel staalhelm, sertifikaat van lidmaatskap en die Eenheid se Konstitusie. Terselfdertyd dra 'n bekwame spreker in die Shellhole die volgende voor wat hy gememoriseer het:

" Laat dit aan alle MOTH kamerade bekend wees dat die kernpunt van ons Orde die staalhelm is, geheilig deur die lig van diens. Ons volledige embleem sluit die gekruisde gewere van opoffering in, omring deur twaalf sterre, wat onderlinge hulp voorstel, die geheel binne 'n eindelose sirkel wat lewe en ewige harmonie simboliseer."

Hierop sing al die Moths "Old Soldiers" en herhaal die laaste reël in gedempte stemme. Vlam van Herinnering word geblus. Ligte word aangeskakel. Rekruut word na 'n sitplek begelei. Almal sit.

SLUITING VAN SHELLHOLE VERGADERING

Die Sersantrmajoor (brandwag) maak die deur toe. Al die lede staan. Ligte word afgeskakel. Old Bill steek die Vlam van Herinnering aan.

OB: " In Troue Kameraadskap, Onderlinge Hulp en Opregte Nagedagtenis, sluit ons hierdie Shellhole. MOTH, Saluut!"

Kort pouse. Staak Saluut. Almal sing "Pack up your troubles", of keuse van Shellhole. Vlam van Herinnering word geblus. Ligte word aangeskakel. Lede sit. Gemeenskapsang en vermaak.

LET WEL:

1. Alle Moths staan as die Vlam van Herinnering brand. Gedurende

die pouse dink elke lid aan gesneuwelde kamerade. Rook of die gebruik van alkohol tydens seremonies is verbode.

2. Die gebruik van alkohol tydens verloop van die vergadering is verbode.

INLYWING VAN DAGBESTUUR

(Alle MOTH Eenhede)

Alle inkomende dagbestuurslede sal op aandag in enkelgelid na

die vergadering gewend, staan. Ligte sal aangeskakel wees. Almal teenwoordig sal op aandag staan.

Inlywingsoffisier: “Inkomende dagbestuur, MOTH, Saluut!”

“Herhaal duidelik na my: Ek, aanvaar hierdie amp om my kamerade ingevolge die Drie Ideale van die Orde te dien, van die Konstitusie en Algemene Staande Orders, waaraan ek my onwrikbare trou gee en deur die gees waarvan en onderneem om die goeie naam van die Orde onder alle gemeenskappe te bevorder en sodoende goeie humor en harmonie onder alle Moths, waar hulle ookal mag wees, aan te wakker.”

Inlywingsoffisier: “Staak Saluut!”

Gee die Dagbestuur ‘n handdruk en oorhandig die ampstekens. Dagbestuurslede neem amptelike sitplekke in. Almal teenwoordig sit.

SKEMERPARADES

Gedenkdae moet deur alle Moths waargeneem word. MOTH Skemerparades/Gedenkparades is soos volg:

1. Seremoniemeester verwelkom alle eregaste, belangrike persone en ander gaste.
2. Seremoniemeester verduidelik parade en beveel almal teenwoordig wanneer om te staan, hoofdeksels te verwyder en prosedures wanneer Laaste Eerbetoon gespeel word.

3. Erewagte moet twee minute voor die aanvang van die seremonie op hulle poste wees.
4. Vra die Kapelaan om sy diens te lewer.
5. Na die seën neem die Seremoniemeester oor en vra die Sersantmajoor om die vlae te stryk indien daar meer as net die Nasionale Vlag wapper.
6. Die Sersantmajoor bring die parade op aandag. Die Seremoniemeester vra diegene wat sit om te staan. Indien daar erewagte op parade is, word die bevel “Presenteer Geweer” gegee.
7. Die MOTH Gebed word gelees.
8. Laaste Eerbetoon word gespeel en die Nasionale Vlag word gestryk.
9. “Staak Saluut” op bevel, of versuim daarvan, na die laaste note van die Laaste Eerbetoon.
10. Twee minute stilte.
11. Reveille word gespeel en die Nasionale Vlag word gehys.
12. Die Sersantmajoor hys die vlag waarop alle ander vlae gehys word.
13. Seremoniemeester roep die persone uit wat kranse gaan lê of kruise gaan plant. Dit geskied in orde van senioriteit soos per protokol bepaal.
14. Terwyl kranse gelê word, en indien ‘n trompetspeler teenwoordig is, mag hy die Klaaglied speel terwyl die kranse gelê word.
15. Aan die einde van die kranslegging word die Nasionale Volkslied gesing . Moths in uniform staan op aandag maar salueer nie.
16. Sodra almal teenwoordig sit, bedank die Seremoniemeester hulle vir bywoning van die parade.
17. Erewagte word afgemarsjeer en parade word verdaag.

MOTH GEDENKDAG

Elke Shellhole in die Orde, moet individueel of gesamentlik een of ander gepaste gedenkdaad op 11 November jaarliks hou, maar alle Eenhede sal volledige vryheid van optrede behou vir sodanige dade op ander dae.

2. KWALIFIKASIES VIR LIDMAATSKAP

AANHANGSEL"B"

AANHANGSEL "B1"

Terminologie:

1. Aktiewe ontplooiing verwys na vegsoldate.
2. Ondersteuningsontplooiing verwys na daardie wat dienste aan vegsoldate verleen.
3. Operasionele gebiede verwys na ontplooiing op die SWA / Angola grense waar spesifieke noodwetgewing ingestel is en in Suid Afrika gedurende die noodtoestand.
4. Nie-operasionele gebiede verwys na gabiede waar vyandige insurgente aktief teengestaan is sonder dat die gebied ooit as 'n operasionele gebied wettiglik verklaar is.

Onderworpe in alle gevalle aan die voorlegging aan MOTH AHK bevredigende bewys van sodanige diens, kan personeel in aanmerking kom vir lidmaatskap van Die ORDE wat as volg gedien het:

OORLOË VOOR 31 AUGUSTUS 1945 WAARIN GEÄLLIËERDE MAGTE BETROKKE WAS

KLOUSULES 1 – 6

a) Veterane van Wêreld Oorloë wat gedien het in al die operasionele teaters.

- Geen Wêreld Oorlog I veterane lewe meer nie.
- Wêreld Oorlog II veterane val tans in die ouderdomsgroep 95+.

1. In enige oorlog voor 1939 as 'n lid van die gevegsmagte , insluitend mediese en ander hulpeenhede van sodanige nagte. Dit sluit alle oorloë en veldtogte in enige land in.

2. In die oorlog van 1939-45 en daaropvolgende veldtogte as lede van die Unieverdedigingsmag wat buite die grense van die Unie aktiewe diens verrig het.

3. As voltydse lede van die Unieverdedigingsmag in die Kus- of Kusgarnisoenartillerie en in die Suid-Afrikaanse Lugeskaders betrokke by seepatrolliewerk. Dit sluit lede van die Radardiens en Kusbootbemanning verbonde aan die Artilleriebatterye eb sie SALM Eskaders hierbo genoem in.

4. As voltydse lede van die Suid-Afrikaanse Vlootmagte buite die Unie of wat betrokke was by die kusverdediging van die unie. As l lede van die Britse of Gealliëerde Magte; Lugmag, Vloot of Leër in Groot Brittanje of in die buiteland.

LET WEL: In Britanje word die Tuiswag en Nasionale Brandweerdiens nie as gewapende magte beskou nie.

5. As offisiere en manskappe op skepe van die Gealliëerde Handelsvloot ter see gedurende die Wêreldoorlog I en Wêreldoorlog II en kleinere veldslae soos in Paragraaf 7 genoem. As voltydse lede van die Lughulpdiens van die Gealliëerde Magte (soos die BOAC) wat in gevegsgebiede gedien het ter ondersteuning van die Gealliëerde Magte in Wêreldoorlog I.

6. In die Ondergrondse Weerstandsbewegings (Partisaanmagte) gedurende die 1939-1945 Wêreldoorlog aan die kant van die oorspronklike bondgenote.

7. **BRITSE-, STATEBOND, VERENIGDE NASIES- EN VERENIGDE STATE MAGTE:**

7.1 Kleinerveldtogte:

a) Palistina (1946-49), Jemen (1964-67), Maleisië (1948-60), Wes-Maleisië (1962-68), Brunei (1962-68), Korea (1950-56), Kenia (1952-56), Suez (56-57), Ciprus (1955-59), Brunei (1962-68).

b) Rhodesië Noord en Suid en Nyasaland Federasie Noodmobilisering (1961-62).

c) Viëtnam Oorlog (1965-73).

d) Noord-Ierland (1969-99).

e) Falklands Oorlog (02/04/1982-21/10.1982).

8. **RHODIESE VEILIGHEIDSMAGTE**

8.1 Aktiewe- en ondersteuningsontplooiing gedurende die Rhodesiese Bos Oorlog(1966-80).

9. **SUIDWES AFRIKA GEBIEDSMAG EN SWAPOL TEENINSURGENSIE**

9.1 Aktiewe- en ondedrsteunings ontplooiing gedurende die SWA Bos Oorlog

10. **SUID-AFRIKAANSE SEKURITEITSMAGTE EN POLISIE**

10.1

a) Aktiewe deelname in operasies in die buurstate nl. Angola, Botswana, Lesotho, Mozambique, Rhodesië, Swaziland, SWA en Tanzanië, ingeslote is Vlootmagte ter see in die gebied van die ewenaar op die Oos-Afrika kus (1966-89).

b) Diens in ‘n operasionele- en ondersteuningsgebied gedurende die SWA en Angola Bos Oorlog (1973-89).

10.2

a) Aktiewe delname in stedelike en plattelandse operasies regdeur Suid-Afrika gedurende die Noodtoestand (1983-89).

b) Aktiewe ondersteuningsdeelname regdeur Suid-Afrika gedurende die Noodtoestand (1983-89).

c) Veiligheidsmagte diens gelewer gedurende die periode 1989-94 tot en met die verkiesingsperiode.

d) Veiligheidsmagte diens gelewergedurende die periode 1961-83 en nie ontplooi is in ‘n spesifieke aangewese operasionele gebied nie.

10.3

a) Aktiewe delname en werk in aangewese Noodsaaklike Dienste Depatemente om die operasionele gereedheidven die Veiligheidsmagte gedurende 1966-89 te verseker (Krygkor, Atlas Lugvaart, ens).

11. SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG

11.1 Lede wat sedertdien 1994 ontplooi is in veldtogte ter ondersteuning van die Afrka Unie, Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en die Verenigde Statein operasies regdeur die Afrika kontinent.

12. GEÄLLIËERDE- EN NAVO MAGTE

12.1

a) Operasie Desert Storm (1990-91).

b) Balkanse Konflik (1991-2001)

c) Afghanistan (2001-21).

d) Irak (2003-13).

12.2

a) Personeel wat tans dien en gedienhet in onlangse operasies deur NAVO Internasionall bedryf.

KEURINGSPROSEDURES VIR NUWE REKRUTE

Hierdie stapsgewyse riglyne moet gevolg word:

Bevestiging

1. Die voornemende nuwe lid moet die nuutste weergawe van die Algemene Hoofkwartiervorm 1 (GHQ1) voltooi, soos beskikbaar op die MOTH webwerf, en verdere ondersteunende dokumentasie moet waar van toepassing ingevul word.

2. Die Shellhole, moet na die besonderhede soos uiteengesit in die Algemene Staande Orders, Klousules 1.3.1 en 1.3.2, nagekom is, die aansoek by die volgende senior Eenheid indien (d.i. Distrik of Provinsiale Dugout) vir bevestiging. Op Shellhole vlak moet spesiale aandag aan die rol en funksie van die Borge soos uiteengesit in die Nasionale Werwingsoffisier Omsendbrief, gedateer 28/02/2020, gegee word.

3. Indien die volgende senior Eenheid onseker is oor die kwalifikasies van die voornemende nuwe lid, moet die saak ingevolge die kommunikasielyne na die Nasionale Werwingsoffisier verwys word.

4. Die voornemende nuwe lid moet ten volle ingelig wees oor die besonderhede soos uiteengesit in Klousule 1 (Sub-klousules ingeslote) van die Algemene Staande Orders voor inlywing.

5. Sodra bevestiging van die volgende senior Eenheid verkry is, mag die voornemende lid oorweeg word vir inlywing na bywoning van ten minste drie algemene vergaderings.

6. Dit sal help om die verbintenisvlakke van individue wat werklik belangstel om goeie Moths te word, te bepaal, asook die geleentheid aan Shellhole lede bied om die geskiktheid van voornemende lede te bepaal.

7. Die inlywing van ‘n nuwe lid mag voortgaan na die voorafgenoemde stappe voltooi is en die Shellhole die geskiktheid van die lid met ‘n eenvoudige meerderheidstem goedgekeur het.

Notas

1. Die GHQ1 vorms vir Buiteposte van Algemene Hoofkwartier (GHQ) moet eers aan die Nasionale Werwingsoffisier en Algemene Hoofsekretaris vir keuring gestuur word.

2. Heffingsfooie betaalbaar sal bereken word teen 100% van die goedgekeurde Algemene HoofKwartier ramingskoers as die nuwe lid tussen Julie en Desember van die MOTH jaar ingelyf word teen 50% as die nuwe lid gedurende die periode van Januarie tot Junie ingelyf word (om gelees te word tesame met Klousule 10.5 - Ledegeld, van die Algemene Staande Orders).

3. Verifiëer altyd persoonlike interpretasies en opinies teen Klousule "B" van die Algemene Staande Orders.

4. MOTH Algemene Hoofkwartier sal van tyd tot tyd besluit watter verdere veldtogte sal by Klousule "B" gevoeg word.

3. MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER SPESIALE FONDS REËLS

AANHANGSEL "C1"

1. NAAM

Die naam van die fonds sal "MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds" wees, hierna verwys as "Die Fonds".

2. DOELSTELLINGS

2.1 Om die netto bates van die MOTH Strandvakansiehuise Trust, soos en wanneer die Trust ontbind, oor te neem.

2.2 Om die netto bates van MOTH Algemene Hoofkwartier Trustfonds oor te neem.

2.3 Om besit te neem van enige fondse voortspruitend uit die verkoop van onroerende eiendom ingevolge Klousules 12.3.1 en 12.3.2 van MOTH Algemene Staande Orders.

2.4 Om besit te neem van enige ander fondse, donasies of bates wat behoorlik aan die fonds toegewys kan word.

2.5 Om besit te neem van enige nalatenskap wat bedoel is vir gebruik in die algemene belang van die Orde.

2.6 Om as 'n middel te dien vir die belegging van die bates

van die Fonds en die verspreiding of behoud van die netto inkomste voortspruitend uit sodanige beleggings.

3. AANSTELLING VAN ADMINISTRATEURS

Die Administrateurs van die Fonds sal ses in getal wees, bestaande uit die Nasionale Voorsitter, Nasionale Ondervoorsitter (KZN), Nasionale Tesourier, Algemene Sekretaris en twee ander persone met geskikte kwalifikasies deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangestel. Die so aangestelde Administrateurs sal die mag hê om ‘n addisionele lid of lede te koöpteer met dien verstande dat hulle nie stemgeregtig is nie.

Elke Administrateur sal een stem hê en in die geval van ‘n gelykop stemming, sal die Voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook ‘n beslissende stem hê.

Die kworum vir ‘n vergadering is vier lede wat persoonlik teenwoordig is.

4. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN ADMINISTRATEURS

4.1 Om die doelstellings van die Fonds uit te voer.

4.2 Om bates van die Fonds te bekom, te belê en te verhandel.

4.3 Om die netto inkomste van die Fonds te versprei, te behou en her te belê.

4.4 Om ‘n Voorsitter, Tesourier en Sekretaris vir die Fonds aan te stel.

4.5 Om rekeninge by enige geregistreerde handelsbank, bouvereniging of Suid-Afrikaanse Staatsinstelling te open en te onderhou.

4.6 Om vergaderings as Administrateurs, soos wanneer nodig geag, te hou, met dien verstande dat enige Administrateur die Algemene Sekretaris skriftelik kan versoek om ‘n vergadering van Administrateurs te belê binne sewe dae na ontvangs van sodanige skriftelike versoek.

4.7 Om behoorlike rekords van die Fonds se sake en akkurate notules van al die Administrateursvergaderings te hou.

4.8 Om die veilige bewaring van alle bates onder sy sorg te verseker.

4.9 Om lenings aan Eenhede van die Orde te maak op sodanige voorwaardes, rentekoerse en terme van terugbetaling soos deur die Administrateurs bepaal mag word.

4.10 Om geld van Eenhede van die Orde te leen, soos en wanneer nodig geag, op sodanige voorwaardes,

rentekoerse en terme van terugbetaling soos deur die Administrateurs nodig geag mag word.

4.11 Om geld van ‘n geregistreerde handelsbank of finansiële instelling op die sekuriteit van sy onroerende eiendom, te leen.

5. BELEGGING VAN FONDSE

Die bates van die Fonds sal belê word in ooreenstemming met Klousule 11.1 van hierdie Algemene Staande Orders soos van tyd tot tyd gewysig.

Alle beleggings deur Eenhede gemaak, mag nie deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangewend word sonder die skriftelike goedkeuring van elke beleggingseenheid en mag slegs aangewend word om lenings te finansiëer vir goedgekeurde MOTH projekte.

6. AANWENDING, VERDELING EN RETENSIE VAN NETTO INKOMSTE

6.1 Die netto inkomste van die Fonds sal as volg aangewend word:

6.1.1 5% (vyf persent) daarvan sal in die nie-verdeelbare reserwe van die Fonds behou word om vir inflasie en

vir en herbelegging ingevolge Klousule 5 hiervan voorsiening te maak.

6.1.1 25% (vyf en twintig persent) daarvan sal aan Warriors Gate Onderhoudsfonds betaal word.

6.1.3 40% (veertig persent) daarvan sal aan MOTH Algemene Hoofkwartier betaal word as ‘n bydrae tot die administrasiekoste van die Orde.

6.1.4 30% (derig persent) daarvan sal beskikbaar gestel word vir Onderlinge Hulp, ander MOTH sake en vir die oprigting en onderhoud van behuising vir oudstryders en vroue en hulle oorlewende eggenote en toelaes aan MOTH Kothuisskemas soos goedgekeur deur Die Nasionale Dagbestuur.

Enige onverdeelde deel van hierdie subafdeling vanaf 30 Junie sal terugbetaal word aan die MOTH Algemene Hoofkwartier Spesiale Fonds en gekrediteer word in die nie-verdeelbare reserwe van die Fonds. Uitbetalings wat in Junie van elke jaar gemaak word, word geag as uit die inkomste van die vorige boekjaar te wees.

7. FINANSIËLE JAAR EN JAARLIKSE OUDIT

Die finansiële jaareinde van die Fonds sal saamval met die van die MOTH Algemene Hoofkwartier and sy sake sal deur ‘n ouditeur wat deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangestel is, geoudit word.

8. ONTBINDING VAN DIE FONDS

Die Fonds sal gelyktydig ontbind word met die implimentering van “Die Testament van die Orde” ingevolge Klousule 16 van die MOTH Algemene Staande Orders.

MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER (MESCA)
SPESIALE FONDS

REËLS

AANHANGSEL "C2"

1. NAAM

   Die naam van Die Fonds sal "MOTH ALGEMENE HOOFKWARTIER MESCA SPESIALE FONDS" wees hierna verwys as "Die Fonds".

2. Doelstellings

   2.1 Om die netto bates van "Warriors Trust" oor te neem.

   2.2 Om besit te neem van einige fondse verkry uit die ontbinding van entiteite wat vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge die Inkomstebalastingwet op onroerende eiendom.

   2.3 Om besit te neem van enige fondse verkry uit die verkope van onroerende eiendom deur Eenhede van MESCA gehou (ingevolge Klousules 12.3.1 en 12.3.2 van MOTH Algemene Staande Orders).

   2.4 Om besit te neem van enige ander fondse, donasies of bates wat behoorlik aan die Fonds toegeken kan word.

   2.5 Om besit te neem van enige erflating wat bedoel is vir die versorging van bejaardes.

   2.6 Om as 'n middel te dien vir die belegging van die bates van die Fonds en die verspreiding of behoud van die netto inkomste voortspruitend uit sodanige beleggings.

3. AANSTELLING VAN ADMINISTRATEURS

Die Administrateurs van die Fonds sal vyf in getal wees, bestaande

uit die Nasionale Voorsitter, Nasionale Ondervoorsitter (KZN),

Nasionale Tesourier, Algemene Sekretaris en die Voorsitter van die Eiendomsbestuurskomitee (PMC).

Die so aangestelde Administrateurs sal die mag hê om ‘n addisionele lid of lede te koöpteer met dien verstande dat hulle nie stemgeregtig is nie.

Elke Administrateur sal een stem hê en in die geval van ‘n gelykop stemming, sal die Nasionale Voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook ‘n beslissende stem hê.

4. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN ADMINISTRATEURS

4.1 Om die doelstellings van die Fonds uit te voer.

4.2 Om die bates van die Fonds te bekom, te belê en te verhandel.

4.3 Om die netto inkomste van die Fonds te versprei, te behou en her te belê.

4.4 Om ‘n Voorsitter, Tesourier en Sekretaris vir die Fonds aan te stel.

4.5 Om rekeninge by enige geregistreerde bandelsbank, bouvereniging of Suid-Afrikaanse Staatsinstelling te open en te onderhou.

4.6 Om vergaderings as Administrateurs, soos en wanneer nodig geag, te hou, met dien verstande dat enige Administrateur die Algemene Sekretaris skriftelik kan versoek om ‘n vergadering van Administrateurs te belê binne sewe dae na ontvangs van sodanige skriftelike versoek.

4.7 Om behoorlike rekords van die Fonds se sake en akkurate notules van al die Administrateursvergaderings te hou.

4.8 Om die veilige bewaring van al die bates van die Fonds te verseker.

4.9 Om sekûre lenings aan MESCA Eenhede van die Orde te maak op sodanige voorwaardes, rentekoerse en terme van terugbetaling soos deur die Administrateurs bepaal mag word.

4.10 Om geld van Eenhede van die Orde te leen, soos en wanneer nodig geag, op sodanige voorwaardes, rentekoerse en terme van terugbetaling soos deur die Administrateurs geag mag word.

4.11 Om geld van ‘n geregistreerde handelsbank of finansiëte instelling te leen teen die sekuriteit van onroerende eiendom.

5. BELEGGING VAN FONDSE

Die bates van die Fonds sal belê word in ooreenstemming met Pensioenfondswet.

6. AANWENDING, VERDELING EN RETENSIE VAN NETTO INKOMSTE

6.1 Die netto inkomste van die Fonds sal as volg hanteer word:

6.1.1 Aangewend word vir die bestuur van MESCA.

6.1.2 As skenkings aan Eenhede van MESCA.

6.1.3 Vir enige doel ter ondersteuning van MESCA.

6.2 Die kapitaal in trust gehou en die rente daaruit ontvang in die MESCA Spesiale Fonds mag alleenlik aangewend word vir MESCA Kothuisskemas. Die fondse so gehou sal nie onder die beheer van die Asdministrateurs val nie, maar onder die beheer van die MOTH Nasionale Dagbestuur.

Aansoeke vir boutoelaes en lenings moet gemaak word aan die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) op die Algemene Hoofkwartier aansoekvorm met die nodige motivering en ‘n minimum van twee kwotasies. Die PMC Sal ‘n aanbeveling aan die Nasionale

Dagbestuur maak wat finaal sal besluit. Skenkings sal twee keer per jaar in Februarie en Augustus gemaak word. Die

Nasionale Dagbetuur sal egter, na inagneming van die aanbeveling deur PMC gemaak, dringende aansoeke oorweeg soos dit ontvang word.

7. FINANSIËLE JAAR EN JAARLIKSE OUDIT

   Die finansiële jaareinde van die MOTH Algemene Hoofkwartier MESCA Spesiale Fonds is 30 Junie. Sy sake sal deur ‘n MOTH Algemene Hoofkwartier aangestelde ouditeur, ondersoek word.

8. ONTBINDING VAN DIE FONDS

   Die Fonds sal gelyktydig ontbind word met die implimentering van die “Testament van die Orde” ingevolge Klousule 16 van die MOTH Algemene Staande Orders.

4. DIE MOTH EMBLEEM

AAANHANGSEL “D”

Die MOTH embleem of enige deel daarvan is ‘n geregistreerde handelsmerk onder die Patente en Handelsmerk Wet. Die gebruik daarvan in die maak van artikels, of in die produksie van klere, sal deur die Nasionale Dagbestuur beheer word. Vir ander aanwendings sal ‘n Provinsiale Dugout gemagtig wees om die gebruik daarvan te beheer in soverre die kleur, grootte en die nodigheid wanneer die MOTH embleem vir vertoning of drukwerk aangewend sal word.

5. DRANKLISENSIES EN ANDER REGSVEREISTES BETREFFENDE SHELLHOLES EN EIENDOMME

AANHANGSEL “E”

1. Alle Shellholes en Eenhede van die Orde wat alkoholiese drank op hulle persele voorsien, hetsy dit besit of gehuur word, moet aansoek doen vir ‘n lisensie ingevolge die Drankwet. (Die huidige drankwet verskil van Provinsie tot Provinsie en elke Shellhole en Eenheid moet aansoek doen ingevolge die toepaslike wet en geografiese ligging).

   1.1 Die Shellhole Staande Orders moet die beheer van die kroeg/

taverne (“hole in the wall”) insluit en daar moet voorraadopnames op ‘n maandelikse basis gemaak word wat setifiseer word deur die Shellhole Old Bill of sy aangewese Dagbestuurslid. Voorraad moet aangekoop en op ‘n kontant basis deur die Shellhole boeke betaal word (nie langer as 30 dae nie), en nie van verkope gemaak in die kroeg of taverne nie. Alle kroegverkope minder as ‘n vooraf bepaalde kleinkas moet ten minste een keer ‘n maand in die Shellhole se rekening gedeponeer word. (Geen afsonderlike kroegrekening mag geopen word nie.)

1.2 Alle Eenhede moet vir BTW by die SA Inkomstediens registreer indien hulle jaarlikse omset die vasgestelde limiet van BTW oorskry. (Huidiglik R1 000 000 per jaar). Eenhde moet ook, indien van toepassing, vir die betaling van ander Regeringsheffings registreer soos werkloosheidsversekering en Streeksdiensheffings.

1.2.1 Bogenoemde is om te verseker dat alle Eenhede aan Regeringswetgewing van die land voldoen, ingeslote ander wetlike vereistes soos besoekersregisters, indien nodig, kennisgewingsborde wat rook in alle geboue verbied en dat geen persone jonger as 18 jaar met alkoholiese drank bedien mag word nie.

2. In sekere Eenhede is daar KLUBS wat in besit is van ‘n dranklisensie wat sy eie KONSTITUSIE en ‘n huurooreenkoms met die Eenheid het (wat goedgekeur is/goedgekeur was deur PMC en die Nasionale Dagbestuur). Geen verdere KLUBS sal toegelaat word om op MOTH persele gevestig te word nie, hetsy dit besit of gehuur word.

2.1 Die goedkeuring van sodanige huurkontrakte moet deur die Nasionale Dagbestuur via PMC gedoen word en die voorlegging daarvan moet die voorgestelde Klub Konstitusie of Konstitusie van ‘n bestaande Klub insluit.

2.2 Die Huurvoorwaardes moet die volgende insluit:

2.2.1 Die termyn van die huurooreenkoms en die maandelikse huurgelde betaalbaar moet aangedui word;

2.2.2 Dat enige wysigings aan die huurooreenkoms goedgekeur moet word deur ‘n Provinsiale Dugout, PMC en die Nasionale Dagbestuur;

2.2.3 Dat die prosedure wat gevolg sal word indien die Klub ontbind aangedui word;

2.2.4 Dat ‘n dranklisensie, indien nodig, uitgeneem moet word deur die bestaande Klub;

2.2.5 Dat afskrifte van die Klub se Konstitusie deur die Shellhole en die betrokke Provinsiale Dugout gehou sal word;

2.2.6 ‘n Voorwaarde van die huurooreenkoms sal wees dat die konstitusie van die bestaande Klub, en enige wysigings daaraan, goedgekeur sal word deur die Nasionale Dagbestuur en die huurkontrak word geag van geen krag of effek te wees nie, tensy sodanige grondwet of wysiging daarvan skriftelik goedgekeur is, en gesertifiseerde afskrifte aan die Klub en die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het, afgelewer is.

2.2.7 Dat die huurooreenkomste onomwonde moet bepaal dat skulde wat deur die klub aangegaan is as gevolg van handelsbedrywighede of soortgelyke aktiwiteite, die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Klub sal wees.

2.2.8 Dat skade aan roerende en onroerende eiendom deur lede van die Klub die verantwoordelikheid van die Klub sal wees;

2.2.9 Dat die huurooreenkoms ‘n aanhangsel moet bevat wat al die roerende bates lys wat in besit van die MOTH Eenheid is en/of deur die Klub gehuur word;

2.2.10 Dat byvoegings of vervangings van roerende bates, om watter redes ookal, die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Klub sal wees;

2.2.11 Dat, indien verkies, ‘n ooreenkoms vir die verkoop van

bates wat deur die Eenheid besit word, mag aangegaan word onderworpe aan die goedkeuring van die betrokke Provinsiale Dugout en die Nasionale Dagbestuur.

6. **AANSTELLING VAN ADMINISTRATEURS**

AANHANGSEL "F"

1. DEFINISIE

'n Administrateur is 'n Moth wat spesifiek deur 'n Eenheid van die Orde aangestel is om in 'n vertrouenshoedanigheid op te tree om te verseker dat lede van die Eenheid op 'n verantwoordelike wyse met integriteit optree en die belange van die Orde in gedagte hou met inagneming van die belegging van fondse, die verkryging en verkoop van eiendomme, soos uiteengesit in die MOTH Konstitusie, Algemene Staande Orders en Staande Operasionele Prosedures.

2. AANSTELLING

2.1 Een of meer Administrateurs, wat nie Dagbestuurslede van die Eenheid is nie, mag deur lede by 'n Eenheid se Algemene Jaarvergadering aangestel word om gesamentlik diens te verrig. Die bepalings en voorwaardes moet in 'n aanstellingsbrief uiteengesit word wat onder andere die volgende bepalings bevat:

Ampstermyn – aanstelling vir 'n periode langer as 'n MOTH jaar om kontinuïtiet binne die betrokke Eenheid te verseker,

Doel van aanstelling – pligte en verantwoordelikhede.

2.2 Die Moths aldus aangestel moet integritiet en toewyding hê in die nakoming van hulle ampspligte.

2.3 In die geval van 'n meningsverskil tussen die Administrateurs, moet die saak na die Dagbestuur van die Eenheid verwys word, of na die volgende senior Eenheid wie se beslissing finaal sal wees.

3. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

3.1 Om advies en leiding te gee wat nie teenstrydig met die MOTH Konstitusie, die Algemene Staande Orders en Staande Operasionele Prosedures is nie, en oor besluite wat deur die Eenheid se Dagbestuur geneem is.

3.2 Om te verseker dat alle wetlike vereistes rakende die implimentering van ‘n Eenheid se besluite gehandhaaf word.

3.3 Om te verseker dat trustfondse, of Eenheidsfondse behoorlik beheer en geadministreer word in ooreenstemming met die Algemene Staande Orders.

3.4 Om te verseker dat alle fondse vir beleggings gehou ingedien word by erkende finansiële instellings ingevolge die MOTH Algemene Staande Orders en Klousule 11.1.3.

3.5 Administrateurs, aldus aangestel, moet op die naamlys van daardie spesifieke Shellhole wees. In die geval van ‘n Distrik Dugout moet die Administrateurs lede van daardie Distrik Dugout wees, nie van ‘n ander Distrik of Provinsiale Dugout nie (Moedereenheid/Shellhole vernaamlik).

3.6 Om te verseker dat Eenhede hulle tekenregte, indien nodig, binne 30 dae na die Algemene Jaarvergadering by betrokke finansiële instellings, verander.

3.7 Om te verseker dat die Eenheid voldoen aan die vereistes van die SAID met die indiening van noodsaaklike opgawes. Waar nodig, sorg dat die name van die nuwe Dagbestuur van ‘n Eenheid, ten opsigte van die Eenheid se Inkomste Belastingverpligting, binne 21 dae, na hulle hulle ampte beklee het en ingelyf is, ingedien word.

7. SPESIALE REGULASIES VIR ‘N EENHEID

AANHANGSEL”G”

Alle Provinsies sal Algemene Staande Orders hê, wat reëls en regulasies met betrekking tot kleredrag en gedragskode, insluit.

‘n Eenheid mag spesiale reëls en regulasies, met betrekking tot sy

huishoudelike sake maak, wat nie teenstrydig is met die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders nie. Sodanige reëls en regulasies moet by ‘n algemene vergadering van die Eenheid voorgestel en aanvaar word deur ‘n gewone meerderheidstem en goedgekeur word deur die volgende senior Eenheid.

8. MOTH KOTHUISE EN EIENDOM

AANHANSEL”A”

PMC REËLS

Definisie van die Eiendomsbestuurskomitee:

Om ‘n Nasionale liggaam deur middel van ‘n subkomitee aan die Nasionale Dagbestuur te voorsien om die MOTH Kothuise te bestuur en te adviseer, Swaksorgsentrums en eiendomme insluitend MESCA. Die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) sal ‘n eenheid van die MOTH wees en as sulks aan die Nasionale Dagbestuur rapporteer.

1. NAAM

Die naam van die komitee sal die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) wees.

2. DOELSTELLINGS

2.1 Om ‘n bestuursfunksie aan die MOTH rakende hulle eiendomme, te bied.

2.2 Om te bestuur en te adviseer oor kothuisakkomodasie vir geskikte persone asook swakversorgingshulp waar moontlik.

2.3 Om kos, maaltye, klere, mediese en ander geriewe aan geskikte persone te versien indien moontlik.

2.4 Om belange van oorlogsveterane en hulle naasbestaandes te beskerm en te bevorder deur welsynsaktiwiteite van ‘n ouddienspligtige karakter.

3. BESTUUR

Die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) sal onder die leiding en beheer van die Nasionale Dagbestuur val. Die Voorsitter sal jaarliks deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangestel word en sal bymagte wees om ander persone van tyd tot tyd te koöpteer om op die komitee te dien, onderhewig aan die goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur.

4. SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

4.1 Die Voorsitter van die PMC word jaarliks by die MOTH Algemene Jaarvergadering deur MOTH Algemene Hoofkwartier aangestel met magte om jaarliks te koöpteer.

4.2 ‘n Sekretaris en Tesourier sal deur die PMC Voorsitter aangestel word.

4.2.1 Aanstelling van ‘n Sekretaris vir die MOTH Algemene Administratiewe Kantoor.

4.2.2 ‘n Ondervoorsitter, plaaslike Sekretaris en Penningmeester mag deur die Voorsitter aangestel word.

4.3 Die Voorsitter sal bymagte wees om ‘n verdere vier lede op die

komitee te koöpteer op grond van hulle kundigheid in eiendom, behuising en verwante gebiede.

4.4 Indien die PMC dit noodsaaklik ag om meer addisionele lede vir spesiale vereistes van tyd tot tyd aan te stel, mag ‘n verdere twee lede goedgekeur word vir subkomitee doeleindes.

4.5 Provinsiale Eiendomsbestuurskomitees moet waar nodig gevestig word. Dit word egter aanbeveel dat alle Provinsiale Dugouts ‘n Eiendomskakeloffisier aanstel om die vloei van en konsolidasie van informasie en opgawes van Eenhede aan PMC te vergemaklik.

5. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

5.1 Om die doelstellings en reëls van die komitees na te kom.

5.2 Om die voorgeskrewe voorskrifte van MOTH Algemene Hoofkwartier te implementeer asook die van MOTH Nasionale Dagbestuur.

5.3 Om ten minste twee keer jaarliks komiteevergaderings, en ook wanneer die Nasionale Dagbestuur dit so versoek, te hou.

5.4 Om behoorlik rekord van die Komitee se sake en akkurate notules van al die vergaderings te hou.

5.5 Om aansoeke van Eenheidskomitees rakende eiendomsprojekte via die voorgeskrewe kommunikasiekanale, te oorweeg en aanbevelings by die MOTH Nasionale Dagbestuur in te dien wat nie gebonde is om enige aanbevelings te aanvaar nie.

5.6 Om met enige Eenheidskomitee te raadpleeg met betrekking tot enige onroerende eiendomstransakie insluitende kapitaal of onderhoudsuitgawes meer as die bedrag soos in Klousule 12.2.2 van die ASO's bepaal en om te beraadslaag oor die wenslikheid of 'n onroerende eiendom onderverdeel, verkoop of verder ontwikkel moet word.

5.7 Hierdie reëls is onderhewig aan die Konstitusie en Algemene Staande Orders van die MOTH.

8. TAKKOMITEES
(Kothuiskomitees, ingeslote MESCA en ander Kothuisskemas)

6.1 Takkomitees, verkieslik betaande uit 'n minimum van vyf lede 'n maksimum van nege lede, bymagte om subkomitees vir spesifieke take te koöpteer, moet vir alle MOTH Kothuisskemas gevestig word met magte en regte soos gedefiniëer deur die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) en MESCA Takkonstitusies wat moet verseker dat hulle pligte en verantwoordelikhede daarvolgens uitgevoer word. Die lede daarvan behoort van Shellholes in die nabye omgewing van die skema te wees om onnodige uitgawes uit die sak te voorkom.

6.2 Elke tak moet ‘n jaarlikse begroting indien, ‘n kwartaallikse inkomste en uitgawe staat en jaarlikse geouditeerde state. Die jaarlikse oudit vir alle Kothuiseenhede moet geregistreerde of afgetrede ouditeur gedoen word voorberei ingevolge Algemene Aanvaarde Rekenkundige Praktyk (GAAP) (verwys na Klousule 2.6.2..1 en 11.8.1 van die Algemene Staande Orders). Die jaarlikse finansiële state moet vergesel wees met ‘n skedule wat die samestelling van die Takkomitees, met datums van geboorte, adresse en kontak telefoonnommers insluit.

6.3 Aaansoeke vir toekomstige eiendomsverwante projekte moet betyds by die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) vir oorweging ingedien word vir voortsending na die Nasionale Dagbestuur.

6.4 Voordat ‘n koopsooreenkoms deur ‘n Tak vir verkoop van onroerende eiendom geïmplimenteer kan word, moet die aanbod na die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) verwys word.

6.5 Na aanvaarding deur die Komitee (PMC) om die onroerende eiendom te verkoop, moet sodanige aanbod ingedien word by die Nasionale Dagbestuur wat nie gebonde is om aanbevelings te aanvaar nie.

6.6 ‘n Inwoner van ‘n MOTH Kothuisskema of MESCA skema mag nie ‘n lid van daardie Eenheid-/Takbestuurskomitee wees nie, met uitsondering van die Voorsitter van die Inwonersskakelkomitee, tensy skriftelik goedgekeur deur die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het.

Enersyds, sou daar meer as een Shellhole of Distrik in ‘n geografiese gebied geleë wees, moet die Skema/Takbestuurskomitee, wanneer moontlik, bestaan uit gelyke verteenwoordiging van lede van verskillende Shellholes in die gebied, tensy skriftelik goedgekeur deur die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het dat hulle anders mag doen.

7. PROVINSIALE EN DISTRIKSKAKELOFFISIERE

Provinsiale en Distrik Dugouts moet ‘n Skakeloffisier aanstel om alle eiendomsverwante sake te koördineer insluitend MOTH en MESCA kothuise, Shellhole en Gedenksentrums. Hierdie offisiere moet die

maandelikse vergaderings van die Distrik Dagbestuur asook hulle maandelikse vergaderings bywoon om spoedige aandag te gee aan eiendomsverwante sake binne hulle jurisdiksie. (Hierdie lid mag ‘n lid van die respektiewe Dugout wees).

8. KOMMUNIKASIELYNE

Hierdie sal wees:

8.1 Alle Eenhede d.i. Shellholes, Kothuisskemas, MESCA takke en Gedenksentrums na Distrik Dugouts.

8.2 Distrik Dugout na Provinsiale Dugout.

8.3 Provinsiale Dugout na Eiendomsbestuurskomitee.

8.4 Eiendomsbestuurskomitee na Nasionale Dagbestuur.

9. RIGLYNE VIR BESTUURSKOMITEES

Riglyne vir Bestuurskomitees van MOTH Kothuisskemas, insluitend MESCA, is in die Staande Operasionele Prosedures (SOP’s) ingesluit vir kothuise, Shellholes, Gedenksentrums en ander MOTH eiendomme en moet die riglyne volg soos deur die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders nergelê.

10. LEWENSREGTE KOTHUISE

Toestemming om Lewensregte Kothuise in ‘n Kothuisskema te bou, moet eerstens verkry word van die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) en uiteindelik van die Nasionale Dasgbestuur. Die verhuring van lewensregte kothuise mag slegs onderneem word na voltooiing van ‘n standaard langtermyn huurooreenkoms voorsien deur die Eiendomsbestuurskomitee (PMC) wat gewysig kan word om plaaslike voorwaardes te pas met die goedkeuring van die Nasionale Dagbestuur.

NB Die voorbeeld van ‘n lewensregte en gewone huurooreenkoms sal ingesluit word in die Staande Operasionele Prosedures vir Kothuise.

9. ONREËLMATIGHEDE BINNE ‘N EENHEID VAN DIE ORDE

AANHANGSEL “I”

9.1 ONREËLMATIGHEDE BINNE ‘N EENHEID VAN DIE ORDE

Indien enige ongeruimdheid in ‘n Eenheid ontdek word, sal die Eenheid betrokke bymagte wees om navraag te doen of om sodanige ongeruimdheid te ondersoek en moet binne ‘n redelike periode, maar nie langer as vyf (5) dae, die saak, indien onopgelos, aan die Distrik en Provinsie wat jurisdiksie het, rapporteer.

Indien die saak nie binne veertien (14) dae opgelos is nie, moet dit aan die Inspeksiekomitee van die Nasionale Dagbestuur gerapporteer word via die kommunikasielyne.

Die Inspeksiekomitee sal binne ‘n periode van sewe (7) dae, gelyktydig riglyne verskaf wat deur die Provinsie, Distrik en Eenheid betrokke gevolg moet word in ‘n poging om hierdie Eenhede by te staan om die saak te beredder**.**

Indien die saak nie binne ‘n maand opgelos is nie, moet ‘n verslag deur die Eenheid aan die Distrik, Provinsie wat jurisdiksie het, en die Inspeksiekomitee ingedien word. Die verslag moet pro-aktiewe optrede voorstel wat oorweeg moet word om die saak op te los.

Maandelikse verslae moet, soos bo, ingedien word tot die saak afgehandel is.

Waar daar gronde vir vermoede of aanduidings dat diefstal of bedrog plaasgevind het, moet die betrokke Eenheid die saak by die polisie rapporteer. ‘n Saaknommer moet van die betrokke polisieondersoekeenheid verkry word en aan die Distrik en die Povinsiale Dugouts wat jurisdiksie het, gestuur word.

Dit is noodsaaklik dat siviele regsoptrede oorweeg word as ‘n manier om bates van die Eenheid te verhaal, hoe gering ookal, en gebaseer op die Eenheid se aanbeveling, tesame met die siening van die Distrik en Provinsie wat jurisdiksie het, sodanige

aksie goedgekeur sal word deur die Inspeksiekomitee van die Nasionale Dagbestuur. Aanbevelings en sienings in verband met bogenoemde moet by die oorspronklike verslag ingesluit word.

In die geval van finansiële en ander ondersoeke wat mag voorkom, met die oog op die oplossing van sake en die verhaling van bates van die Orde so gou moontlik, is die Inspeksiekomitee bymagte om advies te verskaf, hetsy mondelings of skriftelik en mag, na eie goeddunke, terrienbesoeke onderneem asook om vergaderings met die betrokkenes te reël, ten einde die siviele en regsstappe wat geneem moet word, te formuleer.

9.2 ONREËLMATIGHEDE BUITE 'N EENHEID VAN DIE ORDE

Waar enige onreëlmatigheid gevind word, moet die betrokke Eenheid wat die onreëlmatigheid ontdek het, die Algemene Sekretaris onverwyld in kennis stel, met afskrifte aan Eenhede wat jurisdiksie het.

Indien lede van die Nasionale Dagbestuur so betrokke is, dat dit die aanstelling van 'n Inspeksiekomitee regverdig, sal daardie aanstelling dan deur Algemene Hoofkwartier bestuur word. Die Algemene Hoofsekretaris sal Algemene Hoofkwartier verwittig.

Die langsdienende Provinsiale Old Bill (in tye van nood), sal outomaties die taak en verantwoordelikheid as voorsitter van die verrigtinge opneem, wie se uitsluitlike doel dit is om demokraties 'n Inspeksiekomitee aan te stel. Sodra die Inspeksiekomitee aangestel is, is die bogenoemde verantwoordelikheid van die langsdienende Old Bill nie meer nodig nie.

Sodra die Komitee gevorm is, sal daardie komitee dan onderling, 'n bestuurstruktuur aanstel, d.i. Voorsitter, ens. Die aantal persone op die komitee moet 'n onewe getal wees om gelykheid van stemme te verhoed.

In alle gevalle waar die Inspeksiekomitee betrokke is, moet afskrifte van alle korrespondensie na die Algemene

Hoofsekretaris gestuur word om een sentrale administratiewe bewaarplek te hê. Maandelikse verslae moet tydig ingedien word by die Algemene Sekretaris totdat die saak afgehandel is.

Waar daar gronde vir vermoede of aanduidings dat diefstal of bedrog gepleeg is, sal die Inspeksiekomitee bymagte wees om die Eenheid wat jurisdiksie het, te kontak, wat die saak by die polisie moet rapporteer. ’n Saaknommer moet van die betrokke polisie ondersoekeenheid verkry word en aan die Algemene Hoofsekretaris gestuur word.

Dit is noodsaaklik dat siviele regsoptrede oorweeg word deur die Inspeksiekomitee as ‘n manier om enige bates te verhaal, hoe gering ookal, asook gebaseer op die Inspeksiekomitee se aanbevelings, tesame met die sienings van Algemene Hoofkwartier. Aanbevelings en sienings in verband met bogenoemde, moet by die oorspronklike verslag ingesluit word.

In die geval van finansiële en ander ondersoeke wat mag voorkom, met die oog op die oplossing van sake, en die verhaling van bates van die Orde so gou moontlik, is die Inspeksiekomitee bymagte om advies te verskaf, hetsy skriftelik of mondelings en mag, na eie goeddunke, terreinbesoeke onderneem asook om vergaderings met die betrokkenes te reël, ten einde die siviele en regstappe wat geneem moet word, te formuleer.

Die behoorlike gekonstitueerde en aangestelde Inspeksiekomitee sal bymagte wees om direk met enige Moth op enige vlak te kommunikeer met dien verstande dat hierdie kommunikasie gekoördineer is deur ‘n aangestelde Komitee voorsittende persoon. Hierdie kommunikasie hoef nie noodwendig ingevolge die “Kommunikasielyne” te wees nie sou dit beskou word as van ‘n sensitiewe of sub judice aard.

Die bevoegdhede wat in die Inspeksiekomitee gesetel is, sal skorsing, en indien nodig, uitsetting insluit.

Indien daar lede van die Nasionale Dagbestuur by die ondersoek betrokke is, in welke rol ookal, sou die behoefte

ontstaan dat ‘n appèl ingedien word onder 1.4 van hierdie Algemene Staande Orders, moet die Appèlraad bestaan uit daardie onbetrokke lede van die Nasionale Dagbestuur. Sou al die lede van die Nasionale Dagbestuur betrokke of geïmpliseer wees, sal die Appèlraad uit die Provinsiale Old Bills bestaan, aangestel deur die Inspeksiekomitee en sal nie minder as drie lede wees nie. Die bekragtiging van die Appèlkomitee sal finaal wees.

10. **DISSIPLINÊRE PROSEDURES**

AANHANGSEL “J”

DEFINISIES VAN DISSIPLINÊRE EN INSPEKSIEKOMTEESTRUKTURE

1. **INSPEKSIEKOMITEE**

‘n Inspeksiekomitee is ‘n ad-hoc Komitee deur MOTH Algemene Hoofkwartier, sien AANHANGSEL “I”, Paragraaf 9.1 en 9.2, of die Volle Nasionale Dagbestuur, aangestel, bestaande uit lede van die Nasionale Dagbestuur en/of lede van ‘n Provinsiale Dugout Dagbestuur of enige ander geskikte presterende Moths deur die Volle Nasionale Dagbestuur gekies, met ‘n spesifieke mandaat: hierdie mandaat is om alle omstandighede te ondersoek, insameling van besonderhede met betrekking tot ‘n oortreding van die MOTH Konstitusie en Algemene Staande Orders deur ‘n Moth of aantal Moths. Die besluit om ‘n Inspeksiekomitee te stig, berus by die Volle

Nasionale Dagbestuur, in reaksie op goeie advies en aanbevelings of versoeke ontvang van ‘n Distrik of Provinsiale Dugout, deur die normale kommunikasielyne na die Provinsiale Dugout, wat jurisdiksie het en die versoek moet oorweeg.

Sodanige Komitee sal normaalweg gestig word as gevolg van inligting wat ontvang is, wat optrede teen ‘n lid of lede van die Orde, regverdig, en sal getaak word om verslag met relevante besonderhede aan die Volle Nasionale Dagbetuur, te lewer. Omstandighede sal egter van tyd tot tyd ontstaan waar dit nodig sal wees om ‘n Inspeksiekomitee te stig, met die mandaat om te

ONDERSOEK of daar inwerklikheid ‘n oortreding van die Regulasies PLAASGEVIND het. Die indiening van sodanige verslag aan die Volle Nasionale Dagbestuur kan dan gevolglik tot Dissiplinêre Optrede lei.

Daar moet op gelet word dat die Magte van Skorsing by die Provinsiale Dugout wat jurisdiksie het, berus, (asook by die Volle Nasionale Dagbestuur waar ‘n Provinsiale Dugout of individuele lede daarvan aangekla word van die oortreding van die Algemene Staande Orders). Weereens, moet die beklemtoon word, dat, ingevolge Klousule 1.4 en Subklousules, mag Skorsing alleenlik deur

die Volle Nasionale Dagbestuur opgehef word, na ‘n behoorlike proses ingevolge die Algemene Staande Orders gevolg is.

2. DISSIPLINÊRE KOMITEE

‘n Dissiplinêre Komitee is ‘n ad hoc komitee, gestig om ‘n formele Dissiplinê VERHOOR te hou. Sodanige Komitee mag uit lede van ‘n Provinsiale Dadbestuur, of die Volle Nasionale Dagbestuur of enige ander geskikte presterende Moth, soos nodig, bestaan.

Die mandaat van sodanige Komitee is om ‘n Moth of Moths aan te sê vir verskyning, wat beskuldig word van oortredings van die Algemene Staande Orders. Kennis moet geneem word, waar wangedrag ingevolge die Algemene Staande Orders binne ‘n Shellhole Distrik plaasvind, moet die saak ingevolge die normale kommunikasielyne na die Provinsiale Dugout vir toepaslike aksie, verwys word. Dit sal dan van die Provinsiale Dugout verwag word om ‘n Dissiplinêre Komitee aan te stel, en dan voort te gaan

ingevolge die Algemene Staande Orders, met ‘n formele dissiplinêre verhoor. Sien magte van ‘n Provinsiale Dugout om skorsing op te lê ingevolge die Algemene Staande Orders.

VERDUIDELIKING

Die MOTH is ‘n Vrywillige Organisaie wat kragtens ‘n Konstitusie en Algemene Staande Orders werk. Hierdie bepalings word op vrywillige basis onderneem en nagekom deur al die lede van die Orde by inlywing in die Orde.

Aangesien die MOTH ‘n Vrywillige Organisasie is, is die algemene bepalings van die Suid-Afrikaanse Arbeidswet, en die Basiese Diensvoorwaardeswet, nie van toepassing nie. Kennis moet egter geneem word dat ‘n aantal persone formeel in diens van die MOTH is, en onder hierdie omstandighede, sal die Wetgewing, hierbo verwys, van toepassing op hulle alleenlik wees. Alle Eenhede word gewaarsku om advies van die MOTH kantoor in te win ALVORENS enige formele of informele Indiensnemingsooreenkoms met enige persone aangegaan word, of bekom advies om optrede teen werkers op te neem indien nodig.

3. **APPÉLKOMITEE**

Ingevolge die Algemene Staande Orders, Klousule 1.4 en Subklousules, het die Nasionale Dagbestuur die mandaat om alle behoorlike en betydse ingediende appélle teen skorsing en uitsetting te verhoor en te oorweeg. Enige, en alle appélle, moet vergesel wees van dokumentêre bewys (en ondersteun deur beskikbare getuienis waar van toepassing), met die belangrikste redes vir die indiening van ‘n appél. Spesiale aandag moet gegee word aan die relevante paragrawe in die Algemene Staande Orders, verwys Klousule 1.4 en Subklousules. Die besluit van die Volle Nasionale Dagbestuur is finaal.

4. **REGSTELLENDE MAATREËLS OP SHELLHOLE EN/OF DISTRIK VLAK**

Vir geringe oortredings/wangedrag, kan die betrokke Moths ingeroep word om voor die Shellhole of Distrik Dugout Dagbestuur te verskyn, waar die probleme opgelos kan word en indien nodig, ‘n vermaningsbrief, onderhewig aan omstandighede, aan die oortredende Moth bedien kan word.

NB Indien die wangedrag ernstig is, moet dit na die Provinsiale Dugout verwys word vir toepaslike dissiplinêre optrede.

DISSIPLINÊRE OPTREDES

1. **BEGINSELS**

Hierdie prosedures is gebaseer op die volgende beginsels:

(a) Dissipline is ‘n regstellende en nie ‘n strafproses nie.

(b) Dissiplinêre prosedures moet vinnig, billik en konsekwent toegepas word

(c) Dissipline word as ‘n Dagbestuursfunksie uitgeoefen.

(d) Billike behandeling van alle Moths word verseker dat hulle:

(i) ‘n Regverdige en onpartydige Dissiplinêre verhoor by ‘n Provinsiale Dugout, Nasionale Dagbestuur of Algemene Hoofkwartier Komitee vlak, soos benodig, sal kry.

(ii) Betyds ingelig word oor bewerings van wangedrag teen hulle.

(iii) Geskrewe verduidelikings van enige besluite geneem, ontvang.

(iv) Die reg tot appél sal hê teen enige bewerings en/of enige besluite deur ‘n Dissiplinê Komitee geneem. Sien Algemene Staande Orders, Paragraaf 1.4 et sec, 1.4.2.1 tot 1.4.2.4 en Aanhangsel “J”.

(e) Dissiplinêre prosedures sal steeds ingestel word ondanks die feit dat die aard van wangedrag ‘n kriminele oortreding kan uitmaak.

2. AARD VAN WANGEDRAG

‘n Moth sal skuldig aan wangedrag wees as hy, onder andere:

(a) Versuim om die Konstitusie en Algemene Staande Orders, soos uitgereik deur die MOTH Algemene Hoofkwartier, na te kom en daaraan te voldoen, of enige Provinsiale Dugout, Distrik Dugout of Eenheid Staande Orders soos goedgekeur deur MOTH Akgemene Hoofkwartier.

(b) Die finansies van die MOTH opsetlik of nalatig bestuur.

(c) Enige eiendom van die MOTH sonder toestemming besit of gebruik.

(d) Opsetlik of nalatig MOTH eiendom beskadig en/of verliese daarvan veroorsaak.

(e) Benadeel die administrasie, dissipline of gedrag van ‘n Eenheid van die Orde.

(f) Sy posisie in die MOTH, of administratief, of vir sy persoonlike finansiële gewin, gebruik of misbruik.

(g) Terwyl in MOTH drag geklee, amptelike pligte onder die invloed van alkohol of dwelms, uitvoer of verrig.

(h) Terwyl in MOTH drag geklee, homself op ‘n onbehoorlike, skandelike of oneerbiedige wyse gedra, wat waarskynlik die goeie naam van die Orde sal benadeel.

(i) Enige voorgeskrewe gedragskode van die MOTH op hom van toepassing, ingeslote die dragkode, oortree

(j) Ander lede aanmoedig tot onregmatige optrede of optrede in stryd met aanvaarbare MOTH gedragstandaarde.

(k) ‘n Bewustelike vals verklaring of getuienis tydens die uitvoering van sy MOTH verpligtinge, lewer.

(l) Enige oortreding in stryd met enige statutêre of gemeneregwet van die Republiek van Suid-Afrika, begaan.

In die toepassing van bogenoemde, is dit noodsaaklik om die erns van die wangedrag te bepaal deur die volgende te oorweeg:

(a) Die werklike of moontlike impak wat die wangedrag op die goeie werk en naam van die werk van die MOTH het.

(b) Die amp beklee in die Orde, die aangewese pligte, indien enige van die vermeende oortreder.

(c) Die omstandighede waaronder die beweerde wangedrag

plaasgevind het.

3. **MINDER ERNSTIGE WANGEDRAG**

Indien die wangedrag minder ernstig is, mag die dissiplinerende Eenheid enige van die volgende prosesse aanwend soos toepaslik geag:

(a) KORREKTIEWE BERADING

Waar die aard van die wangedrag berading regverdig, behoort die dissiplinerende Eenheid:

(i) ‘n Onderhoud met die lid voer en die wangedrag onder sy aandag bring.

(ii) Die redes vir die wangedrag vasstel en die lid die geleentheid gee om daarop te antwoord.

(iii) Streef om ‘n ooreenkoms te vind hoe om die wangedrag reg te stel en om toepaslike stappe te neem om die ooreengekome plan van aksie te implimenteer.

(b) MONDELINGE WAARSKUWING

(i) Die stappe soos hierbo vir korrektiewe berading volg waar die lid die wangedrag erken of beaam. ‘n Toepaslike mondelinge waarskuwing mag gegee word, met die waarskuwing dat indien daar ‘n herhaling van die wangedrag is, ernstiger optrede geneem kan word.

Dit moet in notules aangeteken word vir rekorddoeleindes.

4. **SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

In gevalle waar die aard van die wangedrag ’n skriftelike waarskuwing regverdig, mag die Dissiplnêre Komitee:

(a) Die wangedrag onder die aandag van die lid bring en hom inlig dat die aard van die wangedrag ‘n skriftelike waarskuwing regverdig.

(b) Die lid toelaat om op die aantygings te reageer.

(c) Indien die lid die wangedrag erken, reik ‘n skriftelike waarskuwing uit en lig die lid in dat ‘n herhaling van die wangedrag tot ernstiger optrede kan lei. Die skriftelike waarskuwingskennisgewing word aan die lid gegee teen handtekening en ‘n afskrif vir rekorddoeleindes moet deur die dissiplinerende Eenheid gehou word. Sodanige skriftelike waarskuwings is van krag vir ‘n periode van ses (6) maande, waarna dit verval en tot niet gaan.

(d) Indien die lid die aantygings ontken, beveel aan en stel ‘n Inspeksiekomitee in ingevolge die Algemene Staande Orders, Aanhangsel “J”.

5. ERNSTIGE WANGEDRAG

Waar ‘n dissiplinerende Eenheid tevrede is dat die beweerde wangedrag van so ‘n ernstige aard is dat dit die hou van ‘n dissiplinêre verhoor regverdig, moet enige ondersoek na die beweerde wangedrag so spoedig moontlik gehou word. Die proses sal die instelling van ‘n Inspeksiekomitee, ingevolge die Algemene Staande Orders, Aanhangsels “I” en “J”, beteken. Na die verslag van die Inspeksiekomitee, en waar die inhoud van die verslag dit regverdig, moet ‘n Dissiplinêre Komitee ingestel word en toepaslike prosesse gevolg word, sien Algemene Staande Orders, Paragraaf 1.4; Subklousules 1.4.2.1 tot 1.4.2.4. Sien ook Aanhangsel “J”.

6. SKORSING

‘n Lid, of ‘n Eenheid, mag geskors word as deel van ‘n dissiplinêre proses, geïnisieer deur ‘n gemagtigde Gesag, synde Algemene Hoofkwartier, die Nasionale Dagbestuur of ‘n Provinsiale Dugout. Skorsing is die eerste stap in die dissiplinêre proses, wat die vestiging van ‘n Dissiplinêre Komitee vereis, wie se funksie dit is om ‘n verhoor te hou binne die bepaalde tyd ingevolge die Algemene Staande Orders. ‘n Formele klagstaat moet die kennisgewing van skorsing aan die lid/Eenheid na bewering betrokke in wangedrag vergesel. Sien 1.4, et sec, soos hierbo.

* Neem kennis dat skorsing vir ‘n bepaalde periode ook ‘n moontlike

maatreël is wat deur ‘n Dissiplinêre Verhoorkomitee ingestel kan word.

7. BESTUUR VAN ‘N DISSIPLINÊRE VERHOOR

(1) Die Dissiplinerende Gesag mag ‘n presterende Moth aanstel as Voorsitter van die dissiplinêre verhoor.

(2) Die betrokke lid/Eenheid mag ‘n verteenwoordiger/assistent hê, wat ‘n presterende Moth is wat nie ‘n regsgeleerde is nie, om hom tydens die verhoor te vergesel. Skriftelike getuienis moet, waar vantoepassing, ingedien word en getuies mag geroep word.

(3) Die Voorsitter moet verseker dat ‘n rekord van die verrigtinge van die verhoor gehou word.

(4) Die woordvoerder wat die wangedrag beweer, sal getuienis van die wangedrag lewer wat aanleiding tot die verhoor gegee het. Die lid/Eenheid mag enige van die getuies wat die beweerde wangedrag ondersteun, ondervra.

(5) Die lid/Eenheid mag eie getuienis lewer ter verdediging/ versagting: die Voorsitter mag enige party ondervra ter verduideliking op enige toepaslike punt.

(6) Die Voorsitter mag op eie besluit, of op versoek van albei/enige party, enige persoon vra om getuienis te lewer met betrekking tot die wangedrag.

(7) Indien die Dissiplinêre Komitee, die bewerings na behoorlike bespreking bevestig, moet die lid/Eenheid van die besluit ingelig word. Geleentheid moet dan aan die lid/Eenheid gegee word om motiverings aan te bied ter ondersteuning van versagting van moontlike maatreëls.

(8) Daarna moet die Voorsitter die lid/Eenheid oor die bevinding van die Komitee, en die redes daarvoor, inlig

(9) Na behoorlike bespreking, moet die Voorsitter enige/die maatreël aankondig van die bevinding van Komitee, wat binne vyf (5) dae

toegepas moet word en die lid/Eenheid skriktelik teen handskrif van ontvangs, daarvan verwittig.

(10) Die bevindings en uitslae van die Dissiplinêre Verhoor moet binne vyf (5) dae van die besluit na die Nasionale Dagbestuur gekommunikeer word.

* Kennis moet geneem word, dat die opsie van appél teen die bevindinge van die Komitee, ingedien kan word by die Nasionale Dagbestuur ingevolge Algemene Staande Orders en Aanhangsel "J".

8. **MAATREËLS**

(1) Enige van die volgende maatreëls kan opgelê word:

(a) Berading.
(b) Skriftelike waarskuwing.
(c) Skorsing vir 'n bepaalde periode, nie langer as 12 maande nie.
(d) Verbod op lidmaatskap van MOTH Dagbetuurstrukture en/of Owerhede.
(e) Enige kombinasie van bogenoemde.
(f) Uitsetting uit die Orde.

11. **BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING (POPI)**

AANHANGSEL "K"

Die MOTH sal alle persoonlike informasie wat deur sy huidige en vorige

lidmaatskap verskaf is, as konfidensiëel hou. Hierdie informasie mag alleenlik gebruik word vir opsporing en beweging van lede en die voorsiening van slegs statistiese informasie t.o.v. lidmaatskap. Die lidmaatskapsdatabasis mag nooit verkoop word of aan enige militêre veterane organisasies gegee word nie, of aan enige nie-militêre entiteite, om watter rede ookal.

Die verskeie Operateurs wat die MOTH Lidmaatskapsdatabasis opdateer, of enige MOTH lede wat persoonlike informasie van lede of moontlike nuwe lede bekom, en/of het toegang tot die MOTH

Lidmaatskapsdatabasis, sal hierdie persoonlike informasie te alle tye veilig bewaar terwyl dit in hulle besit is. Op geen enkele tydstip sal enige persoonlike inligting van hierdie databasis versprei word, of aan enige persoon beskikbaar gestel word nie. Enige navrae m.b.t. persoonlike informasie moet deurgestuur word aan die MOTH Informasieoffisier.

Die Moth Lidmaatskapsbasis sal beveilig wees met beheerde toegang wat beskerm sal word deur gebruiker ID en wagwoord uitsluitlik. Persoonlike informasie sluit in, maar is nie beperk tot naam, van, ID-nommer, telefoon en kontaknommers, e-posadres, fisiese en/of posadresse.

Die MOTH Informasieoffisier moet:

1. Verseker dat slegs geldige Operateurs toegang tot die MOTH Lidmaatskapsdatabasis het.

2. Verseker dat die MOTH Lidmaatskapdatabasis beveilig is.

3. Verseker dat, 5 jaar na ‘n lid se lidmaatskapstatus verander van aktief tot onaktief, die informasie nie langer sigbaar is aan Databasisoperateurs om watter rede ookal.

4. Verseker dat al die Operateurs die vereiste verklaring rakende die voldoening aan die Beskerming van Persoonlike Informasie binne die MOTH teken.